# SKRIFGEFUNDEERDE ONDERRIG VAN EKONOMIE EN BEDRYFSEKONOMIE AAN SEKONDÊRE SKOLE

deur

OKKER JONATAN JORDAAN

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS
in die
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
vir
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. B.C. SCHUTTE

HULPSTUDIELEIER: PROF. W.J. VENTER

POTCHEFSTROOM JANUARIE 1976

## DANKBETUIGING

Hiermee my dank en waardering aan:

Prof. B.C. Schutte vir sy intense belangstelling en motivering asook sy besielende leiding dwarsdeur die studietydperk. Hy is 'n vriend wat altyd bereid was om te help en wenke te gee. Ook aan sy vrou vir haar belangstelling my innige dank.

Prof. W.J. Venter wat altyd gepoog het om die werk se handelswetenskaplike inhoud se standaard hoog te hou. Baie dankie vir tydige en ontydige kere wat u tyd en kennis beskikbaar gestel het.

Mev. Ansie Botha, vir die tikwerk.

Mnr. Piet Meyer, vir die taalkundige versorging.

Mnr. C.H.J. Visser, my hoof, wat voortdurend belanggestel en positief opgetree het.

My vrou en drie seuns wat baie moes opoffer, en nogtans aanmoedigend en belangstellend opgetree het.

Die hoogste lof en dank aan my God wat my die gesondheid en krag gegee het vir die werk.

KLERKSDORP — Okker J. Jordaan

Januarie 1976

Hiermee getuig ek dat hierdie
my eie, oorspronklike werk is.

OKKER J. JORDAAN

INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| HOOFSTUK 1 - PROBLEEMSTELLING EN TAAKINRIGTING | 1 1-12 |
| 1. PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND | 1 |
| 1.1 Agtergrond | 1 |
| 1.2 Die opvoedingstaak | 2 |
| 1.2.1 Gesien deur die onderwysdepartement | 2 |
| 1.2.2 Gesien deur die Onderwysersvereniging | 3 |
| 1.3 Waarom word onderwys gegee? | 5 |
| 1.4 Die wese en doel van die opvoeding | 6 |
| 1.5 Indoktrinasie? | 7 |
| 1.6 Finale probleemstelling | 8 |
| 2. TAAKINRIGTING | 9 |
| 2.1 Besinning oor mens- en wetenskapbeskouing | 9 |
| 2.2 Die wetenskaplike korrektheid van Skrifgefundeerde onderrig | 9 |
| 2.3 Christelike handelswetenskappe | 10 |
| 2.4 Skrifgefundeerde onderrig van handelswetenskappe | 10 |
| 3. MOTIVERING VIR VAKKEUSE | 10 |
| 4. SAMEVATTING | 11 |
| HOOFSTUK 2 - MENS- EN WETENSKAPSBESKOUING | 13-52 |
| 1. MENSBESKOUING | 13 |
| 2. WETENSKAPSBESKOUING | 15 |
| 2.1 Wat is wetenskap? | 15 |
| 2.2 Wat is 'n Christelike wetenskap | 16 |

Bladsy

3. OPVOEDKUNDE AS WETENSKAP 21

3.1 Neutrale opvoedkunde 21

3.2 Doktrinêre opvoedkunde 25

3.2.1 Kommunistiese opvoeding, onderwys en skole 26

3.2.1.1 Kommunistiese opvoeding 26

3.2.1.2 Sowjet onderwys en die toepassing van die Kommunistiese ideologie daarin 29

3.2.1.3 Samevatting 34

3.2.2 Rooms-Katolieke onderwys 35

3.2.3 Vergelyking tussen enkele aspekte van die Kommunistiese en Rooms-Katolieke onderwys 40

3.2.4 Christelik-nasionale onderwys 41

3.2.4.1 Agtergrond en begripsverklaring ter verduideling van C.N.O. 43

3.2.4.2 Samevatting 47

4. INDOKTRINASIE EN KONDISIONERING 47

5. DIE TAAK VAN DIE ONDERWYSER 50

5.1 Die taak van die onderwyser n.a.v. hierdie werkstuk 50

5.2 Die taak van die onderwyser soos gesien deur Dr. A.K. Kotzee, voormalige Transvaalse Direkteur van Onderwys 51

HOOFSTUK 3 - HANDELSWETENSKAPPE AS CHRISTELIKE WETENSKAPPE 53-70

1. NORMATIEF OF NEUTRAAL 53

1.1 Algemeen 53

1.2 Die kern (middelpunt) van die lewe 55

2. DIE AARD VAN DIE NORME IN DIE HANDELSWETENSKAPPE 57

2.1 Norme vir die Calvinis 57

Bladsy

2.2 Die toepassing van Christelike beginsels 58

3. DIE BETEKENIS VAN DIE BEELDVERBONDENHEID VAN DIE MENS MET GOD VIR DIE HANDELSWETENSKAPPE: IN DIE PRAKTYK, TEORIE EN OPVOEDING 60

3.1 Die mens se optrede in die lig van sy beeldverbondenheid met God 60

3.2 Die mens se verantwoordelikheid en aanspreeklikheid 61

3.3 God se opdragte en voorskrifte 62

4. SAMEHANG VAN EN WETMATIGHEID IN DIE HANDELSWETENSKAPPE 64

4.1 Wetenskaplike samehang van die handelsvakke 64

4.2 Wette: verskillende beskouinge 65

5. SAMEVATTING 70

HOOFSTUK 4 - SKRIFGEFUNDEERDE UITGANGSPUNTE MET BETREKKING TOT EKONOMIE AS BASISWETENSKAP ASOOK DIE ONDERRIG DAARVAN 71-

1. EKONOMIE EN MENSLIKE ROEPING 71

1.1 Ekonomie gaan om die mens 71

1.2 Ekonomie gaan om die roeping van die mens 72

1.3 Ekonomie as roeping impliseer rentmeesterskap 75

1.4 Bestryding van die sonde deur die Ekonomie 76

1.5 Taak van die Ekonomie 77

1.6 Ekonomie - prinsiepe en motief 82

2. CHRISTELIKE EN NIE-CHRISTELIKE EKONOMIE 85

2.1 Ekonomie as vakwetenskap 85

2.2 Ekonomie as Christelike wetenskap 86

2.2.1 Neutraal of normatief 86

2.2.2 Calvyn se siening van die ekonomie 86

2.3 Ekonomie as neutrale (positivistiese) wetenskap 87

Bladsy

2.3.1 Ekonomie as instrumentele teorie in teenstelling met die Christen se siening 87

2.3.2 Afwysing van dualisme 88

3. AKSENTUERING: MATERIALISME EN EKONOMISME 89

3.1 Stofvergoding in teenstelling met wat God van die mens vra 89

3.2 Die kapitalistiese geesteshouding 92

3.3 Hoogskatting van die masjien 93

3.4 Positiewe aksentplasing 94

3.4.1 Die verskil tussen die gelowige en ekonomistiese lewenshouding 94

4. WAT SÊ DIE SKRIF? 95

5. WELVAART (RYKDOM) 96

5.1 Agtergrond 96

5.1.1 Kernstelling m.b.t. eiendom 96

5.1.2 Die agste gebod 96

5.1.3 Inleiding tot 'n verklaring van besit 97

5.2 Besit 97

5.2.1 Ter aanvang 97

5.2.2 Hoe eiendom nié beskou moet word nie 98

5.2.2.1 Sosialiste en Kommuniste 98

5.2.2.2 Spiritualiste, geesdrywers 99

5.2.2.3 Kapitaliste 100

5.2.3 Hoe eiendom wel beskou moet word 100

5.3 Verkryging van besit 103

5.3.1 Wettig 103

5.3.1.1 Eerlike arbeid 103

5.3.1.2 Koop of ruil (wins) 104

5.3.1.3 Erflating 104

5.3.1.4 Ontdek 104

Bladsy

5.3.2 Onwettige verkryging van eiendom (besit) 105

5.3.2.1 Diefstal en roof wat die owerheid straf 105

5.3.2.2 Alle bose dade en listige planne 106

5.4 Die mens en sy besit 107

5.4.1 Dit bring 'n verhouding met God 107

5.4.2 Die taak van die gelowige mens van God 108

5.4.3 God beproef die mens deur sy besit. Die mens se verantwoordelikheid 109

5.4.4 Hoe besit die mens sy goed 110

5.4.5 Hoe gebruik die mens sy goed 111

5.4.6 Hoe die mens wel sy goed moet bestee 111

5.4.6.1 Hy moet sy naaste se belange waar hy kan en mag, bevorder 111

5.4.6.2 Die mens moet met sy naaste só handel soos wat hy sou wens dat sy naaste met hom moet handel 112

5.4.6.3 Die mens moet getrou arbei, sodat hy iets het om aan ander mee te deel 113

5.5 Kort samevatting van Calvyn se siening van weelde (rykdom) 113

6. PRODUKSIE - AANBOD 115

6.1 Dienslewering 115

6.2 Skaarsheid 116

6.3 Die onderneming (produsent) se verantwoordelikheid 117

6.3.1 Inleidend 117

6.3.2 Bevordering van nasionale belang 118

6.3.3 Lae koste en pryse 118

6.3.4 Arbeid 118

6.3.5 Konklusie 119

| | Bladsy |
|---|---|
| 6.4 Algemene gevolgtrekking | 119 |
| 7. DIE VERDELINGSVRAAGSTUK - DISTRIBUSIE | 120 |
| 7.1 Hoe verdeling moet plaasvind | 120 |
| 7.1.1 Verdeling op die beginsel van behoefte | 120 |
| 7.1.2 Verdeling op die arbeids- of produktiwiteitsbeginsel | 120 |
| 7.1.3 Funksionele verdeling | 121 |
| 7.2 Wie moet die verdeling doen? | 121 |
| 7.3 Die taak van die owerheid | 122 |
| 8. VERBRUIK - VRAAG(d.i. behoeftebevrediging) | 123 |
| 8.1 Ekonomiese rasionaliteit van die verbruiker | 123 |
| 8.2 Verbruik as beperking op produksie | 124 |
| 8.3 Armversorging | 124 |
| 8.4 Nie-verbruik (uitgestelde verbruik - spaar) | 125 |
| 9. NABESKOUING | 126 |
| 9.1 Die mens as rentmeester | 126 |
| 9.2 "Asof ek dit ookal kan gryp" | 127 |
| HOOFSTUK 5 - SKRIFGEFUNDEERDE UITGANGSPUNTE MET BETREKKING TOT BEDRYFSEKONOMIE AS SEKONDÊRE WETENSKAP ASOOK DIE ONDERRIG DAARVAN | 128-191 |
| 1. VERBAND | 128 |
| 1.1 Die plek van Bedryfsekonomie | 128 |
| 1.2 Verband met voorafgaande hoofstukke | 128 |
| 1.3 Verband tussen die mens se Christelike verantwoordelikheid en die bedryfsekonomiese praktyk | 129 |
| 2. DIE PRODUKSIEPROSES | 132 |
| 2.1 Beplanning | 132 |

Bladsy

2.2 Verbinding van produksiefaktore 133

2.3 Sektore 133

2.3.1 Primêre produksie 134

2.3.2 Sekondêre produksie 135

2.4 Massa produksie 136

2.5 Die rol van die staat 136

2.5.1 Kapitalisme vs. Kollektivisme 137

2.5.1.1 Algemeen, o.a. besit 137

2.5.1.2 Voor reformatoriese denke 139

2.5.1.3 Reformatoriese denke 141

(a) Algemeen 141

(b) Luther en Calvyn 141

2.5.2 Die taak van die staat t.o.v. die ekonomiese lewe 144

2.5.3 Toepassing van die reformatoriese staatsbeginsel 145

2.5.3.1 Vrye inisiatief 145

2.5.3.2 Toepassing van uitsonderinge in S.A. 146

(a) Handelspolitiek 147

(b) Arbeidspolitiek 148

3. PRODUKSIEFAKTORE 148

3.1 Algemeen 148

3.2 Arbeid 150

3.2.1 Die mens as die kroon van God se skeppingswerk in sy arbeid 150

3.2.2 Die mens in die vertegniseerde produksieproses 152

3.2.3 Kollektiewe optrede 154

3.2.4 Christelike visie van die arbeid 156

3.2.4.1 Arbeid dui op die wese van die mens 157

Bladsy

3.2.4.2 Die mens is geroep om arbeid te verrig 158

3.2.4.3 Arbeid is diens aan die gemeenskap 159

3.2.4.4 Medevormgewing aan die skepping 159

3.2.4.5 Gevolgtrekking 159

3.3 Kapitaal 160

3.3.1 Wat is kapitaal 160

3.3.2 Kapitaal as magsfaktor 160

3.3.3 Kapitaal as produksiefaktor 161

3.3.3.1 Kapitaalrente 161

3.3.3.2 Calvyn en die kapitaalrente 164

3.4 Grond 168

3.4.1 Histories 168

3.4.2 Grond as industriële produksiefaktor 169

3.4.3 Hulpbronne 171

3.4.4 Grondrente 172

3.5 Bestuur 174

3.5.1 Agtergrond 174

3.5.2 Winsmotief versus Diensmotief 175

3.5.3 Wins en risiko 180

3.5.4 "Wages of management" 182

3.5.5 Versekering 184

4. DIE HANDEL: DISTRIBUSIE 186

4.1 Calvyn en die handel 186

4.2 Prysvorming 188

4.3 Reklame: Christelike siening 188

5. SAMEVATTING 190

Bladsy

6. AANBEVELING 190

HOOFSTUK 6 - SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS 192-201

1. SAMEVATTING 192

2. BEVINDINGS 195

2.1 Behoefte 195

2.2 Noodsaaklikheid 196

2.3 Regverdiging 196

2.4 Moontlikheid 197

3. AANBEVELINGS 198

3.1 Die senior onderwyser 198

3.2 Sillabusse 199

3.3 Handboeke 200

3.4 Ander aanbevelings 200

SUMMARY, FINDINGS AND CONCLUSIONS 202

BIBLIOGRAFIE 212

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN TAAKINRIGTING

### 1. PROBLEEMSTELLING EN AGTERGROND

#### 1.1 Agtergrond

In 1930 sê Prof. J.C. Coetzee dat 'n studie van die opvoedkundige politiek nodig is omdat die onderwyser destyds op die trekpad was en daar ook baie woelinge op onderwysgebied was. Van oral is ook gevra vir hervorminge van onderwysstelsels. (Coetzee, 1930, Voorwoord)

Vir die hedendaagse onderwyser voel dit ook soms of hy op die trekpad is. Die hervorminge en veranderings op onderwysgebied wat in Transvaal teweegebring is deur o.a. die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys, die nuwe gedagte van komprehensiewe eenhede, die verdeling van die provinsie in streke, elk met sy eie streeksdirekteur is vir almal nuut en vreemd. Vir almal betrokke by die onderwys is daar seker vrae wat nie maklik beantwoord kan word nie. Uit gesprekke met onderwysers blyk dat daar baie sake is waaroor hulle nie duidelikheid het nie. Die onderwyser in handelsvakke het beslis nie duidelikheid oor presies watter plek sy vakke in akademiese hoërskole in die toekoms sal inneem nie.

Tesame met al hierdie genoemde sake is daar die baie ou probleem wat elke onderwyser vir homself moet uitmaak nl. presies hoe moet die vak aangebied word en watter rol speel sy opvoedingsideale, en dus sy lewens- en wêreld-

beskouing, in hierdie vakaanbieding.

1.2 Die opvoedingstaak

1.2.1 Gesien deur die Onderwysdepartement

Die vak Jeugweerbaarheid is in 1972 aan sekondêre skole ingevoer. 'n Belangrike (die belangrikste?) komponent hiervan is geesteweerbaarheid. In 'n toespraak tydens die hoofdekursus in 1971 het Dr A.L. Kotzee dit baie duidelik gestel wat van die onderwyser verwag word. Hy sê o.a.

"'n Volk kan 'n goedtoegeruste en geoefende leer hê;
hy kan bekwame werkers hê;
hy kan duisende leerlinge en studente hê;
hy kan ekonomies welvarend wees, maar as sy jongmense nie mense van integriteit, geestelik gesond en toegewyd is nie - as hulle 'n geslag sonder ideale is, is so 'n land se toekoms onseker." (T.O.D. Omsendminuut Nr 6, 1972, p.1). "Ons moet ons stem hard verhef teen wat verkeerd is", het hy verklaar en vervolg: "waar sal ons beland as ons nie ons opvoeding en onderwys op 'n morele grondslag bou nie?" (Ibid, p.4).

By die onderwysowerheid van Transvaal skyn daar dus geen twyfel te wees oor ten minste een saak nie en dit is die rigting wat die onderwys moet inslaan ten opsigte van opvoedingsideale. Die onderwyser as vakman en indiwidu het egter nie dieselfde klaarheid oor sy plig met betrekking tot sy vak in hierdie nuwere onderwysontwikkelinge nie. Hy sal nou eers moet stil-

staan en besin oor etlike sake met betrekking tot die aanbieding van sy vak.

1.2.2 <u>Gesien deur die Onderwysersvereniging</u>

Die Transvaalse Onderwysersvereniging voeg by Dr. Kotzee se oproep die volgende belangrike aankondiging: "'n Nasionale aksie met betrekking tot die bevordering van Christelike onderwys is besig om vorm aan te neem. Onder leiding van die Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (COVSA) het daar reeds op 3 Mei 1975 'n loodskomiteevergadering by Jan Smuts-lughawe plaasgevind en benewens COVSA en die meeste erkende Afrikaanse onderwysersverenigings van die land, was die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (CVHO) en die Instituut vir Bevordering van Calvinisme (IBC) verteenwoordig. Meewerkende liggame is reeds versoek om 'n vaste verteenwoordiger te benoem en 'n reëlingskomitee om toekomstige aksie te beplan en te implementeer, sal eersdaags konstitueer.

Hierdie koördinasie van kragte om Christelike onderwys aan Christenkinders te verseker moet met dankbaarheid verwelkom word. Die behoefte aan leiding, voorligting en studie om aan sodanige onderwys in die praktyk beslag te gee, bestaan baie lank reeds en by meer as een geleentheid is al ernstig oor hierdie onderwerp besin. Ook in T.O.-verband is daar al na die metodes en middele gesoek om te verseker dat die Christelike karakter van ons onderwys steeds in die praktyk neerslag vind. Aan die goeie wil en begeerte om Christelike

onderwys te bewerkstellig, ontbreek dit dus nie. Die vind van die meganisme om dit wat met die mond bely word, met die daad te bevestig, lê aan die wortel van die probleem.

'n Nasionale aksie met betrekking tot die bevordering van Christelike onderwys is onontbeerlik en noodsaaklik, maar moet met die uiterste verantwoordelikheid aangepak, beplan en deurgevoer word. Mag die sukses van die reëlingskomitee en al die meewerkende organisasies die bewys lewer dat aan hierdie vereiste met onderskeiding voldoen is." (Mondstuk, Okt. 1975, p.3).

Dit volg dus hieruit dat die onderwyser wat handelsvakke doseer, sal moet besin oor die aanbieding van sy vak. Uit dit wat Dr. Kotzee gesê het, blyk dit baie duidelik dat daar meer van die onderwyser verwag word as om net akademiese kennis en die feite van sy vak oor te dra. Daar moet ook morele en religieuse opvoeding gedoen word en gevolglik sal die voorgeskrewe sillabusse nagegaan moet word om te sien aan watter aspekte daar meer aandag gegee moet word ten einde aan te pas by die oproep om die leerlinge geesteweerbaar te maak.

Dit kan aanvaar word dat die oordrag van feite en die beskikbaarstelling van feitekennis in die skole genoeg aandag kry. Die onderwyser as geroepe opvoeder sal nou in sy opvoedingstaak moet besin oor die breëre doeleindes van sy vak en hoe dit kan bydra tot die geesteweerbaarmaking van sy leerlinge.

Volgens die voorskrifte van die Transvaalse Onderwysdepartement moet 'n periode van dertig minute per week aan die vak geestesweerbaarheid gewy word. Die vraag ontstaan nou onmiddellik of die vak in 'n afgeslote hokkie geplaas moet word en daar moet bly, en of dit deel behoort uit te maak van elke les wat in elke vak gegee word?

Moet die handelsonderwyser net sy stem verhef teen dit wat verkeerd is, of moet hy in sy klas 'n positiewe bydrae lewer om die leerlinge geesteswecrbaar te maak? Hierdie bydrae kan hy lewer deur nie net te wys op dit wat reg en verkeerd is nie maar ook op wat behoort te wees.

1.3 Waarom word onderwys gegee?

Om enigsins vir die onderwyser duidelikheid te gee oor sy plig in die klaskamer in hierdie verband, sal ons by die volgende "vraag moet begin: Waarom word onderwys gegee? Dit impliseer o.a. voorbereiding, gereedmaking vir die lewe van die volwassene. Maar wat impliseer volwassenheid? Dit impliseer weer o.a. 'n verowering van die kultuur of leefwêreld van die volwassene. In ons geval dus die Westerse en meer spesifiek die Suid Afrikaanse kultuur." (T.O.D. geen datum).

Die vraag ontstaan nou of by die genoemde gereedmaking vir die lewe van die volwassene, die Suid-Afrikaanse kultuur in elke vak saam met die feitekennis van die vak oorgedra moet en mag word.

Gesien in die lig van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing sou 'n mens hier al dadelik onomwonde wou verklaar dat dit so behoort te wees. Soveel te meer nog omdat Coetzee sê dat die grondeis van 'n opvoedingsdoel moet wees dat die doel moet ooreenstem met die godsdienstige en/of wysgerige lewensbeskouing. (Coetzee, op. cit., p.30). Om egter wetenskaplik korrek te wees moet daar nie net na die eie en dus die bekende gekyk word nie. Ander stelsels sal ook beskou moet word ten einde die eie beter te kan evalueer.

1.4 <u>Die wese en doel van die opvoeding</u>

Vervolgens dus net 'n kort samevatting van verskeie beskouinge oor die wese en doel van die opvoeding.

> Vir die naturalis is daar geen finale einddoel aan die opvoedingsproses nie. Daar kan geen universele doel van onderwys wees as hierdie doel enige besondere lewensideaal insluit nie omdat daar vir elke persoon 'n ander ideaal is. (Ibid, p.31).

> Vir die idealis is die doel van en met opvoeding kultuurvorming, want kultuur is die beliggaming van geestelike waardes. (Gunter, C.F.G., 1961, p.122).

> Die pragmatis kan hom ook nie vereenselwig met 'n einddoel in die opvoedingsproses nie. Vir hom is die wese en doel van die opvoeding groei, 'n ononderbroke groeiproses sonder 'n einddoel. (Ibid, p.182).

Om die Christen se doel met opvoeding na te gaan sal teruggegaan moet word na sy lewensbeskouing.

"Dit is dus die roeping van elke opvoedkundige denker om sy opvoedingsideaal te toets aan sy religieuse en/of filosofiese opvattings. Dit is juis om dié rede dat ons as Christene aan ons opvoedingsideaal die kenmerk van finaliteit en algemeenheid toeken omdat ons as Christene so 'n einddoel, so 'n allesbeslissende doel, so 'n ideaal in die opvoeding het, naamlik om God te ken en Hom te verheerlik." (Coetzee, op. cit., p.30). Volgens Gunter is die Christen se doel van die opvoeding liefde: "liefde tot God en die naaste. Opvoeding is dus omhoogleiding van die kind tot geloof; geloof as 'n positiewe bestaansantwoord op die Woord." (Gunter, op. cit., p.333).

Uit bostaande is dit duidelik dat daar verskeie idees oor die beïnvloeding van die opvoedeling tot die bereiking van volwassenheid is, en dus ook tot die bereiking van die lewens- en wêreldbeskouing van die bevolkingsgroep waarvan die opvoedeling deel uitmaak. Sodra daar melding gemaak word van beïnvloeding van die opvoedeling kom die kwessie van kondisionering en indoktrinering deur die opvoeder ter sprake.

## 1.5 Indoktrinasie?

Suid-Afrika se bevolking bestaan uit mense wat aan verskeie kerke en kerkgenootskappe behoort. 'n Opname aan een Afrikaanse hoërskool het gedui op vyftien verskillende geloofsoortuigings onder die leerlinge. Die vakonderwyser het dus seker die reg om te vra of hy besig is met kondisionering of selfs indoktrinasie as

hy die kinders leer om hulle land se geestelike erfenis te aanvaar, want elke onderwyser het tog die een of ander geloofsoortuiging en gevolglik is dit net logies dat hy in die opvoedingsproses sy hele optrede sal kleur na sy persoonlike geloofsoortuiging.

Die hele aangeleentheid word nog meer noodsaaklik as daar gelet word op die redaksionele kommentaar in 'Mondstuk' van Februarie 1973. (Mondstuk, Feb. 1973, p.5). Hierin word uitdruklik gesê dat 'n Engelstalige oggendblad van Johannesburg bewerings van indoktrinasie teen die nuwe onderwysstelsel gemaak het. Om dus seker te maak of daar in hoërskole indoktrinasie plaasvind al dan nie, sal die betekenis van die begrip indoktrinasie beslis ontleed moet word.

Vir die onderrig van handelsvakke, soos vir enige ander vak, is die genoemde ondersoek ook van groot belang want die Christenonderwyser wil weet of hy reg optree as hy dan Skrifgefundeerde onderrig gee en of hy besig is met 'n eng kondisioneringsproses.

## 1.6 Finale probleemstelling

Opsommenderwys kan die probleem wat bestudeer gaan word dus só saamgevat word:

Van die onderwyser word meer verwag as die oordrag van vakfeite.

Die kultuurerfenis van sy volk moet ook oorgedra word en hier speel die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder en opvoedeling 'n oorheersende rol.

Die Afrikaneronderwyser sal dus ook sy deel moet

bydra en die kernvraag is of Skrifgefundeerde onderrig korrek (opvoedkundig korrek) is, en indien wel, presies hoe word dit t.o.v. handelsvakke aangepak?

## 2. TAAKINRIGTING

Om die vraag hierbo wetenskaplik te beantwoord moet daar op verskeie aspekte gelet word.

### 2.1 Besinning oor mens- en wetenskapbeskouing

Die onderwyser sal vir hom 'n baie duidelike beeld moet vorm van sy mensbeskouing en ook van sy wetenskapsbeskouing. By lg. sal daar gelet moet word op wat 'n wetenskap is en of daar sprake kan wees van 'n Christelike wetenskap en indien wel wat laasgenoemde werklik is.

### 2.2 Die wetenskaplike korrektheid van Skrifgefundeerde onderrig

Nadat duidelikheid oor hierdie sake verkry is, moet veral op opvoedkunde as wetenskap gelet word en dan spesifiek na 'n vergelyking tussen neutrale en doktrinêre opvoedkunde. Hierbo is verwys na Skrifgefundeerde onderrig en om dit in die regte lig te sien, moet gelet word op ander doktrinêre onderwysrigtings soos bv. die Kommunistiese en Rooms Katolieke onderwys. Dit sal veroorsaak dat die eie onderwys weer in volle perspektief gesien word. Die vraag of doktrinêre onderwys (van watter aard ookal) indoktrinasie en kondisionering behels, sal duidelik beantwoord moet word.

## 2.3 Christelike handelswetenskappe

Nadat bogenoemde sake nou as agtergrondstudie vir die onderwyser gedien het, kan hy nagaan presies wat Christelike handelswetenskappe is, met spesifieke verwysing na sake soos die aard van die norme in handelswetenskappe, die mens se beeldverbondenheid met God en die samehang en wetmatigheid in die handelswetenskappe.

## 2.4 Skrifgefundeerde onderrig van handelswetenskappe

Die onderwyser kan nou vir hom die vraag beantwoord hoe Skrifgefundeerde onderrig in ekonomie en bedryfsekonomie op skool kan plaasvind. Die grondgedagte in hierdie werkstuk moet nie wees om metodiek aan te bied of voor te skryf nie, veel eerder moet die Skrif in die vakbeginsels gesoek en gesien word en dan oorgedra word. Breë riglyne moet gesoek word om vir die onderwyser as aanduiding te dien van hoe sy vak Skrifgefundeerd aangebied kan word.

## 3. MOTIVERING VIR VAKKEUSE

In Dr. Stoker se indeling van wetenskappe (In Hoofstuk 3 word daarna verwys) word die indeling van wetenskappe behandel asook die plek van handelswetenskappe in die ry van wetenskappe.

Die Ekonomie word beskou as die basiswetenskap in die groep handelswetenskappe. Enige studie met betrekking tot handelswetenskappe sal dus op een of ander wyse 'n verwysing na Ekonomie behoort te bevat en

in hierdie ondersoek sal dié vak as basiswetenskap behandel word.

'n Tweede groep handelsvakke kan beskou word as toegepaste wetenskappe en die vak Bedryfsekonomie is as verteenwoordigend van hierdie groep vakke gekies vir verdere ondersoek.

Die derde groep handelsvakke wat op sekondêre skole aangebied word soos Rekeningkunde, Tik, Snelskrif en Shorthand kan as tegniese wetenskappe beskou word en hulle verskil só radikaal in hulle aard en opset van die genoemde vakke dat dit nie as raadsaam beskou is om een van hulle in hierdie studie in te sluit nie. 'n Aparte ondersoek behoort na die tegniese handelsvakke gedoen te word. Daarmee word nie bedoel dat daar 'n belangrikheidsorde aan die verskillende vakke toegeken word nie maar slegs dat 'n indeling gemaak word met'n onderskeid tussen die sogenaamde "leervakke" met Ekonomie, Bedryfsekonomie, Praktiese Bedryfsekonomie en Besigheidsmetodes as voorbeelde uit hierdie groep handelsvakke en dan die tegniese of vaardigheidsvakke soos reeds genoem.

## 4. SAMEVATTING

By die Christenonderwyser is daar 'n behoefte om sy lewens- en wêreldbeskouing uit te leef, ook waar hy besig is om klas te gee. By die Christenouer is daar 'n behoefte dat sy kind se onderwys moet aanpas by sy lewens- en wêreldbeskouing.

Die behoefte van die Christenonderwyser en Christenouer is dus in wese dieselfde. Die onderwyser moet egter wetenskaplik korrek optree en dit is om vir hom 'n wetenskaplik korrekte agtergrond vir sy optrede te gee waaroor hierdie studie handel. Hy moet weet of hy wetenskaplik-korrek optree met Skrifgefundeerde onderrig en daarna word die riglyne oor Skrifgefundeerde onderwys van ekonomie en bedryfsekonomie aan sekondêre skole behandel.

In hierdie werkstuk word hoofsaaklik van sekondêre bronne gebruik gemaak om sowel die mens- as die wetenskapsbeskouing te distilleer. Waar die ekonomie en die bedryfsekonomie aan die voorgaande en aan die Skrif getoets word, word weer eens van die uitsprake van gesaghebbende ekonome en bedryfsekonome wat op Calvinistiese beginsels gefundeer is, gebruik gemaak. Deurgaans speel die ervaring van die deurknede onderwyser in die vakke op skool 'n onbetwisbare rol. Dit behels egter nie 'n empiriese navorsing van die huidige toestand nie, maar gegewens dui slegs tendense aan.

Hierdie studie behoort as spoorslag vir navorsers te dien om met die neergelegde beginsels as riglyn, nou sillabusse saam te stel wat Skrifverantwoord en opvoedkundig suiwer is. Praktiese onderwysmanne behoort dan ook leiding te gee m.b.t. die metode van onderrig om hierdie beginsels en sillabusse in die skoolpraktyk tot hulle reg te laat kom.

# HOOFSTUK 2

## MENS- EN WETENSKAPSBESKOUING

### 1. MENSBESKOUING

Die Calvinis erken dat daar in sy wetenskapsidee ook 'n mensbeskouing aanwesig is. (de Klerk, W.J. e.a. 1972, p.280)

Dat dit só is, is vir die onderwyser van groot belang want as opvoeder het hy met mense te doen en hy moet dus 'n duidelik omlynde mensbeskouing hê om hom goed van sy taak te kwyt.

Die Calvinis erken verder dat die mens 'n religieuse wese is. Ook dat die mens na die beeld van God geskape is en dat die mens in diens van God staan. Hierby kom nog dat die mens 'n verhoudingswese is wat in 'n bepaalde verhouding tot God staan, as skepsel van God en as kind van God. Die mens se verhoudings gaan ook nog verder, want hy staan in 'n bepaalde verhouding met sy medemens. Hierdie medemens se belange moet in ag geneem word by die mens se wetenskapsbeoefening.

Volgens die Skrif is die mens 'n eenheidswese. Vanweë die sonde is die mens egter ook 'n gebroke wese. Die kwaad het nou al die lewensfunksies van die mens aangetas en gevolglik ook al sy verhoudinge. Van nature wil die mens dus nie God se seggenskap oor sy hele lewe erken nie. Die mens wil nou die menslike prestasies vir 'n tweërlei doel gebruik: enersyds om hom teenoor God te verselfstandig en andersyds om sy

naaste kwaad aan te doen. (Ibid, p.267)

In die derde plek erken die Calvinis dat die mens, op grond van die Skrif 'n wetsgebonde wese is. God het die mens m.b.t. sy lewe en werk nie wetteloos gelaat nie maar het daarenteen aan die mens sekere wette gegee sodat sy lewe ordelik kan wees en dat hy sy werk as heerser oor die natuur ordelik kan uitleef. Die mens is dus gebonde aan sekere wette soos bv. die natuurwette, die religieuse liefdeswet en ekonomiese wette en norme. Selfs hier wil die kwaad a.g.v. die sonde afbrekend werk. Die mens wil sy vryheid soek buite die gebondenheid aan die wette. Nou moet erken word dat hierdie wette bestaan en geldig is, net soos die heerskappy van God, of die mens dit nou wil erken of nie.

Vanuit die perspektief van die koninkryk van God verkry die wetenskapsbeoefening vir die Christen die betekenis van koninkryksdiens; beskou hy homself as geroepe tot die taak van wetenskapsbeoefening. (Ibid, p.268)

Samevattend kan ons dus sê:

Die mens is 'n Godgeskape wese. Hiermee saam gaan sy verhouding tot en met God en sy medemens.

Vanweë die sondeval is die mens verlore en afvallig en in opstand teen God en sy wette.

Die mens is egter ook 'n verloste wese; gered deur die genade van God, die liefde van Christus en die werking van die Heilige Gees.

Die onderwyser moet in sy taak as opvoeder altyd homself en die kind in hierdie lig sien. As geredde Christen moet hy sy opvoedelinge ook lei tot die genade van God. Al sy werk moet hierdie standpunt as sentrale tema hê: hy moet God verheerlik in sy gedagtes, woorde en werke.

## 2. WETENSKAPSBESKOUING

### 2.1 Wat is wetenskap?

Wetenskap is kennis, maar 'n bepaalde soort kennis. Wetenskap is soveel moontlik tegnies metodies gesistematiseerde en soveel moontlik tegnies metodies geverifieerde kennis van die kenbare as sodanig. (van Wyk, 1972, p.1)

Wetenskaplike studie beteken dus om kennis te verkry, maar dan kennis soos hierbo uiteengesit en op 'n wyse soos hierbo aangedui.

Die grondslag en hoofiyne van die kennis wat só verkry is, word deur 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing medebepaal. (Ibid, p.6)

Vir die Christenonderwyser is hierdie gedagte van die uiterste belang. Om handelsvakke te doseer beteken om wetenskaplike kennis oor te dra. Uit bostaande paragrawe is dit duidelik dat agter elke wetenskap 'n lewens- en wêreldbeskouing staan. As die onderwyser dus sy kennis van sy vak, wat met sy lewens- en wêreldbeskouing vervleg is, moet aanbied, is dit vanselfsprekend dat sy aanbieding, soos sy kennis, ook met sy lewens- en wêreldbeskouing vervleg

moet wees. Die Christenonderwyser sal dus moet weet of hy 'n Christelike wetenskap kan en mag aanbied.

2.2 Wat is 'n Christelike wetenskap?

Hierdie vraag vloei voort uit die vorige paragraaf. As die wetenskaplike kennis deur 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing medebepaal word, moet die Christen se lewens- en wêreldbeskouing sy benadering tot die wetenskap bepaal. Daar moet dus gelet word op die moontlikheid van, en regverdiging vir, 'n Christelike wetenskap.

Die menslike persoon is 'n eenheid. Die band van eenheid is die hart (religieuse sentrum) van die mens, die saamtrekpunt van al sy aktiwiteite. Al sy aktiwiteite word gestempel of gekleur deur die religie wat op sy hart beslag gelê het. Die stempel of kleur van sy handeling hang af van die vraag: Wie sit op die troon van sy hart? Wie radikaal Christelik is (en elke ware Christen is dit) kan dus nie anders as om Christelike wetenskap te beoefen nie. (Ibid, p.2)

Dit is dus reg as Stoker sê: "'Christelike wetenskap' is 'Christelik' in religieuse sin; dit is roepingsvervullende dien van God tot Sy eer en verheerliking, word 'in U lig' beoefen, is gehoorsaam aan die wetsorde wat God vir Sy hele skepping (ook vir die beoefening van die wetenskap) bepaal het, en dra op sy wyse deur sy bepaalde 'deelname aan die waarheid', en die besondere diens wat dit aan ander menslike sa-

melewingskringe bied, by tot die verwesenliking van die bestemming van wêreld en mens." (Stoker, 1970, p.52)

Die grondslag van die Christelike wetenskap is die lewensbeskoulike uitgangspunt dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom kenbron is waarin grondleggende gegewens vir die wetenskap, in die algemeen en in die besonder, gegee is. (de Klerk e.a., op.cit., p.279)

Die Christelike wetenskap beskou ook die besondere Woordopenbaring van God as 'n positiewe gegewe vir die wetenskap en eis ook streng objektiwiteit teenoor die Heilige Skrif. Die Bybel moet ook as positiewe gegewe aanvaar word, soos dit sig gee: waar dit sig figuurlik gee, figuurlik, en waar dit sig letterlik gee, letterlik, en waar dit sig profeties gee, profeties; en hieraan mag niks toe of afgedoen word nie. (Stoker, 1939, p.300)

As Calviniste aanvaar ons dus dat ook die Bybel 'n kenbron van die waarheid is. (van Wyk, op.cit., p.7). Die Bybel word nie as wetenskaplike handboek gesien nie, maar as voorwetenskaplike kennis, wat nie wetenskap bied nie, maar grondlyne waarop die wetenskap verder kan bou. (de Klerk e.a., op.cit., p.279)

Al bied die Bybel nie kennis van wetenskaplike aard nie, bied dit tog waarhede aangaande God, die mens en die werklikheid wat vir die wetenskap van fundamentele betekenis is. Die werklikheid kan slegs

in die lig van die geopenbaarde waarheid van die Skrif verstaan word. Calvyn het gesê dat die Bybel die bril is waardeur die skepping gesien moet word, om dit in perspektief te kan sien. Dit is reeds erken dat die Bybel geen wetenskaplike handboek is nie; dit is selfs nie in wetenskaplike taal geskryf nie, maar in die taal van die alledaagse ervaring. Hierdie karakter van die Skrif in ag genome, kan relevante waarhede nie misgekyk word, sonder om die risiko te loop om as onwetenskaplik bestempel te word nie. Wie glo dat die Bybel waar is, kan tog nie dié waarheid tersyde stel en dan nog op wetenskaplikheid aanspraak maak nie. Die opvoedkundige wat die geopenbaarde waarhede uit die Bybel i.v.m. die opvoeder, opvoeding, opvoedeling ens. verontagsaam en sy opvoedkunde slegs op ontiese waarhede bou, moet uiteraard eensydig verabsoluteer en die verhelderende lig van die Skrif ontbeer. (van Wyk, op.cit., p.8)

Daar is sekere Bybelse perspektiewe wat in die wetenskap as grondslag dien nl:

> Die wetenskap is aan God se heerskappy onderwerp; dit is aan God verantwoording verskuldig en as algemene doel het die wetenskap Godsverheerliking. Dit het 'n profetiese doel, naamlik om die veelvuldige wysheid van God na vore te bring; die priesterlike doel om deur die wetenskap te dien en seën te versprei; die koninklike doel om die chaos van die sonde teen te werk en die orde

van God se ordinansies te bevorder.

Alles wat die wetenskap ondersoek is kreatuurlik en nie absoluut nie.

God is die oorsprong van alles en die bestaande kan nie uit hulleself verklaar word nie. God bestier en beplan alle dinge en alles wat die wetenskap ondersoek, is deel van die Goddelike plan, wat in wysheid en doelmatigheid ontwerp is.

As gevolg van die sondeval het ons te doen met 'n abnormale werklikheid. Die werklikheid is daarom nie normatief nie en alle wetenskaplike kennis is ten dele.

Die verskeidenheid as oorspronklike ingelegde gegewe in die werklikheid moet deur die wetenskap eerbiedig word sowel as die soewereiniteit in eie kring van elke verskeidenheid. Daar mag geen reduksionisme plaasvind nie.

Die wetsorde in die werklikheid is van Goddelike oorsprong en moet as God se ordeninge gesien word en eerbiedig word; hierdie wetsorde is objektief - dit bestaan buite ons.

Die perspektiewe van die Bybel oor die mens; die samelewing; die reg; gesag; vryheid en verantwoordelikheid; die norme vir die verskillende modaliteite en strukture moet in die wetenskap geïntegreer word en op dié grondslae verder uit-

gebou word. (de Klerk e.a., op.cit., p.280)

Ter samevatting kan dus gesê word: Die Christelike wetenskap:

- wil sê dat die gelowige denker ronduit sê en weet dat hy as mens 'n sondige wese is in die hart van sy bestaan en dat hy nie in eie krag en op sterkte van eie insig - losgemaak van die diepe sin van alle dinge - kan verstaan hoe God se handewerk inmekaar steek nie.

- beteken dat daar erken word dat die mens verblind is deur die sonde en dat hy eers weer kan sien as hy die bril van die Woord op sy oë geplaas het.

- beteken dat die mens nie self die sleutel van die kennis in eie hande hou nie, maar dat dit in die Bybel en nêrens anders nie aan hom gegee word, nl. die sleutels van skepping, sondeval en verlossing.

- beteken dat die mens nie - ook nie die Christen nie - by dié waarheid kan uitkom langs die weg van sy verstand nie, omdat Christus alleen die weg en die waarheid is.

Hierdie laaste woorde wat Christus oor Homself gesê het, moet baie goed verstaan word. God het in Christus alles geskape, en deur Hom word alles wat bestaan herskep. Daarom is Hy in die volste sin van die woord

DIE WAARHEID, die Archimedespunt vir die verstaan van die heelal, van die oorsprong en bestemming, van die sin van alle dinge. Dit is wat die Christelike wetenskap wil en moet wees. Dit is die uitgangspunt vir 'n Christelike wetenskap. (Malan, 1974, p. 7 )

## 3. OPVOEDKUNDE AS WETENSKAP

### 3.1 Neutrale opvoedkunde

Dit is vir 'n onderwyser belangrik om te weet of dit moontlik is om sy vak "neutraal" aan te bied d.w.s. of sy aanbieding geheel en al los kan staan van sy lewens- en wêreldbeskouing of nie. Daar is verder nog die vraag of dit moontlik is om 'n vak só te onderrig.

Oor hierdie vrae kan die volgende opinie van Waterink (Waterink, S.J. ) met vrug bestudeer word.

Wanneer 'n persoon besig is met studies is die wete dat hy daarmee besig is, nie net beperk tot die studieveld nie. Sekere funksies en aktiwiteite word beskou as deel te wees van die studieaktiwiteite, terwyl andere doelbewus uitgesluit is daarvan. Om die studieaktiwiteite in aksie te kry is 'n taak vir die persoonlikheid as geheel. Die <u>hele</u> persoonlikheid is bewus van die studieaktiwiteit en dit is onmoontlik om die persoonlikheid los te maak van een van sy eie aktiwiteite.

Die feit dat studieaktiwiteite onderskei kan word van die ander funksies van die verstand, dui op die feit dat daar 'n eenheid is tussen studie en alle ander

soorte verstandsaktiwiteite. Dit kan selfs op 'n eenheid tussen studies en alle ander menslike aksies en funksies dui.

Die mens kan beslis al sy aktiwiteite konsentreer op een spesifieke veld of in een spesifieke rigting, maar net so beslis is dit ook waar dat die mens homself nie kan verdeel nie. Dit is verder aan geen mens gegee om op enige gegewe tyd NIE homself te wees nie, veral nie deur slegs 'n wilsbesluit te neem om op daardie oomblik anders te wees as wat hy is nie.

Geen persoon kan sy studies neutraal benader nie. Neutraliteit beteken dit: nóg die een, nóg die ander, m.a.w. gelyke kanse en gelyke waardes word toegeskryf aan elke moontlike denkbare beginsel, beginpunt en benaderingswyse; maar dan word neutraliteit in sigself 'n ander beginsel en dus weereens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing van waaruit die wetenskap benader word.

Dit beteken dat neutraliteit op sigself 'n beginsel word en dan is die teorie van neutraliteit nl. dat alle beginsels van gelyke waarde is natuurlik onmiddellik vernietig omdat die beginsel van neutraliteit dié proposisie verdedig dat alle beginsels van gelyke waarde is en nou word alle beginsels gelyk geplaas behalwe die neutraliteitsbeginsel wat groter waarde het en alle ander beginsels domineer.

Bostaande beteken verder dat die neutraliteitstandpunt korrek is en dat alle ander standpunte essensieel verkeerd is, omdat hulle nie die standpunt

van neutraliteit erken nie. Gevolglik het neutraliteit hier 'n beginsel gehandhaaf, met presies dieselfde onderskeidende kenmerke as alle ander beginsels, en homself juis daarmee vernietig.

Elke student sal sy studie benader en die feite beskou met 'n besondere voorwetenskaplike uitgangspunt en lewensbeskouing. Hy kom na sy werk presies net soos hy is. Wanneer 'n mens hom met een of ander studierigting besig hou, is hy met daardie taak besig as 'n mens. Wat dus van sy werk tereg sal kom, word deur sy wese beheer.

Die mens kan homself nie in verskillende afdelings verdeel nie. Hy kan hoogstens die klem laat val op 'n besondere kant van sy wese, maar in sy studie bly hy liefde betoon, hou hy aan om te glo en om te hoop. As dit anders moes wees, sou dit beteken dat hy sy innerlike in stukke moet breek en dit is in die geval van die normale mens onmoontlik.

Dit is 'n menslike reg om 'n lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf. Dit is nie 'n tipe uitsonderlike reg soos die reg om ander klere aan te trek as die huidige mode nie. Dit is 'n reg omdat die mens nie sonder 'n lewens- en wêreldbeskouing kan leef nie. Dit is in der waarheid sy vryheid. Die vryheid van die mens kan nie meer fundamenteel aangeraak word as om hom hierdie reg te ontneem nie, d.w.s. die reg om op grond van sy eie verantwoordelikheid en sy diepste en intiemste persoonlike oortuigings, 'n eie lewens- en

wêreldbeskouing te handhaaf.

Die aard van vryheid is dat die mens in die eerste plek vry is om 'n eie lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf. As hierdie reg verwyder word, bly daar slegs twee moontlikhede oor: Daar kan 'n ander lewens- en wêreldbeskouing op die mens afgedwing word of hy moet probeer om daarsonder te lewe, en in so 'n geval word hy gedwing om iets te doen wat in stryd is met die werklike aard van die mens.

Omdat die mens met 'n rede toebedeel is, omdat hy gegee is om as 'n profeet op te tree, benodig hy 'n beginpunt waaruit hy sake kan beskou, waaruit hy die lewe in sy gedagtes, sy gevoelens en aksies benader. Dit is Waterink se oortuiging dat dit direk verband het met die feit dat die mens godsdienstig is d.w.s. dat hy gerig is op diens, aanbidding en gehoorsaamheid. (Ibid., p.19). Die basis vir hierdie feit lê daarin dat die mens die beelddraer van God is. Hy is deur God na God toe geskape. Dit is onmoontlik om enige studie te begin sonder 'n beginpunt, sonder 'n voorwetenskaplike beskouing en dit is 'n onomstootlike bewys van die religieuse aard van die mens.

Die gevolgtrekking is dus dat alle studies gegrond is op 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing. Die positivistiese student verklaar dinge vanuit sy positivistiese standpunt, so ook die Calvinistiese student vanuit sy Calvinistiese standpunt. Daar bestaan dus vir die Calvinistiese studierigting dieselfde-

de regte as vir ander gedagteskole.

Volgens Waterink (Ibid., p.21) is daar oral mense wat beweer dat jy jou aan studies kan wy as jy as beginpunt het die pragmatisme of eksistensialisme of enige ander lewens- en wêreldbeskouing, neem maar dat jy jouself van studie uitsluit as jy as beginpunt neem dit wat God ons in sy Woord leer.

Dit moet duidelik wees dat mense met 'n ander lewens- en wêreldbeskouing die reg gegun word om 'n eie stelsel op hulle eie wyse te bou. Die Christen het egter ook 'n reg om sy eie werk vanuit 'n Christelike standpunt te benader en het die reg om sy eie lewens- en wêreldbeskouing in sy studie te gebruik.

3.2 Doktrinêre opvoedkunde

Waterink het bewys (sien vorige bladsye) dat neutrale studie onmoontlik is. Om opvoeding dus neutraal te doen is ook onmoontlik. Elke persoon sal opvoeding doen en onderwys gee volgens sy lewens- en wêreldbeskouing.

So ook sal die handelsvakke aangebied word volgens die onderwyser se lewens- en wêreldbeskouing.

Dit is slegs menslik dat die Afrikaner sal glo dat sy onderwysbeginsels reg is. Die vraag is egter nou hoe die beginsels in die praktyk toegepas word.

Om nou meer perspektief hieroor te kry is dit nodig om na ander onderwysstelsels te kyk en vas te

stel of hulle wel hulle lewens- en wêreldbeskouinge in hulle onderwys toepas en as hulle dit doen, hoe dit gedoen word. Dan sal die eie en bekende beter waardeer, beoordeel en toegepas kan word.

In Suid-Afrika het ons 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel. Die groot teenpool vir C.N.O. is ongetwyfeld Kommunisme en daarom kies ons die Kommunistiese onderwys as een stelsel om nader te ontleed. 'n Ander onderwysstelsel wat op godsdienstige oortuigings gebaseer is, is dié van die Rooms Katolieke kerk. Dit sou dus lonend wees om te sien hoe hierdie mense hulle lewens- en wêreldbeskouing in hulle onderwys toepas. Laastens volg dan 'n evaluering van die C.N.O.-beginsels in die praktiese onderwyssituasie.

3.2.1 Kommunistiese opvoeding, onderwys en skole.

3.2.1.1 Kommunistiese opvoeding

Volgens die kollektivistiese gemeenskapsbeskouing is die mens bloot 'n indiwidu in 'n spesie, 'n lid van die kudde, 'n klein deeltjie van die natuur. Die enkeling word bepaal deur die eise, omstandighede en wette van die samelewing en hy word herlei tot 'n blote middel in diens van die groter kollektiewe geheel. Die opvoedkundige implikasie hiervan is duidelik: die maatskappy is gegee en die indiwidu moet opgevoed word om hom daarby aan te pas; om sy behoeftes, belange, begeertes en strewes te skik na en aan te pas by die behoeftes, belange, lewensomstandighede en as-

pirasies van die spesie of groep as 'n kollektiewe geheel. Om hierdie doel te bereik maak die opvoeding en onderwys van die totalitêre staat veral gebruik van suggestie, nabootsing en indoktrinasie. Deur hierdie metode moet elke kind sosiaal gekondisioneer word tot volslae en veral sosiale inskakeling in, en aanpassing by, die kollektivistiese staat. (Gunter, op.cit. p.72)

Die groot taak van die Sowjetopvoeding is om die karakter van die Russiese volk te verander. Sedert die twintiger jare van hierdie eeu is gedurig gepraat van "die nuwe mens" en die "nuwe volk" en in die jongste tyd van die "nuwe Sowjet-mens." Hierdie nuwe mens verrys nie op 'n spontane wyse nie, dog is die produk van 'n strenge en omvattende proses van opvoeding, onderrig en geesteskontrole. (Ibid, p.73)

In die vorming van die nuwe Sowjet-mens is die eerste taak van die opvoeding die uitwissing van alle spore van 'n neutrale, 'n kapitalistiese of 'n anti-Bolsjewistiese mentaliteit uit die gees van die volk. Dit moet dan vervang word deur 'n kommunistiese mentaliteit en dit beteken ongekwalifiseerde indoktrinasie van die kommunistiese leerstellings by die opkomende geslag. Die hele opvoeding- en onderwyssisteem van Sowjet Rusland is dus toegespits op 'n volslae kondisionering van die kinders van die volk, volgens 'n onbuigsame lewens- en wêreldbeskouing en gedragspatroon, wat deur die Staat bepaal en voorgeskryf word, tot volkome aanpassing by, en onderskikking aan,

die staatsideologie. (Ibid, p.74)

Hierdie uiteensetting van die Kommunistiese onderwys deur Gunter, moet nou in die lig van wat hierdie werkstuk beoog, ontleed word.

In die eerste plek is dit beslis nie 'n neutrale onderwysstelsel nie en pas dit in by die eerste bladsye van hierdie hoofstuk waar Waterink sê dat neutraliteit onmoontlik is en dat onderwys moet geskied volgens die opvoeder se lewens- en wêreldbeskouing.

In die tweede plek moet nagegaan word hoe ver hierdie beginsel gevoer kan word en of daar nie oordrywing kan plaasvind nie.

Derdens moet Gunter se uiteensetting getoets word aan die hand van kenners van die Kommunistiese onderwysstelsels en Kommunisme as lewens- en wêreldbeskouing.

Na hierdie ontleding sal dan bepaal moet word of daar vir ons as Afrikaneronderwysers iets te leer is uit die Kommunistiese onderwys en die hele vraagstuk van kondisionering en indoktrinasie sal ook nader beskou moet word. Gunter het hierbo van volslae indoktrinasie by die Kommunistiese onderwys gepraat. By die verdere beskouing van hierdie onderwysstelsel, sowel as dié van die Rooms Katolieke, en later die C.N.O., sal ook gelet moet word op hierdie twee belangrike sake, want uiteindelik sal bepaal moet word hoe ver doktrinêre onderwys in die praktyk toegepas kan word.

3.2.1.2 Sowjet-onderwys en die toepassing van die Kommunistiese ideologie daarin

Onderwys en opvoeding is voorwaar die magtigste wapen in die volksvormingsproses. Die kommunis het van die skole gebruik gemaak om die mens se gees ooreenkomstig die eise van die kommunistiese ideologie te vorm, met ander woorde, 'n spesifieke vorming van die denke en van die gees in sy geheel, sodat dit so gou as moontlik die kommunistiese waardes aanvaar en ook in alle opsigte slegs aan die kommunistiese leiding onderhorig gestel word. Hy word dus alle vryheid van denke, beslissinge en handelinge ontneem. (Nel, S.J., p.41)

Om lg. moontlik te maak, sien die kommunis die kind as 'n blote ontvangsapparaat, en hiermee saam is dit dus die taak van die opvoeder om voortdurend kommunistiese prikkels op die kind te laat inwerk. Die gedagte van die mens as 'n prikkelreaksiemeganisme is deur Pavlov in die sielkunde ingedra en vorm vandag nog die grondslag van Sowjetsielkunde. Die Sowjetsielkundiges lê hulle veral toe op die gebied van die leersielkunde. Daar word veral groot klem gelê op die verstandsvorming van die kind. Die kind is dus bloot 'n verstandswese. (Landman en Kilian, 1972, p.56).
Dit veronderstel weer 'n uitskakeling van liefde en dit is dus net logies dat die kommunis liefdeloosheid in die opvoeding sal verkondig. Daar moet nie veel liefde bestaan tussen opvoeder en kind nie. Gesinsopvoeding moet dus sover moontlik vermy word en die op-

voeding moet geheel en al deur die Staat behartig word. Dit is dus nou "opvoeding" in die kommunistiese ideologie. Die kind word nie opgevoed om selfstandige besluite te neem en daarvolgens te handel nie. (Ibid, p.30)

Om die gesinsopvoeding uit te skakel en om die Staat te help om die opvoeding oor te neem moet die Russiese vroue in fabrieke werk. Hiermee word gepoog om die gesin as sodanig te vernietig, sodat die skool die kind kan oorneem om hom te indoktrineer met die beginsels van die Kommunistiese Party. (Pistorius, 1970, p.221)

Na wat hierbo gesê is, mag dit nou teenstrydig klink om te sê dat daar in Sowjet-Rusland groot waarde aan die sedelike opvoeding van die kind geheg word. Dit moet egter duidelik gestel word dat sedelike opvoeding vir die kommunis volkome saamval met die sosiale opvoeding. Sedelikheid beteken konformiteit aan die gangbare sosiale beginsels en norme. Hierdie beginsels en norme word deur die Kommunistiese Party bepaal. (Pretorius, 1968, p.323)

Daar kan nou sonder enige twyfel gesê word dat onderwys die kern van die kommunistiese stelsel vorm en dus die hoofinstrument in die hande van die Sowjet-Unie in die vorming van nasionale beleid is. Op die vraag of Sowjet-onderwys goed is, sê Benton: "Yes it is good - it is very good indeed, and it is getting better - FOR THE PURPOSES OF COMMUNISM" (Benton, 1966, p.12. Beklemtoning deur die outeur)

Hierdie aanhaling is 'n gedagte wat onderstreep moet word en verdere oorweging verdien. Die kommunis se onderwys verbeter vir die doel van kommunisme, omdat hulle onderwys geïnspireerd kommunisties-gefundeerd is en omdat hulle nie hiervan afwyk nie.

Die onderwys is belangrik in die sosiale struktuur van enige volk maar in die kommunistiese samelewing speel dit die rol van 'n herskeppende samelewing. (Shimoniak, 1970, p.ix)

Die basis van die kommunistiese skoolstelsel is die kern van die kommunistiese ideologie nl. alle idees wat kommunisme bevorder, is moreel reg, alle idees wat dit teenstaan, is moreel verkeerd. (Thomas, 1969, p.vii)

In die Sowjet-Unie is die onderwys dus primêr 'n politieke gereedskapstuk vir die konstruksie van 'n kommunistiese gemeenskap. Alle ander doeleindes is van sekondêre belang. (Grant, 1970, p.23)

In 'n beleidsverklaring van die sentrale komitee van die Kommunistiese Party word o.a. die volgende gesê: "Upbringing must shape the communist world outlook of the pupils and rear them in the spirit of communist morality ......... and in the spirit of proletarian internationalism." (Idem)

Een doel van die kommunistiese opvoeding is die radikale transformasie van die leerling se gewete. Die leerling moet die stryd van klasse en rewolusie-

probleme bestudeer, want om die gemeenskap te kan verander moet die indiwidu se denke verander word. (Thomas, op.cit. p.51)

Daar is niks onduideliks omtrent die doel, die rigting en die sukses van Sowjet-onderwys en -wetenskap nie. Dit het vir minstens 35 jaar ontwikkel en daar is geen rede om te glo dat 'n nuwe regering die rigting of die klem sal laat verskuif nie. Die logika is duidelik en onvermydelik vir enige regering: onderwys en wetenskap is die kragtigste instrumente en ook die enigste "safe and sure instruments" vir die Sowjethoop van wêreldoorheersing. (Benton, op.cit., p.5 en 6)

Die kurrikuluminhoud van skole van algemene opvoeding is veral belangrik in die ideologiese indoktrinasie van leerlinge: ideologiese opvoeding word beskou as onafskeidbaar te wees van die onderwerp of vak wat onderrig word. Alle handboeke in alle onderwerpe is ontwerp om die studente "korrekte kennis" te gee en hulle voor te berei vir "sosialistiese praktyke en konstruksie." (Thomas, op.cit., p.63)

Die Sowjet-Unie is nie tevrede met net die verbanning van godsdiensonderrig op skool nie; hulle wil die verstand van die jong kind domineer en dit probeer hulle regkry met al die psigologiese en onderwystegnieke waarmee die moderne wetenskap hom kan voorsien. (Shimoniak, op.cit., p.xi)

Die Sowjetowerheid verklaar nie alleen die politieke doeleindes van hulle onderwysstelsel nie, maar ontken ten sterkste dat dit anders kan of mag wees. Die onderwysers moet optree volgens die behoeftes van die gemeenskap. Onderwys moet polities van aard wees. Om kommunisme te bereik, sê hulle, moet daar nou begin word om die mens van die toekoms op te voed. Die Sowjet sê dat hulle indoktrinasie net meer openlik is as dié van ander onderwysstelsels. Die kommunisme word direk en indirek op alle skoolstadia bevorder. (Grant, op.cit., p.24)

By sekondêre en tersiêre onderwys word onderrig in die politieke beleid van die Sowjet-unie openlik aangetref en speel dit 'n groot rol. Die leergang is hier deurspek van Sowjet-beginsels. Die hele onderwysstelsel is ontwerp om te help in die opbou van 'n kommunistiese gemeenskap en dit word baie goed gekontroleer deur die Sowjet-regering en die Kommunistiese Party. (Ibid, p.25)

Daar is niks permanents in die kommunistiese opvoedingsfilosofie nie. Selfs etiese en morele wette het geen besliste doeleindes nie. Dit is hoofsaaklik 'n geval van Russiese doeleindes in politiese velde wat die onderwys gebruik as 'n metode om die nuwe Sowjetmens te skep. (Shimoniak, op.cit., p.51)

Die Sowjet-regering en -onderwysowerhede gebruik alle teoretiese en praktiese toepassings wat nodig is om die mens se natuur so te herskep dat die nuwe Sow-

jet-mens 'n stuk gereedskap van hulle politieke doeleindes en behoeftes word. (Idem)

Hierdie uiteensetting van die kommunistiese onderwys was daarop gemik om te sien hoe die kommunis sy lewens- en wêreldbeskouing in die praktiese onderwys toepas. Dit het baie duidelik geword dat hulle geen steen onaangeroerd laat om die leerling só te kondisioneer en te indoktrineer dat daar vir hom naderhand nie eers meer 'n moontlikheid van 'n ander lewens- en wêreldbeskouing bestaan nie. Dit moet dus gesien word as die uiterste vorm van doktrinêre onderwys en opvoeding. Elke vak in die skool word gesien as 'n middel tot die vorming van die nuwe mens. (Gunter, op.cit., p.73). Dit is dus nie snaaks dat die skool se hooftaak gesien word, as die oordrag van die Marxistiese-Leninistiese ideologie nie. Die skool moet die kind kommunisties laat dink, voel en doen. (Pretorius, op.cit., p.311)

Ten slotte moet alle onderwysers, maak nie saak watter vakke hulle doseer nie, hulle bydrae tot die skepping van 'n kommunistiese wêreldbeskouing by die jeug lewer. L.F. Il'idev, Sekretaris van die party se Sentrale Komitee sê: "Development of a firm communist world outlook in secondary school students is a most important task of the teaching staffs." (Ablin, F. (red), 1963, p.33)

3.2.1.3 <u>Samevatting</u>

Samevattend kan die kommunistiese onderwys só gestel word:

- Die kind moet deur die onderwys gekondisioneer word tot volkome inskakeling in die kollektivistiese staat.

- Die Sowjetowerheid wil 'n nuwe Sowjetmens skep d.m.v. die onderwys en opvoeding.

- Die skool moet die kind indoktrineer met die beginsels van die Kommunistiese Party.

- Die onderwys is 'n politieke gereedskapstuk vir die konstruksie van 'n kommunistiese gemeenskap.

- Die Sowjetowerheid sê reguit dat indoktrinasie 'n openlike rol in hulle opvoeding en onderwys speel.

3.2.2 Rooms-Katolieke Onderwys

Die Rooms-Katolieke onderwys word nou kortliks nagegaan omdat dit 'n Christelike godsdienstig-gefundeerde stelsel is en dus in 'n groot mate vergelykbaar is met die Christelik-nasionale onderwysstelsel. Hier kan dus gelet word op hoe die Rooms-Katolieke onderwys sy godsdiensoortuigings op sy onderwys toepas en of daaruit enige wenke gekry kan word vir toepassing in die eie onderwys.

Ter aanvang sal dit gepas wees om 'n aanhaling uit die hoof van die Katolieke kerk se beskouing oor onderwys te gee. Pous Pius XI sê in "The Christian Education of Youth": "it must never be forgotten

that the subject of Christian education is man, whole and entire, soul united to body in unity of nature, with all his faculties natural and supernatural, such as right reason and revelation show him to be: man, therefore fallen from his original estate but redeemed by Christ and restored to the supernatural condition of adopted son of God. Hence every form of pedagogic naturalism which in any way excludes or weakens supernatural Christian formation in the teaching of youth is false." (Cunningham, 1949, p.55)

Uit hierdie aanhaling kan dus verwag word dat die onderwys van die Rooms-Katolieke kerk vervleg sal wees met die godsdienstige beginsels van die kerk. Die Rooms-Katolieke kerk aarsel nie 'n oomblik om sy godsdiens as grondslag vir die onderwys te erken en te aanvaar nie. Hulle verwerp ook sonder meer 'n nie-godsdienstig gefundeerde onderwysstelsel as vals.

Die Katoliek vervleg dus sy godsdiens en onderwys baie intiem. In sy opvoeding en onderwys is die vraag, wat die doel van 'n Katolieke lewe is, van uiterste belang, want hy wil sy skool só inrig dat die leerlinge vir só 'n lewe opgelei word. (Ryan, 1945, p.3). Vir die doel van 'n Katoliek sal 'n Katolieke lewe op Rooms-Katoliek godsdienstige beginsels berus en as die skool dus die leerling vir so 'n lewe oplei, sal die skool op ooreenstemmende godsdienstige beginsels berus.

Die Katoliek moet só lewe dat hy in gedagte, woorde en dade, in al die optredes van gedagtes, hart

en siel, nader en nader aan God beweeg, nie net in die hiernamaals nie, maar ook in hierdie lewe. Die Katolieke student moet dus só afgerig word dat hy 'n geheel Christelike lewe lei, nie net om sy siel te red nie maar ook om 'n lewe te maak in 'n beskaafde gemeenskap. Die student word dus geleer om in liefde deel te hê aan die Mis, die sakramente te ontvang, te bid, te waardeer, te studeer en te werk. "Developing the natural faculties of its students to their utmost, it should promote all those sound habits of craftmanship and industry, ............, of philosophic and theological contemplation of that will aid them as members of the Mistrial Body of Christ, to regain the integrity lost at the Fall, to sanctify themselves ...... and so to share at all times as intimately as possible in the work of the Trinity, now and forever." (Ibid, p.15)

Die kurrikulum wat aan al die doeleindes van Katolieke onderrig moet voldoen, moet alle vakke bevat wat nodig is om aardse geluk deur "sacramentalisation" te bereik en gevolglik hemelse geluk deur inkorporasie met Christus en "apprenticeship" onder Hom as Meester. Die twee hoofkursusse is dus praktiese teologie en praktiese filosofie. Alle ander vakke dra net by tot een van die twee. (Ibid, p.25). Die vakke moet dus só gebruik word, só geïnkorporeer word "as to turn students into young men both saintly and professional." (Ibid, p.33)

Die onderwys van die jeug reflekteer noodwendig die idees van die volwassene. Hoe meer enige groep mense aan 'n vaste oortuiging van positiewe beginsels en lewenswyse vashou, hoe meer sal hulle probeer om langs neergelegde lyne die morele, intellektuele en selfs fisiese ontwikkeling van hulle kinders te stuur. "The Catholic church is pre-eminently such a body of men." (Evenett, 1944, p.1)

Die Katolieke kerk sien haar rol in die onderwys as 'n direkte gevolg van haar roeping om die Christelike waarheid ten volle te ontwikkel, 'n waarheid in die lig waarvan waarlik doel gegee word aan die menslike lewe en om standaarde en waardes te ontwikkel, direk en indirek - vir alle menslike aktiwiteite. (Idem)

Dit is die Katolieke kerk wat die algemene lewensfilosofie voorsien, spirituele en morele waarhede leer en poog om te verseker dat die kind se onderwys ten volle Katoliek is. (Ibid, p.4)

Die Katolieke oortuiging is dat die onderwys van kinders essensieel die oordrag van 'n lewenswyse is en dat 'n ferm en deurlopende basis van dogmatiese religie deur priesters en nonne gevolglik nie alleen nodig is nie, maar dit 'n saak van hoë prioriteit maak. Die groot getal nie-Katolieke wat hulle kinders na Katolieke inrigtings stuur, toon aan dat daar 'n sekere waardering is vir die werk wat die priesters en nonne doen in die voorbereiding van kinders vir die lewe,

bo en behalwe gewone klasgee. (Ibid, p.81)

Die katolieke skool gee deur sy kurrikulum aan sy leerlinge 'n kennis van hulle geloof in dieperwordende intensiteit, sodat die leerling, as hy die onderwysleer klim, aan die einde van die periode van algemene onderwys sy geloof sal ken en verdedig indien nodig. "Through the reception of the sacraments and participation in common worship, the community of scholars that is the school, shares in the effects of divine grace. They feel themselves lifted up to a level of devotion and deep appreciation of their faith and it may truthfully by said of them they love it." (Cunningham, op.cit., p.555)

Deur die sosiale lewe van die skool, deur die inspirerende voorbeeld van onderwysers, deur persoonlike leiding en dissiplinêre regulasies wat vir hulle welsyn opgestel is en deur 'n werklike sosiale stelsel van straf en beloning, ontvang hulle opleiding in die geestelike waardes. (Idem)

Samevatting

- Die godsdiens word as grondslag vir die onderwys erken.

- Godsdiens en skool word intiem vervleg.

- Die kind se onderwys word gestuur in die rigting van die ouer se lewens- en wêreldbeskouing.

- Deurlopende dogmatiese religie is die kern van die onderwys en is 'n saak van hoë prioriteit.

Elke vak dra by tot die religieuse vorming, sowel die "accidentals" as die "essentials".

3.2.3 <u>Vergelyking tussen enkele aspekte van die Kommunistiese en Rooms-Katolieke onderwys</u>

- Onderwys en opvoeding is 'n persoonlike kontak tussen opvoeder en opvoedeling. Omdat albei mense is, is dit logies dat van die een 'n invloed op die ander sal oorgaan, wat breër as die oordra van feitekennis is.

- Die beginsels, tradisies en geloof van die volk word deur die een geslag (opvoeder) oorgedra op die volgende geslag (opvoedeling). Dit is nie net nodig nie, dit is 'n saak van hoogste prioriteit.

- Die kommunis doen bogenoemde en dra sy party se beginsels oor op die jeug, of hulle nou saamstem of nie, hulle het geen keuse nie.

- Die Katoliek doen dit ook, maar met liefde, want hulle huldig almal dieselfde lewens- en wêreldbeskouing.

- Die belangrikste punt van ooreenkoms is dus dat albei stelsels daarop staan, dat sekere beginsels op die jeug oorgedra moet word, sodat dit vir die kind net so belangrik is as vir die opvoeder.

- 'n Tweede punt van ooreenkoms is dat albei die skool sien as 'n instelling wat by voorkeur geskik is om die beginsels oor te dra en dus sonder enige twyfel

daarvoor gebruik moet word. Albei erken dit openlik.

3.2.4 Christelik-nasionale onderwys

Tot dusver is twee onderwysstelsels nagegaan, wat ten spyte van al die verskille in een groot saak ooreenstem: Die kind moet in die onderwys gelei word in 'n spesifieke rigting. Elkeen van dié twee stelsels het sy eie metodes om by hierdie doel uit te kom.

Indien daar nou na die onderwysstelsel van die Afrikaner gekyk word, ontstaan die volgende vraag: Beantwoord dit aan sy doel vir die Afrikaner soos wat die kommunis se onderwys kommunisme bevorder en soos wat die Katoliek met sy onderwys 'n Roomse doel bereik?

Volgens artikel 2 I B van die wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van '67) bepaal die minister van tyd tot tyd ten opsigte van onderwysersopleiding dat iemand wat as onderwyser opgelei word, toegerus moet word om uitvoering te gee aan die beleid wat die minister bepaal binne die raamwerk van die beoogde beginsels, onder andere in artikel 2(1) (a) en (b) van die genoemde wet. (v.d. Schijf, 1972,p.17)

Hieruit is daar enkele sake wat beslis onderstreep moet word. Daar word gesê dat die persoon wat as onderwyser opgelei word, toegerus moet word om uitvoering te gee aan die beleid in die wet vervat. Dit impliseer dat die onderwyser na sy opleiding gebruik moet

maak van hierdie toerusting wat hy in sy opleiding ontvang het. Hy moet dus in die praktyk, d.w.s. in die klaskamer, ook die bepalinge van die wet nakom.

Die genoemde bepalinge in die wet vereis nou dat:

"2(1)(a) die onderwys in skole wat deur 'n staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede;

2(1)(b) die onderwys moet 'n breë nasionale karakter hê". (Ibid, p.18)

"Hierdie wetgewing is verpligtend en afdwingbaar:

(a) met godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede word 'n uitsondering gemaak op grond van die geloofsoortuiging van ouers en leerlinge, maar nie ten opsigte van die Christelike onderwys en opvoeding nie. Die verpligting is nou op alle skole geplaas om Christelike onderwys en opvoeding te gee waarvan geen vrystelling verkry kan word op grond van geloofsoortuiging nie.

(b) Onderwys en opvoeding moet 'n breë nasionale karakter hê wat volgens wet verpligtend en afdwingbaar is, dus C.N.O. skole." (Idem)

Indien daar nou in gedagte gehou word dat die onderwyser aan die beleid soos in die wet vervat, uit-

voering moet gee, dan is dit duidelik dat die onderwyser geen ander keuse het as om volgens Christelik-nasionale beginsels klas te gee nie. Verder moet hy, om 'n Christelik-nasionale opvoedkundige te kan wees, 'n Christengelowige wees, hy moet 'n Christelike lewensbeskouing hê, 'n nasionale inslag hê, uit en van die Afrikanervolk, wat betref taal, kultuur en tradisies.

Hierdie moet nie slegs as 'n algemene opmerking gesien word nie. Die handelsonderwyser moet dit sien as direk op hom van toepassing en dan moet daar oplossings vir hierdie taak gesoek word in elke les van die betrokke vak. Soms moet dit meer en soms moet dit minder, afhangende van die inhoud van die les, maar altyd moet elke vak Christelik, dit wil sê, Skrifgefundeerd aangebied word.

Hierbo is nou 'n kort vertolking gegee van dié artikels in die wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid (39 van '67) wat betrekking het op Christelik-nasionale onderwys. Dit sou egter nie wetenskaplik korrek wees om slegs met hierdie enkele opmerkings die werk van die onderwyser as klaar en afgebaken te sien nie. Dit sal wenslik wees om eers meer agtergrond tot die wet te kry, sodat die wet, sy toepassings en vertolkings beter verstaan kan word.

#### 3.2.4.1 Agtergrond en begripsverklaring ter verduideliking van C.N.O.

Die kort beskouing van C.N.O. in hierdie studie moet nie gesien word as 'n poging om C.N.O. volledig

te verklaar of enigsins te regverdig nie. Dít moet as afgehandel beskou word aangesien groot opvoedkundiges soos Coetzee, Bingle en andere dit jare gelede reeds gedoen het. Vir die doel van hierdie studie word die bestaan van en regverdiging vir C.N.O. as voldonge feite aanvaar.

In hierdie werkstuk sal dit dus met betrekking tot C.N.O. hoofsaaklik daarom gaan of daar in C.N.O. spesifiek voorsiening gemaak word vir Skrifgefundeerde onderrig, met die nodige argumente daarvoor. Indien dit nie spesifiek vermeld word nie, sal daar in die beskouing van C.N.O. gelet word op die nodige gronde vir die regverdiging van Skrifgefundeerde onderrig.

Die grootste klem sal dus op die Christelike aspek van C.N.O. val, aangesien daar gesoek word na gronde vir Skrifgefundeerde onderrig. Gevolglik sal minder aandag aan die nasionale aspek gegee word.

Elke vrye Christelike volk kan seker daarop aanspraak maak dat hy 'n lewensopvatting het wat as Christelik en nasionaal beskryf kan word. Die term Christelik-nasionaal word egter spesifiek met die lewensbeskouing van die Afrikanervolk verbind. Daardeur het dit in sekere opsigte 'n meer gedifferensieerde betekenis as wat die term streng genome letterlik aandui. Die Afrikanervolk is in 'n groot mate afstammelinge van die kerkhervormers Luther en Calvyn. Daarom beteken Christelik vir die Afrikaner Protestant-Christelik en nog noukeuriger, Calvinisties. (Pistorius, op.cit., p.311)

Hieruit kan afgelei word dat die Afrikaner wil hê dat sy kind 'n Calvinistiese opvoeding moet kry en aangesien huis, kerk en skool in noue verband optree, verwag die Afrikanerouer dus 'n Calvinistiese onderwysstelsel. Dit word moontlik gemaak deurdat die wetsklousule met betrekking tot gewetensbesware gegrond op geloofsoortuiging, slegs betrekking het op godsdiensonderrig en nie op ander vakke nie. Daar is hier dus 'n besliste aanduiding dat Skrifgefundeerde onderrig verlang word.

Die C.N.O. mag hom nie losmaak van sy Calvinistiese en Afrikaanse ankers nie. Die C.N.O. se ideaal bly onder alle omstandighede die voortbestaan van 'n Calvinistiese Afrikaanse volk. (Ibid, p.318)

Aangesien dit prakties onuitvoerbaar sou wees om van elke Afrikaanse gesin te verneem hoe hulle die begrip C.N.O. vertolk, is dit logies dat 'n betroubare spreekbuis van die Afrikaner in hierdie geval die F.A.K. sal wees.

Die Instituut vir Christelik-nasionale onderwys van die F.A.K. het sekere grondslae vir C.N.O. daar gestel en verklaar dan die volgende: Die onderwys en opvoeding van kinders van blanke ouers moet op die grondslag van die ouers se lewens- en wêreldbeskouing geskied. Vir die Afrikaanssprekende ouer beteken dit dus dat sy kind op die grondslag van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing opgevoed moet word. Daar moet op gewys word dat die Christelike

en nasionale beginsels van grondleggende betekenis is vir hierdie lewens- en wêreldbeskouing. Verder het dit ten doel die voortplanting, beskerming en ontwikkeling van die Christelike en nasionale wese en aard van die Afrikanernasie. Die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte van die drie Afrikaanse kerke vorm die kern van die Christelike grondslag van hierdie lewens- en wêreldbeskouing. (F.A.K., 1948)

'n Beter uiteensetting as hierdie sal moeilik gevind word. Dit toon presies aan wat die Afrikaner verwag in die opvoeding van sy kind. Dit behoort ook hieruit duidelik te wees, dat om vir die Afrikanerkind 'n Christelike opvoeding te gee, sal beteken dat die onderrig van al sy vakke Skrifgefundeerd moet wees. Die plig rus dus nou op die onderwyser om sy vak in so 'n mate te ontleed dat dit vir hom moontlik sal wees om in die klas Skrifgefundeerd op te tree.

Die Afrikaner verwag dat die opvoeding van sy kind daarop ingestel moet wees om die kind, as mens van God, volkome toe te rus vir die vervulling van sy daaglikse roeping. Vir die Calvinis beteken dit dat die godsdiens nie alleen die sentrale leerstof sal wees nie, maar dat dit alle ander vakke sal deursuur. (Gunter, op.cit., p.426)

Hierdie weergawe van die siening van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging deur Gunter is presies wat bedoel word met Skrif-gefundeerde onderrig. Die Afrikaner het 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing en hierdie lewensbeskouing eis dat die inhoud, gees

en rigting van al die vakke op skool sal ooreenkom met dié siening. (Greyling, 1941, p.101). Die aanbieding van die vakke moet só wees dat dit sal bydra tot die kweek van 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing by die leerling. (Gunter, op.cit., p.426). Dit dui op slegs een moontlike aanbiedingswyse nl. Skrifgefundeerde onderrig.

3.2.4.2 Samevatting

- Onderwys vir die Afrikaner moet 'n Christelike karakter hê.

- Die uitsondering t.o.v. godsdiensonderrig in die wet, maak geen melding van ander vakke nie - dus behoort alle vakke op Afrikaanse skole Skrifgefundeerd aangebied te word.

- Die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing eis dat die inhoud, gees en rigting van al die vakke op skool sal ooreenstem met die beskouing. Dit dui ook op Skrifgefundeerde onderrig.

## 4. INDOKTRINASIE EN KONDISIONERING

By die kort bestudering van drie stelsels van doktrinêre onderwys in die voorafgaande bladsye is daar enkele sake wat nader beklemtoon moet word.

Al drie dié stelsels sê, dat by die onderrig van die leerling, ook die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder aan die leerling oorgedra moet word. Die doel met hierdie stelling en die metode van toepassing, verskil egter geweldig by die drie

stelsels.

Die kommunis dra die beleid van die Sowjet-owerheid oor, sodat die kind volslae gekondisioneer en geïndoktrineer word tydens die onderwysdaad.

Die Rooms-Katoliek beoefen sy onderwys deur sy kerk en kerkamptenare en wil sodoende die ouer se lewens- en wêreldbeskouing oordra.

By C.N.O. word die onderwys deur die staat beheer, maar die ouer wat 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing het, wil hê dat onderwysers met soortgelyke oortuigings dit aan die kinders moet oordra d.m.v. Skrif-gefundeerde onderrig van alle vakke en aktiwiteite.

Volgens "Mondstuk", van die Transvaalse Onderwysersvereniging, is daar 'n bewering gemaak dat daar nou in die Transvaalse hoërskole begin is met "die openlikste poging om die jeug op kulturele gebied te indoktrineer sedert die dae van lord Milner." (Mondstuk, 1973, p.5)

As gevolg van hierdie bewering wat teen die onderwys in Transvaal gemik is, moet daar nou nagegaan word wat die woord indoktrinasie beteken, sodat gesien kan word of die skole in Transvaal van dieselfde tegniek as die Russiese skole gebruik maak.

Indoktrinasie is 'n heel moderne begrip wat in vooroorlogse ensiklopedieë haas nie 'n plek kon vind nie. In die International Encyclopedia of Social

Sciences word die woord indoktrinasie in verband gebring met breinspoeling, onderwys, onderwyspsigologie en propaganda. (Pienaar, 1969, p.222)

Om die begrip indoktrinasie in alle lande van die wêreld na te speur sou 'n onbegonne taak wees. Daarom word veral gelet op die Russiese metodes omdat dit die oudste vorme van indoktrinasie in die moderne tyd bevat en ook baie "verfynd" is. In die algemeen kan gesê word dat indoktrinasie gebruik maak van argumente en feite, maar nie toelaat dat die luisteraar die geldigheid van die feite deur persoonlike kritiek probeer vasstel nie. Die inhoud en die waarheid van die indoktrinering word buite en bo diskussie of bespreking gestel as 'n soort dogma wat op die gesag van die Party steun, sodat die leraar niks anders kan doen as om die publiek so duidelik en klaar voor te lig dat die bewyse van die partydige waarheid ingesien moet word nie. (Ibid, p.223)

Hierdie beginsels kan op die onderwysvlak só uiteengesit word: indoktrinasie in die engere sin beteken die propagering van 'n bepaalde saak, idee of leerstelling, die inprenting van 'n dogma wat die leerling bloot op gesag en geheel en al sonder kritiek moet aanvaar. Verder is dit die doelbewuste en planmatige beïnvloeding van die kind ten gunste van net een kant van 'n kontensieuse saak, die opsetlike kondisionering van die leerling volgens 'n vaste en onbuigsame staatspolitieke patroon. (Gunter, op.cit.,

p.222)

Dit behoort uit hierdie uiteensetting duidelik te wees dat by C.N.O. daar geen sprake kan wees van indoktrinasie soos hierbo uiteengesit is nie.

Daar is egter ook 'n ruimer en beter betekenis van die woord indoktrinasie waarsonder opvoeding net nie moontlik is nie. "Opvoeding is wesenlik 'n oordrag van tradisie tesame met die lewensopvatting, standaarde, sedes, waardes en ideale wat daarin beliggaam is. Dié waarhede, waardes en beginsels wat deur die eeue heen beproef is, en die toets van die ervaring deurstaan het, moet tog van kleins af by elke opkomende geslag ingeskerp word." (Ibid, p.223). Hiermee word bedoel dat die Afrikaner aan sy kind sal oordra die lewensopvatting, standaarde, sedes, waardes en ideale wat eie aan die Afrikaner is. Dít is dan in die praktyk die toepassing van C.N.O. beginsels m.a.w. Skrifgefundeerde onderrig.

## 5. DIE TAAK VAN DIE ONDERWYSER

### 5.1 Die taak van die onderwyser n.a.v. hierdie werkstuk

"'n Kind kan nie normaal en behoorlik ontwikkel in 'n neutrale en kleurlose atmosfeer nie. Hy het 'n dringende behoefte aan opvoeders met 'n eie en weldeurdagte oortuiging en standpunt. Dit is die opvoeder se dure verantwoordelikheid om op sy leerlinge oor te dra, die beste en edelste wat hy ken, en as waarheid vir homself toegeëien het......

Die onderwyser hoef dus nie sy persoonlike beskouing of geloof te probeer verswyg nie; trouens hy mag nie en nog meer, hy kan ook nie want sy lewe self is die getuienis daarvan." (Idem)

Vir die Afrikaner is die saak nou hiermee uitgemaak: Hy het 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, wat hy aan sy kinders wil oordra, en gevolglik moet 'n onderwyser met soortgelyke oortuigings sy kind op skool leer. Dié onderwyser moet dan sy vak Skrifgefundeerd aanbied.

## 5.2 Die taak van die onderwyser soos gesien deur Dr. A.L. Kotzee, voormalige Transvaalse Direkteur van Onderwys

"As opvoeders behoort ons te weet dat sommige mense vandag baie dinge kondoneer wat nooit gekondoneer behoort te word nie. As ons deelneem aan hierdie kondonering sal ons net dit wat 'n moeilike pad moet wees, omskep in 'n tapyt vir die onsedelikes. In ons hart weet ons baie goed wat reg en verkeerd is. Ons moet ons stem hard verhef teen wat verkeerd is. Waar sal ons beland as ons nie ons opvoeding en onderwys op 'n morele grondslag bou nie?" (T.O.D., op.cit., p.4)

"As ons mense nie voldoen aan standaarde nie, word aan die hele wêreld verkondig dat daar iets skort met die standaarde. Die waarheid is egter dat daar iets skort met die mense! Ons kan tog nie in 'n wêreld sonder norme of standaarde lewe nie. As ons standaarde in geld, mate en gewigte oorboord gooi,

sal daar chaos wees. Dieselfde sal gebeur as ons afstand doen van ons morele standaarde." (Ibid, p.5)

"Ons moet ons jongmense sterk maak, geestelik sterk maak. Ons het in ons land die wonderlikste lewensfilosofie. Ons kan wen want ons het die positiewe." (Ibid, p.11)

"Ons land vestig sy hoop op ons hoofde en onderwysers." (Ibid, p.14)

Die Afrikaneronderwyser se antwoord op hierdie oproep moet dus Skrifgefundeerde onderrig, onderwys en opvoeding wees!

# HOOFSTUK 3

## HANDELSWETENSKAPPE AS CHRISTELIKE WETENSKAPPE

### 1. NORMATIEF OF NEUTRAAL

#### 1.1 Algemeen

Waterink het reeds die gedagte van neutraliteit verwerp. (vgl. p. 22, Hfst. 2) In ooreenstemming met sy siening is daar vir die Christen dus geen ander metode by die bestudering van die ekonomiese wetenskappe nie, as om dit Christelik te doen. Hieruit volg dan logies dat ook die onderrig daarvan Christelik moet geskied. Die Christenonderwyser moet dus sy vak Skrifgefundeerd aanbied.

Voordat daar egter daartoe oorgegaan kan word om die onderrig van handelsvakke te bestudeer is daar enkele ander aspekte van 'n Christelike ekonomie wat verdere aandag verdien.

'n Student het eenmaal gesê: "in die wetenskappe wat op ons universiteite gedoseer word, word die Bybel en wat daarin staan nie bestry nie maar totaal geïgnoreer." (Kotze, T.J., 1935, p.342). Die Christenonderwyser sal, as hy hierdie woorde hoor, onwillekeurig aan die volgende dink: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug." (Openbaringe 3:15 en 16)

Navraag by 37 onderwysers verbonde aan Afrikaanse hoërskole het aan die lig gebring dat 25 van hulle in die loop van 2 kwartale nooit 'n woord oor die Bybel in

verband met hulle vakke gespreek het nie. Dit was nie 'n verteenwoordigende steekproef nie maar dit gee tog 'n aanduiding dat die aangehaalde opmerking van die student veertig jaar gelede (vgl. vorige bls.) nie 'n ongegronde holle aanklag teen slegs sekere dosente of lektore alleen was nie. As dit nou verder in gedagte gehou word dat die besondere 25 onderwysers almal Afrikaanssprekend is en aan een van die drie susterkerke behoort, kan daar tereg kommer wees oor die normatiwiteit van onderrig aan hoërskole.

Die Afrikaner het 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en hy kan dus nie anders as om die Christelike norme in sy klas voor te hou nie. Op 'n vraag aan 'n paar onderwysers oor waarom hulle nie Skrifgefundeerd klasgee nie, is daar vae antwoorde ontvang, maar enkeles het tog duidelik geantwoord dat daar 'n gewetensklousule in die onderwyswet is. Dit toon dat dié onderwysers nie besef dat die gewetenskousule as argument nie meer geld na Wet 39 van 1967 nie. Dit moet dus baie duidelik gesê word dat dié klousule slegs betrekking het op godsdiensonderrig en niks te doen het met die onderrig van die vakke nie. Die Christenouer wil hê dat die Christenonderwyser sy kind Christelik moet onderrig en die wet wil dit ook hê. Wetlik mag (moet!) daar dus Christelike norme in die ekonomiese vakke op skool ingebring word. (Vgl. Wet 39 van 1967, klousule 2(a))

Daar is Christenstudente en -leerlinge met die volgende geloofsbelydenis t.o.v. hulle studies: "Die Calvinistiese wêreldbeskouing het die neutrale gees weerstaan. God is bo die wêreld - Hy is die "gans andere", en tog is Hy in Sy almag en alomteenwoordigheid in die wêreld werksaam. God regeer, Hy is soewerein en die diep heilige beginsels van sy Woord geld op alle terreine van die lewe." (Kotze, T.J., op.cit.,p.346)

Die Christenonderwyser moet baie dankbaar wees dat sommige van sy leerlinge só 'n lewensbeskouing het. Hy moet dit versterk en gebruik om andere wat lou is, warm te maak. Dit moet uitgebou word tot elke vak, wat aangebied word.

1.2 Die kern (middelpunt) van die lewe

Graaf Herman Keyserling, 'n bekende wêreldreisiger, het o.a. die volgende motiewe gegee vir sy wêreldreise: "Ek wil in die breedte waar my lewe geheel anders moet word om te verstaan, waar die 'verstaan' 'n radikale vernuwing van begripsmiddele verlang, waar ek soveel moontlik moet vergeet van wat ek vroeër wis en was. Ek wil die klimaat van die trope, die Indiese bewussynstoestand, die Chinese bestaansvorme en vele ander momente wat ek nie vooruit kan bereken nie, afwisselend op my laat inwerk, sodat ek kan sien wat van my word. As ek dan alle koördinate bepaal het moet ek ook die middelpunt besit. Dan sou ek alle toevallighede van tyd en ruimte agtergelaat het." (van Deursen, 1951, p.3)

Sulke reisigers het rondgetrek om uit gegewe koördinate 'n middelpunt vir hulle bestaan te vind. Vir die Christen is die sentrum egter gegee. Wie in God en die Seun glo, het in sy geloof die middelpunt, Christus. In die geheimenis van die vleeswording konsentreer die hele Christelike lewe. Hoe meer ek dus vir Christus as die middelpunt van die lewe ken, hoe beter sal ek die omtrek kan teken, want die omtrek is eweredig tot die hoogte, die diepte en die krag van die Sentrum. Wanneer ons in waarheid Christen is, ingeplant in Christus die middelpunt, dan sal ons die onweerstaanbare behoefte ken om die strale van die Lig van alle kante op te vang en uit te straal. Dan sàl ons in alles wil handel na die Wet van God. Die grondwet van God se ryk is ware menslikheid. Want daarom het die Koning gekom sodat sy burgers hulle ware bestemming sou bereik. (Idem, My beklemtoning)

Die onderstreepte sin hierbo maak die kern uit van die lewe van die Christen: as student, skolier, onderwyser ens. Dit haal ook al die probleme uit die kwessie van normatiwiteit versus neutraliteit in handelswetenskappe asook in die onderrig van handelsvakke op skool. Die vraag is nou nie langer of die Christenhandelsonderwyser normatief mag onderrig gee nie. Hy sal nie anders kan skoolhou nie. By hom kan daar nie langer twyfel wees nie. Hy sal normatief moet klasgee en wèl positief-Christelik. In kort dui dit dus weer op Skrifgefundeerde onderrig van handelsvakke.

## 2. DIE AARD VAN DIE NORME IN DIE HANDELSWETENSKAPPE

### 2.1 Norme vir die Calvinis

Vir die Calvinis moet die eer van God:

- bo alles gestel word en
- met alles gesoek word.

Vandaar dat alle wette en sedelike norme waaraan die samelewing gemeet sal word deur Gods Woord beslis word. Dus verwerp die Calvinis alles wat daarmee in stryd is. (de Lange, P.W., 1939, p.171)

Die Calvinis soek dus die bron van die norme in die wil van God soos geopenbaar in sy Woord. Dit is dus die waarhede van die Woord wat ons norme standaardiseer. (de Klerk, e.a., op.cit., p.217)

Hieruit volg eerstens dat alle norme in die handelswetenskappe deur Gods Woord beslis word en tweedens dat die onderrig van die vakke ook deur Gods Woord beslis word en dus Skrifgefundeerd moet wees.

Godsdiens eien homself die absolute outoriteit toe in die sfeer van menslike optrede. Dit het te doen met wat goed en reg is en dus met die lewe in sy geheel. (Northcott, 1958, p.3)

Selfs 'n oppervlakkige leser van die Ou Testament, en veral van die Profete, sal vind dat klem gelê word op sosiale deugde en die onverbloemde verdoeming van sonde teen die gemeenskap en die indiwidu. (Ibid, p.9)

Die etiek (die norme) van die Ou Testament kan só saamgevat word: "Hy het vir jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (Miga 6:8). As gevolg hiervan het die Christen nog altyd alle probleemsituasies kon benader om sy optrede hierdeur te laat bepaal: of dit die wil van God weergee. Die norm word dus bepaal deur die wil van God.

2.2 <u>Die toepassing van Christelike beginsels</u>

Deur die toepassing van Christelike beginsels word die mens se persoonlikheid die rykste ontwikkel. Die onderneming wat sy werkers in waardigheid, betroubaarheid en eerlikheid oplei, is dus besig om hulle ontwikkeling aan te moedig. (Northcott, op.cit., p.19)

Beginsels is nie slegs intellektuele kragte nie alhoewel hulle die denke van die mens wat daarvolgens lewe, moet beïnvloed, Beginsels moet dinamiese eienskappe hê wat die gevoel en houding beïnvloed, wat die hele liggaam van die mens, die staat, die gemeenskap, die fabriek of die handelsonderneming só beïnvloed dat dit lewe met "iets" van die Christelike gees. (Ibid, p.13)

Die Christen het leiding nodig in die beoefening van sy ekonomiese verantwoordelikheid. In die moderne tyd kom die Christen al meer tot 'n nuwe besef van sy belydenis dat Christus die heer is van alle lewe. Hy is nie slegs die God van ons persoonlike ver-

houding tot Hom en ons naaste nie, maar ook van die gesamentlike optrede van die mens. Hy is die God van politiek en ekonomie en as die mens nie sy heerskappy aanvaar nie, kan die gemeenskap nie harmonies funksioneer nie en kan ons nie ons diepste behoeftes bevredig nie. Die mens word dus opgeroep as Christene, om God nie slegs te dien in sy persoonlike verhoudinge nie, maar ook in <u>die manier waarop hy werk en sy lewe verdien</u>. (Sleeman, 1953, p.11. My beklemtoning)

Hierdie laaste geld vir alle Christene: Die Christenonderwyser moet dus ook in die manier waarop hy werk, God dien en verheerlik. Die handelsvakke wat hy onderrig, moet dus só aangebied word dat God daarin verheerlik word.

Dit is waar dat die ekonomie met een aspek van die mens se lewe te doen het en die teologie met 'n ander aspek, maar dit bly tog dieselfde mens wat met albei te doen het en hy kan tog nie sy persoonlikheid verdeel nie. (Ibid, p.13)

Uit bostaande volg dit nou logies dat die Christenonderwyser nie tuis sy eie kinders Christelik kan opvoed en met sy vrou 'n Christelike huwelikslewe lei en dan as hy in die klaskamer instap sy Christelike karakter "afskakel" en sy vak "neutraal" aanbied nie. Sy Christelike beginsels bly deel van sy persoonlikheid en hy moet dus Christelik wees in die onderrig van sy vak. Die Christen se lewe is op die Bybel gegrond en dus moet sy vakaanbieding Skrifgefundeerd wees.

# 3. DIE BETEKENIS VAN DIE BEELDVERBONDENHEID VAN DIE MENS MET GOD VIR DIE HANDELSWETENSKAPPE: IN DIE PRAKTYK, TEORIE EN OPVOEDING

## 3.1 Die mens se optrede in die lig van sy beeldverbondenheid met God

Die kerngedagte wat hierdie opskrif toelig, word gevind in dié woorde: "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." (Genesis 1:27)

Vervolgens moet daar nou gelet word op hoe die mens moet optree, of behoort op te tree, gesien in die lig van hierdie beeldverbondenheid met God en of dit ook van toepassing op die mens se ekonomiese aktiwiteite is.

Een van die dringendste behoeftes van die moderne wêreld is om te erken en te besef dat die groot morele beginsel (volgens Gods Woord) wat uitdrukking gee aan ons hoogste aspirasies (om in alles volgens Gods Woord te lewe), net so belangrik en van net soveel waarde is in die ekonomiese lewe, as op enige ander gebied van menslike ervaring. Dit is waarom die ekonomiese lewe noodwendig van belang moet wees vir die Christen. Die eerste taak van die Christen moet dus wees om die Bybelse norme vir die handelswetenskappe só van belang te maak in die ekonomiese lewe dat die basiese waardes volgens hierdie genoemde norme deur die ekonomiese lewe erken en toegepas sal word. Dit is dan in terme van hierdie beginsels wat die besluite en beleide van die ekonomiese instellings beoordeel moet word. (Bennett, 1954, p.191)

3.2 Die mens se verantwoordelikheid en aanpreeklikheid

Volgens Bennett is daar mense wat sê dat die Christelike etiek nie van belang is vir die ekonomiese lewe nie. Dan moet egter seker gesê word dat hierdie mense nie oor 'n duidelike uiteensetting beskik het van die radikale aard van die Christelike etiek nie. Neem bv. die onbeperkte grense van die Christelike liefde. Die aard van die liefde is een van die mees bespreke onderwerpe in die hedendaagse Christelike denke. Dit is egter "beyond debate that Christian love means caring for the dignity and welfare of all persons." (Ibid, p.205)

Daar moet klem gelê word op die mens se verantwoordelikheid vir daardie persone wat beïnvloed word deur enigiets wat die mens mag doen of nie mag doen nie. In ons interafhanklike wêreld is daar nie een wat nie só geaffekteer word nie. Geeneen van die grense van die wêreld kan 'n betekenisvolle skeiding maak tussen mense vanuit die standpunt van die Christelike liefde nie. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 10:25 - 37) illustreer dit baie sterk, omdat die aangerande 'n onbekende persoon was, omdat die held van die verhaal 'n persoon is wat aan 'n groep behoort het wat deur die Jode verag was, en dit is húlle wat die verhaal eerste gehoor het.

Die aanspreeklikheid van alle mense op alle plekke het groot betekenis vir die ekonomiese lewe omdat dit 'n vraagteken plaas agter al dié dinge wat dit moontlik maak om die klem hoofsaaklik op die eko-

nomiese belange van 'n besondere groep mense te lê. Die onbeperkte verantwoordelikheid wat in die Christelike liefde saamgevat word, beteken ook dat die mens gewillig moet wees om vir andere groot opofferinge te maak. (Bennett, op.cit., p.205)

God se opdragte en voorskrifte

Let op na die volgende Bybelwoorde en hulle implikasies vir die onderhawige saak:

"......... God is liefde." (1 Johannes 4:8)

"Soos die Vader my liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad." (Johannes 15:9)

"'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê." (Johannes 13:34)

"Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het." (Johannes 13:35)

As die mens dan na die beeld van God geskape is, volg dit uit hierdie beeldverbondenheid dat hy hierdie opdragte van Christus hierbo aangehaal moet uitleef, ook in sy ekonomiese lewe. Dan sal die opofferinge waarvan hierbo melding gemaak is, ook geen probleme oplewer nie.

God gee vir die mens sekere voorskrifte in sy Woord. Omdat die mens geskape is na die beeld van God, is dit nodig dat daarop gelet sal word of die mens lewe volgens die gegewe voorskrifte. Dit is so dat die mens die gebeure rondom hom beskou en

daarvan kennis neem. Die mens het ook sy eie gedagtes daaroor en vorm vir hom 'n beeld van die gebeurtenisse rondom hom. Hierdie denke en beelde van die mens moet egter nou in ooreenstemming wees met die eise van Gods Woord. Hoe sien die mens die ekonomiese lewe? Formuleer die mens enigsins die ekonomiese lewe, en is dit wat hy sê en skryf wel 'n formulering van God se gedagte oor die lewe? Sien die mens die ekonomiese lewe wel soos wat God wil hê dat hy dit moet sien? (Ridder, J, 1948, p.117)

Daar is geen outonome ekonomie nie. (Nederbracht, 1921, p.21). Die mens is ook in geen sake van die ekonomie outonoom nie. As God die Skepper is, as alles van Hom is, as alle stof en krag só is soos wat God dit wou gehad het, en die mens met sy gees 'n afskaduwing van God is, dan lê dit voor die hand dat die mens in alle opsigte, en dus ook t.o.v. die ekonomie, niks anders kan wees as 'n rentmeester van God nie. (Ibid., p.22),

Ten slotte kan weer gewys word op die instellingsbrief van die ekonomie:

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
En God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die

diere wat oor die aarde kruip." Genesis 1:27 en 28)

## 4. SAMEHANG VAN EN WETMATIGHEID IN DIE HANDELSWETENSKAPPE

### 4.1 Wetenskaplike samehang van die handelsvakke

Uit Stoker (Stoker, 1939, p.305) se indeling van die wetenskappe kan 'n uittreksel gemaak word t.o.v. die ekonomiese wetenskappe en daaruit kan die volgende beknopte samevatting gegee word.

Alle ekonomiese wetenskappe word ingedeel onder die hoofopskrif kultuurwetenskappe en hierdie indeling gee Ekonomie aan as 'n Beginselwetenskap, terwyl die onderafdeling Tegnologiese wetenskappe, toegepaste of sekondêre ekonomiese vakke soos Bedryfsekonomie en Rekeningkunde bevat.

Daar kan dus t.o.v. ekonomiese wetenskappe vir die doel van hierdie studie op die volgende indeling besluit word:

Ekonomie as basiswetenskap.
Bedryfsekonomie as sekondêre wetenskap.

Waar daar nou 'n studie gemaak word van die Skrifgefundeerde onderrig van handelsvakke op sekondêre skoolvlak, is dit noodsaaklik dat deeglik rekening gehou sal word met die wetenskaplike samehang van die handelsvakke wat aangebied word en dit is dus noodsaaklik dat die indeling hierbo altyd in gedagte gehou word.

Daar is een saak wat nooit uit gedagte verloor moet word nie. Alle Christelike denke omtrent die aard van die heelal en die doel van alle menslike aktiwiteite (dus ook ekonomiese aktiwiteite) moet by God begin. Hy het alle dinge gemaak en dit moet tot sy eer gebruik word. Hy is die Skepper wat alle lewe onderhou. God moet gedien en verheerlik word en sy wil gedoen word in die ekonomiese aktiwiteite soos in alle ander menslike aktiwiteite. Slegs wanneer die mens daarna soek om sy wil te doen, kan verwag word dat die ekonomiese orde effektief sal funksioneer, want slegs dan word alles gedoen soos wat die Skepper en Koning dit beoog het. (Sleeman, op.cit., p.15)

4.2 <u>Wette: verskillende beskouinge</u>

Sommige filosowe, bekend as Idealiste, beskou die menslike gees en nie God die Skepper alleen nie, as die groot soewerein. Vir hulle is die wet 'n reël of reëlmatigheid wat die menslike denke aan die dinge voorskryf. Orde en reëlmatigheid van verskynsels is dan ook te danke aan die ordende aktiwiteite van die menslike gees. Tesame met hierdie idealiste is daar nog andere met ander standpunte, maar oor een punt kom almal ooreen: Die mens is die maatstaf van die wette. Om die begrip 'wette' duidelik te verstaan moet daar onderskei word tussen verskillende soorte wette: Eerstens is daar die eersterangse wette waaraan die hele skepping en ook die mens van nature gebonde is. Dit noem ons primêre of natuurwette. Tweedens kry ons tweederangse wette nl. dié wat die mens maak. Dit kan ook sekondêre wette of statistiese wette genoem

word. Die humaniste stel hierdie wette as afhanklik van die mens. (Stoker, 1931/32, p.177)

Die realiste sê weer dat daar objektiewe wette is en dat hulle bestaan onafhanklik van die mens is. Dieper as dit gaan hulle egter nie. Die Calvinis moet egter nog dieper gaan. Die Calvinis erken dat die mens se kennis van die wette onvolledig is en ook dikwels gebrekkig en foutief. Wette is egter nie suiwer "aards" verstaanbaar nie. Vanwaar kom die wette waaraan alles onderworpe is? Dié wette wys heen op 'n bo-aardse Bepaler. Wie het dié wette aan mens, dier en plant gegee? Wie is die groot Wetgewer van die aarde en die hemel? Die Christen wat die Woord van God aanvaar as 'n absoluut vertroubare bron van kennis sê: Die God van die Skrifte. Die wette is dus 'n ordinansie Gods, hulle is bevele en bepalinge van God. God alleen is die absolute Heerser oor die hele skepping. God is 'n God van orde en reëlmaat en sy wette bepaal die reëlmaat en orde van die skepping solank as wat dit God behaag om dit in stand te hou. Die wet openbaar Gods wysheid en almag. (Stoker, op.cit., p.19)

God alleen is waarlik soewerein. Hy is die Skepper en Hy is die Wetgewer. Die hele skepping en alle wette is aan God onderworpe. Ons het God aan die een kant en sy onderdane aan die ander kant. Die wet, die ordinansie Gods, is die grens tussen God en die skepping. God is bo die wet; die skepping en

alle skepsele is onder die wet. God het egter nie net een soort wet gestel en net een soort ding geskape nie. In die aardse lewe word 'n rykdom van onderskeidinge en groot verskeidenheid aangetref. Alles en elk moet in sy eie aard erken en eerbiedig word. So is die ruimtewette soewerein in die ruimte en die ekonomiese wette soewerein in die ekonomie ens. ens. Dit is die taak van die wetenskaplike om die kring-soewereiniteit en dus die kring-grense te eerbiedig. Elke kring staan egter in sy kring-soewereiniteit onmiddellik onder God wat aan elke kring sy eie afgeleide en beperkte kringsoewereiniteit oordra. (Ibid, p.23)

Daar moet egter ook onthou word dat elke kring betrokke is op ander kringe, in elke kring vind ons die relasie tot elke ander kring. Geen kring kan op homself alleen staan nie. (Ibid, p.24)

In verdere uitbouing van die indeling van die begrip wette (sien p.65 van hierdie hoofstuk) moet die volgende ook in gedagte gehou word: behalwe die genoemde natuurwette en mensgemaakte wette, sou daar nog gewys kon word op 'n derde groep wette, nl. wette wat die gevolg is van algemeen voorkomende verskynsels.

Om nou finaal die begrip wette te sistematiseer kan die volgende driedelige indeling gemaak word.

Eerstens is daar die wet as regsreël wat deur 'n bevoegde mag ingestel is. (Nederbracht, op.cit., p.30). Daar moet nou onthou word dat God die enigste

absolute mag het en is, en dat alle ander magte slegs binne sekere grense bevoedheid het. Verder bedoel hierdie begrip "mag" nie soseer feitelike mag as morele mag nie. Die menslike wette steun dus veel eerder op morele mag. Daar kan dus aan hierdie wette twee kante toegeken word: enersyds die reg om te sê en te gebied en andersyds die plig om gehoorsaam te wees.

Nederbracht sê dat hy die tweede groep wette, die natuurwette (Ibid, p.32) nie wette sou wou noem nie maar eintlik natuurkragte, omdat hierdie wette in werklikheid onveranderlike natuurkragte is wat deur God só geskape is. Hierdie wette is suiwer feitelike wette, hulle gaan voort sonder om iets in ag te neem en is dus in werklikheid "blind" en het niks morele invloed soos die eerste groep wette nie.

Ter illustrasie van die derde groep wette, ook bekend as algemeen voorkomende verskynsels, kan die ekonomiese wette genoem word. 'n Enkele voorbeeld kan genoem word nl. die Wet van Gresham wat sê "Bad money drives good money out." (Ibid, p.33)

Daar word verder deur hierdie skrywer etlike verskille aangegee tussen natuurwette en ekonomiese wette:

(a) Natuurwette is blinde, brute kragte, terwyl die ekonomiese wette die resultaat is van die mens se doen en late en van sy denke;

(b) die natuurwette werk altyd en oral, terwyl die mens onder sekere omstandighede só kan en mag optree dat sy handeling 'n afwyking van die ekonomiese wet is;

(c) die mens kan deur studie en navorsing die natuurwette só leer ken, dat korrekte voorspellings omtrent hulle werking gemaak kan word, terwyl daar, ten spyte van alle studie oor die mens en die ekonomie, hoogstens gesê kan word wat in die ekonomie onder sekere omstandighede verwag sou kan word, maar nooit met besliste sekerheid nie.

Daar moet nou nog die volgende verskille tussen die wet as regsreël, en die ekonomiese wette (as voorbeeld van 'n algemeen voorkomende verskynsel), aangetoon word. (Idem)

(a) Die wet as regsreël beroep hom op die konsensie van die mens en die reg om te beveel en die plig om te gehoorsaam, terwyl die ekonomiese wet slegs die gevolg is van gemeenskaplike insig en handelswyse onder die mense;

(b) die vraag of die mens aan die regsreël gehoorsaam sal wees of nie, hang nie van die mens af nie, terwyl hy onder sekere omstandighede self bepaal of hy hom aan die ekonomiese wet sal onderwerp of nie;

(c) die verbreking van die wet as regsreël is 'n sedelike fout, terwyl die ongehoorsaamheid aan die ekonomiese wet hoogstens 'n verstandelike fout kan wees.

## 5. SAMEVATTING

Die middelpunt van die Christen se lewe is Christus. Die norme wat die Christenonderwyser sal toepas sal dus uit die Woord van God kom en hy sal die Christelike beginsels toepas, nie net met betrekking tot die inhoudelike van die vak wat hy aanbied nie, maar ook in sy metodiek. Om dit te kan doen, sal hy sy beeldverbondenheid met God, sy verantwoordelikheid en aanspreeklikheid (verwys 3.2 hierbo) en God se voorskrifte en opdragte gedurig voorop stel.

Die onderwyser kan nie anders, as om in die behandeling van ekonomie, as hy Skrifgefundeerd klasgee, die bostaande beskouinge van wette (verwys na 4.2) ook in gedagte te hou nie. Die leerlinge moet gewys word op die Christelike siening hiervan, want die ander beskouinge kan so maklik as korrek aanvaar word.

Weer eens dui al hierdie voorgaande werk op die Woord van God en die feit dat die Skrif die Christenonderwyser moet deurdrenk met beginsels om feite te soek, te orden, te interpreteer en toe te pas.

# HOOFSTUK 4

# SKRIFGEFUNDEERDE UITGANGSPUNTE MET BETREKKING TOT EKONOMIE AS BASISWETENSKAP ASOOK DIE ONDERRIG DAARVAN

## 1. EKONOMIE EN MENSLIKE ROEPING

### 1.1 Ekonomie gaan om die mens

In die ekonomie word die begrip "menslike behoeftes" op verskeie vlakke aangetref. Hierdie feit plaas die mens in die ekonomie op die voorgrond. Omdat die menslike persoonlikheid op die voorgrond kom, kan in die verklaring van die menslike verskynsels, die ontleding van die mens se dryfvere en wilsuitinge in die ekonomie nie gemis word nie. Die invloed van die mens se lewens- en wêreldbeskouing sal hom sterk daarby openbaar. (van Deventer, B., 1953, p.42) Hierdie laasgenoemde opmerking moet sonder twyfel ook van toepassing wees.wanneer die vak op hoërskool onderrig word. Die leerling moet, wanneer die mens se dryfvere ontleed word, pertinent daarop gewys word dat hierdie dryfvere beïnvloed word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke mens. (Vgl. Hfst.2 , p. 24)

Omdat dit verantwoordelike mense is wat in die ekonomiese lewe betrek is, kan die ekonomie hom nie net met kwantiteitsbeskouinge besig hou nie. Die opvatting omtrent die wese, die doel en die bestemming van die mens speel in alles 'n oorheersende rol. Gods Woord leer dat die mens in sonde ontvang en gebore is,

maar nogtans as beelddraer van God, heers oor die werk van Gods hande en daartoe geroep is om die skepping tot heil van die mens en tot eer van God te ontwikkel. Die Christelike beskouing moet die ekonomiese handeling en denke deurtrek. (Idem). Hierdie beskouing moet verder gevoer word en ook in die onderwys toegepas word, waar die Christelike beskouing die onderrig van ekonomie moet deurtrek. Die beginsels hierbo genoem, moet genoem word in die bespreking van die vak, want slegs op die basis van die geloof in God as skepper en onderhouer van die wêreld, moet die ekonomie verder ontsluit word!

1.2 Ekonomie gaan om die roeping van die mens

Toe God aan die mens die opdrag gegee het om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak, (Genesis 2 vers 15) is die mens tot heerser oor, en beheerser van, die natuur gestel. Die mens as die kroon van Gods skepping word tot 'n taak geroep deur niemand minder as God self nie.

Dit beteken veral twee dinge. In die eerste plek het God in die skepping self moontlikhede gelê, wat onder die hand van die mens tot volle ontplooiing moet kom. Die mens sou die skepping, in diens van God, tot sy eindbestemming lei. In die tweede plek is daar aan die mens moontlikhede gegee, sodat hy hierdie heerskappy oor die skepping kan uitvoer. Dit was uiteraard vir God moontlik om die skepping na sy eindbestemming te lei, sonder die mens se arbeid

en inspanning. Tog het dit God behaag om in hierdie diens juis die mens te gebruik. In hierdie taakvolbringing gee die mens dus antwoord aan die roeping (of opdrag) wat hy van God ontvang het. Teenoor God sou hierdie antwoord steeds diens wees. Die plan van God word dus deur die mens se arbeid vervul. (de Klerk, e.a.; op.cit., p.231)

Hierdie roepingsgedagte moet voorop staan wanneer Ekonomie onderrig word. Dit moet gedurig, daar kan byna gesê word tydig en ontydig, by die leerlinge tuisgebring word, dat die mens op aarde besig moet wees om God se roeping te beantwoord. Die wonderlikheid van die feit dat God die mens in sy diens wil gebruik en dit wel doen, ook op die terrein van die ekonomie, moet deel wees van bykans elke onderrigsgeleentheid.

Dit is belangrik om te onthou dat die kind op hoërskool vir die eerste keer met die ekonomie kennis maak. Soos reeds gesê is (bladsy 72), maak die menslike dryfvere en wilsuitinge 'n belangrike deel van die ekonomie uit. Hiermee saam gaan outomaties die mens se verhoudinge. Die kind moet van die begin af weet dat God ook hier die middelpunt moet wees. Dit moet van die begin af sy uitgangspunt wees in die bestudering van hierdie vak, want dan sal die verdere studie in ekonomie op die regte spoor wees.

Deurgaans in die briewe van Paulus en in ander dele van die Nuwe Testament is daar op verskeie plekke verwysings met betrekking tot ekonomiese handelinge

en situasies. Dink maar aan die verpligting om vir jouself te werk en nie 'n las vir ander te wees nie (2 Thessalonicense 3:6-12) en ook nog die verwysings na slawe om hulle meesters met die nodige respek te gehoorsaam. (Kolossense 3:22, Efesiers 6:5, Titus 2:9)

Jesus self staan in die opvolging van die profete en dit is nie net gevaarlik nie, maar ook geheel verkeerd, om te beweer dat Hy nie spesifieke voorskrifte aan die ekonomiese stelsel gegee het nie. Van sy woorde en van sy Gees kom daar 'n uitdaging, wat aanhoudend die ekonomiese orde beïnvloed en affekteer. Nie alleg het die bevel tot die liefde sowel 'n verwysing na eiendom as na elke ander sosiale aspek nie, maar in geen onduidelike terme nie, het Hy sekere neigings verdoem wat nog baie in die moderne ekonomiese lewe voorkom. (Harkness, 1957, p.143)

As al hierdie vooorafgaande sake soos die roepingsplig van die mens, menslike dryfvere en -verhoudinge in ag geneem word, asook die uitsprake van Gods Woord daaroor, dan is dit miskien verstaanbaar dat die kerk in sy Woordverkondiging vir sommige mense 'n steurende faktor in die ekonomiese lewe is, (Thomas, 1955, p.307). Die mens wil graag sy aktiwiteite voortsit op die wyse wat hy verkies, ook sy ekonomiese aktiwiteite, en dit is dus moontlik dat sy siening sal bots met die voorskrifte van die Skrif en dat dit

dus vir die mens steurend sal wees om Gods Woord gedurig in gedagte te hou.

God voorsien alle dinge en vir die Christen moet daar 'n voortdurende prikkel wees tot eerlikheid in die verkryging van sy ekonomiese goedere en ook tot mededeelsaamheid in die gebruik daarvan. Soos tot dusver uiteengesit, word hierdie prikkel deur Gods Woord voorsien. Die mens se groot gebrek is vandag dus nie dat daar 'n tekort aan rigtinggewende beginsels is nie, maar eerder in die toepassing van hierdie beginsels, wat nie meer tot die moderne mens spreek nie.

Die leerling moet op skool, deur die aanbieding van die vak, bewus gemaak word van hierdie rigtinggewende beginsels van Jesus en hoe hulle toegepas moet word. In die afdelings wat handel oor ekonomiese prinsiep en motief, welvaart, verdeling, produksie en verbruik, sal daar op spesifieke wyse daaraan aandag gegee moet word. (Bladsy 96-127)

1.3 <u>Ekonomie as roeping impliseer rentmeesterskap</u>

Die gelowige ekonoom moet sy taak sien as persoonlike verantwoordelikheid, as vervulling van sy rentmeesterskap deur God aan hom geskenk. (van Deventer, op.cit., p.26)

Hier word onwillekeurig gedink aan die gelykenis van die onregverdige bestuurder (Lukas 16:1-13) waaruit twee aspekte duidelik na vore kom:

Eerstens vind die onregverdige bestuurder dat sy aardse heer van hom rekenskap eis oor sy optrede met betrekking tot sy heer se besittings.

Tweedens sluit Jesus hierby aan as hy sê, "as julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?" (Lukas 16:11)

Hierdie woorde van Jesus dui duidelik daarop dat die mens nie net aan sy aardse heer rekenskap verskuldig is nie, maar ook aan God Wat nie net die aardse goed nie, maar ook die "ware goed" aan die mens toevertrou het.

1.4 Bestryding van die sonde deur die Ekonomie

Daar moet steeds gestreef word na die heiliging van die ekonomiese lewe deur die bestryding van die sonde. (van Deventer, op.cit., p.35)

Die eis deur Paulus gestel nl. "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Korinthiërs 10:31), en die voorbeeld van Dawid met sy optrede nadat die drie helde met lewensgevaar vir hom water gaan haal het (2 Samuel 23: 15-17), gee die lig wat nodig is om te sien hoe die sonde in die ekonomiese lewe bestry moet word. Die mens moet nie alleen die behoeftes onderdruk waarvan die bevrediging God nie welgevallig is nie, maar ook die behoeftes waarvan die bevredigingsmiddele sondig is. Die sonde moet bestry word by diegene aan wie

dit toegereken word nl. die ekonomiese subjekte.

## 1.5 Taak van die Ekonomie

Elke wetenskap moet uitgaan van en opstyg tot die totaliteitsvisie d.i. 'n visie op 'n hoër werklikheid, waarin alle norme saamkom in een brandpunt. Slegs vanuit die hooggeleë punt is die hierargie van norme en doeleindes te verstaan. Die ekonomie wat in normloosheid beoefen word, het geen stuur en geen houvas nie. Dit is noodsaaklik dat die ekonomie só beoefen word, dat dit in staat sal wees om sy verantwoordelikheid teenoor die maatskappy en samelewing, kultuur en sedelikheid te dra. (van Deventer, op.cit., p.41)

Om hierdie laaste sin, die taak van die ekonomie, in Christelike terme uiteen te sit, kan die volgende aanhalings uit die Skrif gemaak en ontleed word:

"Luister, en hoor na my stem; let op en hoor my woord." (Jesaja 28:23)

"En sy God het hom onderrig, hoe om dit te doen, Hy leer hom." (Jesaja 28:26)

"Ook dit kom van die Here van die leërskare: Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid." (Jesaja 28:29)

Hierdie gedeelte uit die Bybel gaan oor raad aan die landbouer. Die strekking van hierdie Skrifwoord is dan uit die aard van die saak dat alles nie

altyd presies soos in die aangehaalde gedeelte voorgeskryf, gedoen moet word nie, maar enersyds dat alles met beraad, met wysheid gedoen moet word, en andersyds, dat die raad en die wysheid, ook in die ekonomie, van God af kom; nie alleen dus vir die landbou nie, maar vir die hele ekonomie. Vir die ganse ekonomie is die hoogste menslike wysheid om, soos Salomo, van God 'n verstandige hart te begeer (Nederbracht, 1939, p.34) en die hoogste Goddelike seën die woorde van God aan Salomo in antwoord op sy gebed: "En God het vir hom gesê: omdat jy hierdie versoek gedoen het ............. so doen Ek dan volgens jou woord: Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart ....... (1 Konings 3:11-12)

Daar is nog twee aanhalings uit die Skrif wat hier vermeld moet word: "Kyk, die Here het Besáleël, die seun van Ur, die seun van Hur, van die stam van Juda by sy naam geroep; en Hy het hom met die Gees van God vervul, met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk" (Exodus 35:30-31) en in die tweede plek, "Hy het dit ook in sy hart gegee om ander te onderrig." (Exodus 35:34)

Hieruit volg dat die onderwys van God af kom. (Nederbracht, op.cit., p.36) Dit is dus noodsaaklik dat die taak van die ekonomie aan die hand van Gods Woord, soos tot hier asook in die hieropvolgende paragrawe, uiteengesit, baie duidelik aan die leerlinge oorgedra moet word.

Die mens is by die Skeppingsordinansie (Genesis 1:28) geroep om die aarde te vul en te onderwerp en oor die skepping heerskappy uit te oefen. Dit mag ongetwyfeld só uitgelê word dat die mens geroep is om die geskape wêreld, deur sy arbeid, tot ontplooiing en ontwikkeling te bring. In hierdie sin is hy dan ook God se mede-arbeider, en lê dit ook in hierdie sin die ekonomiese lewe voor hom bloot, dat hy die stoflike goedere na die mate van sy krag kan aanwend om die grootheid en die heerlikheid van God se mag en majesteit te openbaar. Om dan uiteen te sit hoe die mens hierin moet optree, is die plig van die ekonomie. (Nederbracht, J.A., 1921, p.15)

Hierdie laaste sin is uiters belangrik by die onderrig van die vak en dit moet by herhaling onderstreep word, sodat die leerling kan weet dat die eer van God in alles gesoek moet word, d.w.s. die vakwetenskap Ekonomie beskryf 'n kennis(kundigheid) van die mens, om met die hoogste mate van doelmatigheid oor al die materiële dinge van die skepping heerskappy te voer. Hiermee kom die eer van God, deur die nakoming van die deur God opgelegde roeping (taak) van die mens, in die middelpunt van sy optredes en strewe te staan. Daar kan met ander woorde gesê word dat die vakwetenskap Ekonomie nie sekulêr (op die mens, uit die aarde, aards) gerig is nie, maar transendent prevalent op God gerig is. Op die weg, ter nakoming van sy Goddelike roeping, kom die materiële, tydelike aspekte, van die menslike lewe dan outomaties tot hul reg -

hulle kan en mag nooit in die sentrum van die mens se (ekonomiese) handelinge staan nie.

Indien die mens se taak is soos hierbo gesien, mag hy homself beskou as mede-arbeider van God in die uitbouing van God se wêreldplan. (Idem)

Dit moet aanvaar word dat dit deel van God se skeppingsplan was om bepaalde aspekte daarvan, wat tegelykertyd verband hou met die roepingstaak van die mens, in sy skepping onontgin.(latent) te laat, sodat dit kan dien as motivering vir die mens om hierdie aspekte, nie meteens nie, maar met die loop van tyd, te eksploiteer en te ontwikkel. God dink nie slegs aan die voortbestaan van die mens en al wat in die skepping lewe nie, maar ook aan hul moontlikheid tot doelmatige bestaan - daarom moes Noag nie net mens en dier van verskillende geslagte in die ark neem nie maar ook "van al die voedsel wat geëet word" (Genesis 6:21) d.w.s. volgens die aard van elke lewende wese in die ark.

Volgens die Christelike opvatting wat op Gods Woord steun, het die teenswoordige wêreld (aarde) en hemel 'n einde, en as God se wêreldplan voltooi is, word hulle deur 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde vervang. Selfs 'n nie-Christelike ekonoom sal as hy die ontwikkeling van die menslike geslag in gedagte hou, moet besef dat die mens op pad is na 'n sekere eindpunt, hoe dit dan ookal mag wees. Op sigself sou dit dan vir die mens 'n voorreg moet wees om te mag mede-arbei aan God se plan met die stoflike wêreld; maar

in hierdie taak lê ook nog veel meer bekoorlikheid en heerlikheid, omdat die voleinding van die wêreld met die wederkoms van Christus en die geboorte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde saamval, waar geregtigheid sal heers. Hierin is dan die rede geleë waarom die Christen-ekonoom noodwendig 'n voorstander asook 'n bevorderaar van ekonomiese en tegniese ontwikkeling moet wees. Dit sal die mens beter in staat stel om sy taak te vervul, wat God hom oplê, en ook omdat hy die heerlikheid van God in gedagte moet hou. Die heerlikheid van God se gedagte wat die vooruitgang ten grondslag lê, kan sodoende beter uitgestraal word. Verder kan gesê word dat dan, in menslike woord gesproke, die wederkoms van Christus só voorberei word. (Nederbracht, 1921, p.36)

Die ekonomie moet volgens die Christelike belydenis die volgende vier elemente tot hulle reg laat kom:

(a) Dit moet uitkom dat die arbeid van die mens t.o.v. die stoflike goedere gerig moet wees op die ontplooiing en ontwikkeling van die geskape wêreld tot Gods eer. Vir die leerling geld dit ook in die klas waar hy besig is om hom voor te berei vir die volwasse lewe waar hy deel sal hê aan hierdie heerlike voorreg. Sy lewe as kind en sy skoolwerk moet reeds deel hiervan wees. Vir die onderwyser bied ekonomie die geleentheid om

dit aan die leerling te illustreer.

(b) Daar moet gestreef word na die vooruitgang van die ekonomiese en tegniese lewe, tot bespoediging van die voleinding van hierdie wêreld en die wederkoms van Christus.

(c) Die stoflike goedere dien tot versorging van die mens en hierin is die mens dan ook mede-arbeider van God.

(d) Vierdens "gaat het in de economie om het huishouden met, het besteden van, het werken met stoffelijke goederen." (Ibid, p.16)

Die ekonomie kan dus omskryf word as die leer van die wyse waarop die mens sy huishouding moet inrig met stoflike goedere:

(a) ter vervulling van die taak wat God hom opgedra het tot sy eie versorging en

(b) as mede-arbeider van God tot die volle ontplooiing van die stoflike wêreld en

(c) die voleinding van die skepping en die bespoediging van die wederkoms van Christus. (Ibid, p.17)

1.6 <u>Ekonomie - prinsiepe en motief</u>

Ter aanvang is dit wenslik om onmiddellik na die kern van die ekonomiese aksie en reaksie te gaan. Hier-

die kern word begin deur die volgende: "En met die maat waarmee jy meet, sal weer vir jou gemeet word." (Mattheus 7:2)

Die ekonomiese lewe ontstaan en ontwikkel uit die omgang van die mense met mekaar, en uit die mens se kontak met die natuur, met die doel om behoeftes te bevredig. Die omgang van die mense word ekonomies wanneer die doel daarvan is om ekonomiese behoeftes te bevredig. Die mens het sedert die skepping behoeftes gehad en hierdie behoeftes het voldoening vereis, sodat die mens aan die lewe kon bly. Die elementêrste behoeftes was eet en drink en, na die sondeval, ook die behoefte aan kleding. (Ridder, op.cit., p.118)

Die sondeval het egter 'n tot daartoe onbekende element in die behoeftebevredigingsproses na vore gebring, naamlik die moeite wat gedoen moet word om behoeftebevrediging te bereik want "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet ......." (Genesis 3:19). Verder word gesê "Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring ........" (Genesis 3:18), wat veroorsaak het dat die mens harde arbeid moes verrig om in sy elementêrste behoeftes te voorsien.

Watter groot blyk van God se genade in Christus het die mens dan nie vandag nie, om te weet en te ondervind dat veel meer as die elementêre behoeftes van eet en drink en klere aantrek bevredig kan word. Die mens het reeds 'n groot verskeidenheid in hierdie be-

hoeftes en dan kan hy daarnaas ook nog veel kry om sy lewe te veraangenaam. Dink maar aan musiek, kuns, wetenskap, lektuur en reise as enkele voorbeelde. Dit blyk dus dat die mens deur God se genade geslaag het om ten spyte van die sweet, die dorings en die distels, tog in 'n ruime mate die brood wat hy nodig het voort te bring en ook nog veel meer daarnaas. Watter kundighede het God die mens nie gegee om die probleme wat hy ervaar in die bevrediging van sy behoeftes te oorwin nie. Produktiewe arbeid, die skeppende gees wat God gegee het, het die behoeftebevrediging op vandag se hoë peil gebring. (Ridder, op.cit., p.118). Die onderwyser kan die leerlinge daarop wys dat hierdie genoemde hoë lewenstandaard die gevolg is daarvan dat die mens, ten spyte van die sondeval, steeds voortgegaan het om sy roeping (en God se opdrag) te vervul, omdat God aan hom die genade daartoe verleen.

In die lig hiervan kry die volgende woorde van Paulus dan ook dieper sin: "of julle dan nou eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God" (1 Korinthiërs 10:31) en ook die volgende: "net soos ek almal in alles behaag <u>en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie</u>, sodat hulle gered kan word." (1 Korinthiërs 10:33. Beklemtoning deur my).

Ridder sê nou, en dit pas aan by die beklemtoonde aanhaling hierbo, dat elkeen dus poog om in sy eie behoeftes te voorsien en hulle te bevredig. Die mens

is egter verplig (deur sy Goddelike roeping) om dit só te doen dat die uitwerking van sy behoeftebevrediging op sy medemens en gevolglik op die ekonomiese en maatskaplike lewe in die geheel geskied ooreenkomstig God se bedoeling. (Ridder, op.cit., p.122).

Hierdie opmerkings gee dan 'n rede waarom die ekonomiese lewe en aktiwiteite noodwendig vir die Christen van belang moet wees. Die Christen moet hom op só 'n wyse met die ekonomiese lewe bemoei dat die norme en beginsels, soos in Gods Woord vervat, die middelpunt van die ekonomiese aktiwiteite word. (Bennett op.cit., p.191). Hierdie norme bestaan en hoef nie belangrik gemaak te word nie, die belangrikheid moet slegs deur die mens erken word.

## 2. CHRISTELIKE EN NIE-CHRISTELIKE EKONOMIE

### 2.1 Ekonomie as vakwetenskap

Oor die plek van ekonomie as vakwetenskap in die ry van wetenskappe is reeds uitsluitsel verkry, (sien Hoofstuk 3 ) en daarnaas is ook duidelikheid verkry oor presies wat 'n wetenskap is. (sien Hfst. 2). Om nou die werk in perspektief te bly sien, is dit nodig om net daardie gedeeltes vlugtig na te slaan.

## 2.2 Ekonomie as Christelike wetenskap

### 2.2.1 Neutraal of normatief

In die uiteensetting van mens- en wetenskapsbeskouing (Hoofstuk 2) is baie duidelik gestel dat neutraliteit in werklikheid nie bestaan nie en vir die bestudering van 'n wetenskap onaanvaarbaar is. Dit is daaruit reeds duidelik dat Ekonomie as wetenskap normatief is, en dit ook moet wees.

### 2.2.2 Calvyn se siening van die ekonomie

Die invloed van Calvyn se optrede op die ekonomie kan beslis nie gering geskat word nie. Hy het met absolute duidelikheid kant gekies teen die dwalinge van sy tyd en die wyse waarop hy bv. die renteverbod van alle redelike grondslag ontneem het, en die geoorloofdheid van rente met onberispelike logika verdedig, moet vandag nog as bykans onverbeterlik gesien word. (Vergelyk Hoofstuk 5)

Verder het hy die handel in ere herstel en ook daarin geslaag om aan te toon dat die glans van die Goddelike roeping ook afstraal op die mens se aardse beroep. (Diepenhorst, 1904, p.306)

Saam met Calvyn (Ibid., p.336) kan elke Calvinis sê dat in die reëlings van die maatskaplike lewe, dus ook in die ekonomie, die wil van die Here geken en gesoek moet word, want ook op die terrein van die ekonomie is Hy "die Alfa en die Oméga,

die begin en die einde, die eerste en die laaste."
(Openbaring 22:13)

Hierdie laasgenoemde gedagte moet vir elke Christen die kern van sy lewe, dus ook die kern van sy beroep, uitmaak. Die onderwyser in ekonomie kan sy vak nie geslaagd aanbied as hy nie gedurig hierdie kern-idee oordra en deel van sy vak maak nie. Die Christenonderwyser moet dit doen want anders is hy nie 'n ware Christen nie! (Verwys: Afwysing van dualisme, p.88)

## 2.3 Ekonomie as neutrale (positivistiese) wetenskap

### 2.3.1 Ekonomie as instrumentele teorie in teenstelling met die Christen se siening

In die vorige paragrawe is duidelik uiteengesit dat die Woord van God die kernbron van beginsels vir die Ekonomie as wetenskap moet uitmaak. Die ekonoom moet in alles die eer van God eerste stel.

In sterk kontras hiermee is die beskouing dat Ekonomie bloot as instrument vir die maak van wins dien.

Die Christen moet nie alleen 'n afsku hê aan en 'n veroordeling uitspreek nie oor die baie duidelike verwringings soos dit in die praktyk van bv. die monopolis uitkom, maar die Christen moet sy sake bedryf op 'n manier, of in die gees van een, wat 'n openbare diens lewer. Hy moet dit ook vir die voordeel van sy naaste verrig en in die gevalle waar sy naaste armer as hy is, tot groter voordeel van sy naaste,

selfs meer as vir homself. Die neweprodukte van 'n Skrifgefundeerde benadering in die ekonomiese optrede in industrieë en die handel is sodanig deur Mammonisme verswak, dat al wat uiteindelik in baie gevalle oorgebly het, 'n sekere gees en gewoonte van filantropie is. Hiervoor moet die Christen nie net baie versigtig wees nie, (Hobson, 1931, p.33) hy moet dit sterk veroordeel en 'n baie duidelike standpunt inneem ten gunste van sy eie norme en beginsels.

2.3.2 Afwysing van dualisme

Die mens se lewens- en wêreldbeskouing moet konsekwent toegepas word op al sy lewensuitinge, d.w.s. ook op die gebied van sy ekonomiese handelinge - daar mag dus geen dualisme in die mens se belydenis wees nie. Dit was ook die kerngedagte van Waterink m.b.t. neutrale of normatiewe wetenskap. (Vgl. Hfst. 2, p. 21)

Dit is dus die taak van die Christengelowige om sy Sondagse belydenis elke ander dag van die week in sy lewe gestalte te gee. Soos Hobson dan ook van die Kwaker-beweging konstateer: "Of perhaps no other religious body can it truthfully be said that the normal tendency of its members is one of constant endeavor to apply to business life and its economic relations principles of justice and humanity directly flowing from the religious creed they hold." (Ibid, , . p.33) (Verwys p.87)

Die Christen-gelowige sê dat God alles te make het met alles op die aarde, omdat alles uit en deur Hom ontstaan het en alles wat uit en deur Hom ontstaan het, sal ook weer hulle bestemming in Hom vind.

Die mens is maar plaasbekleder, bywoner, 'n onverdienstelike slaaf, 'n rentmeester van God se goed, self besit hy niks. En omdat hy rentmeester is en draer van verantwoordelikheid: as die heer van die diensknegte na 'n lang tyd kom en met sy diensknegte afreken, sal hy 'n woord spreek, enersyds van vervloeking oor die slegte en luie dienskneg, met sy vreeskompleks vir 'n verwagte harde meester, en andersyds 'n woord van waardering oor die goeie en getroue wat die opdrag van die talente goed begryp het. (Mattheus 25:14-30)

## 3. AKSENTUERING: MATERIALISME EN EKONOMISME

### 3.1 Stofvergoding in teenstelling met wat God van die mens vra

In die moderne lewe het die materiële dinge vir die mens al hoe belangriker geword. Dit is ook een van die oorsake van die dualistiese neiging by baie Christene (sien p.188 hierbo). Die onderwyser wat handelsvakke onderrig, sien hierdie neiging daagliks omdat die vakke wat deur hom aangebied word, direk in verband staan met die materiële (aardse) dinge.

Hier is dit dus ook vir die Afrikaanse Christenonderwyser absoluut noodsaaklik om te besin oor die ba-

siese roeping van die Afrikaner. Dit is immers hoofsaaklik die Afrikanerkind wat in sy klas sit en vir wie hy onderrig moet gee. Dit is die Afrikaner se roeping om die lewe in al sy vertakkinge langs suiwer riglyne aan te durf en dan deur God se genade self gered te word van die verderflike sodat hy nie daardeur meegesleur word nie. Hier word spesifiek na die Afrikaner verwys omdat die Afrikaner oorwegend 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing huldig en al hierdie sake dus direk na hom wys. Verder moet onthou word dat die Afrikaner nog aan die begin van sy ekonomiese mondigwording staan en dus vanuit die Skrifgrond juis georiënteer moet word vir die pad wat hy op ekonomiese terrein geroep is om te loop. Verder is dit sy roeping en moet hy dit as 'n uitdaging sien om dit wat God tot stand gebring het te ondersoek, te verower en te ontgin. 'n Baie belangrike deel van die Christen-Afrikaner se taak is om sy voetspoor só te laat, dat dit sal dien as 'n bewys dat hy nie beïnvloed is nie maar wel beïnvloed het. (Venter, W.J., 1970, p.44)

Die laasgenoemde gedagte moet vir die Afrikaneronderwyser die basis in sy klas wees. Hy moet nie alleen die leerlinge beïnvloed ten gunste van sy Christelik-nasionale beginsels nie, maar poog om hulle só te beïnvloed, dat hulle geïnspireer sal voortgaan om self andere positief te beïnvloed. In die handelsvakke waar daagliks sake soos handelstransaksies, spaarsin, bemarking, vertolking van state ens. behandel word, is die geleentheid legio om aan die leerlinge

te leer dat eerlikheid, getrouheid, betroubaarheid ens. die kerngedagtes in die besigheidswêreld moet wees en nie slegs materiële gewin nie. Die onderwyser is in die klas (soos hierbo uiteengesit) besig met kinders wat by hulle Christelike ouers 'n Christelike opvoeding kry en hierdie deugde sal dus nie vir hulle vreemd wees nie. Dit sal dus lonend wees om daarby aan te sluit en daarna te verwys as hierdie sake genoem word.

Hierdie gedagte sluit goed aan by Venter waar hy die stelling maak, dat die feit dat die Christen in die wêreld maar nie van die wêreld is nie, nie moet veroorsaak dat hy langs die dinge van die lewe beweeg nie. (Idem, p.44). Die Christen moet midde daarvan staan en oral van homself rekenskap gee. Dit is absoluut noodsaaklik dat die Christen nou baie goed onderskeid moet tref, sodat hy nie "die hele wêreld win en aan sy siel skade ly nie." (Markus 8:36)

Leerlinge behoort voortdurend in die klas gewys te word op hierdie teks wat in geen onduidelike terme nie, waarsku teen die gevaar van stofvergoding, terwyl die siel van die mens in al hierdie pogings skade ly.

Dit het 'n verskynsel onder vele Afrikaners geword dat hulle die ekonomiese waardes oorskat. Dit is belangrik om dit in gedagte te hou, dat alhoewel die mens die volle gebruiksbevoegdheid van alle dinge in die geskape werklikheid toegesê is, daar niks is wat die mens in die absolute sin toekom nie. Die mens is God se skepsel en met al wat hom toekom, is hy finalitêr

God se eiendom. (Ibid, p.45)

### 3.2 Die kapitalistiese geesteshouding

Vanaf die helfte van die vorige eeu het daar geweldige tegniese ontwikkelinge plaasgevind, wat weer invloed op die ekonomiese aktiwiteite gehad het. Dit het, tesame met ander dryfvere, 'n kapitalistiese geesteshouding geskep wat 'n al groter invloed op die mens uitgeoefen het. Hierdie invloed het so groot geword dat die mens daardeur beheers is. Daar het in werklikheid 'n nuwe mens na vore getree, wat as 'n ekonomis bestempel kan word. Hierdie mens "word gedryf deur die drang om sy bedryf gesond uit te bou, en sal alles daarvoor op die altaar plaas, sy gesin, kerk en staat; aan homself stel hy die hoogste eise, en hy voel hom geregverdig om dit ook aan sy werknemers te stel; hy verwag slegs resultate en voortreflikheid bestaan vir hom in die hoogste materiële prestasie; hy is fel en ongenaakbaar in sy menslike verhoudinge." (Idem)

Vir die Christen is so 'n lewenshouding natuurlik onaanvaarbaar, maar voordat daar 'n uitspraak hieroor gegee kan word, is dit noodsaaklik dat daar gelet sal word op watter waardes hierdie mens in sy aktiwiteite voorop stel. Hierdie ekonomistiese mens stel alle waardes ondergeskik aan die ekonomiese waardes. In Hoofsaak kom dit dus daarop neer dat die ekonomisme slegs die ekonomiese waardes aanvaar. Verder glo die ekonomis aan die maksimum vryheid in ekonomiese beslissings, en gaan van die veronderstelling uit,

dat die mens gemotiveer en aangedryf word deur die bevordering van sy eiebelang. Volgens die ekonomisme is die ekonomiese vryheid primêr; die ekonomis aanvaar, dat as ekonomiese vryheid verwesenlik is, sal alle ander vryhede vanself volg. (Ibid,.., p.46)

## 3.3 Hoogskatting van die masjien

Uit die voorgaande is dit dus vanselfsprekend dat die ekonomis 'n afgodiese hoogskatting van die masjien het wat in massa produseer. Dieselfde geld ook vir die massa-kommunikasietegnieke wat die verbruiker se smake en voorkeure aanpas by die massaproduksie. (Ibid, p.47)

As die masjien so hoog geskat word, word die menslike arbeid geheel en al gedepersonaliseer. In die eerste plek, omdat arbeid dan gesien word as slegs nodig om die masjien te bedien. In die tweede plek word arbeid ontneem van alle inisiatief, want die masjien doen die werk. In die derde plek sal die mens wat die arbeid verrig, geen trots meer in sy arbeid hê nie, want hy arbei nie meer nie, hy bedien slegs die masjien en kan sy eie aandeel in die finale produk nouliks herken! (Vergelyk arbeidsbespreking in hoofstuk 5)

## 3.4 Positiewe aksentplasing

### 3.4.1 Die verskil tussen die gelowige en ekonomistiese lewenshouding

Dis duidelik dat die ekonomis 'n baie eng lewens- en wêreldbeskouing het. Daarteenoor het die Christen 'n lewens- en wêreldbeskouing, waarvan die wydheid slegs beperk word deur die feit dat die mens net 'n pelgrim op aarde is; sy oorsprong en uiteindelike bestemming is by God. In die reeds behandelde gedeelte oor die menslike roeping en die ekonomie (bladsye 72-85) is dit baie duidelik getoon dat die mens hom moet en kan verlustig in die Skepping met sy veelheid van gawes en moontlikhede, met slegs een beperkende gedagte: die reeds genoemde pelgrimsaard van die mens se bestaan.

Die groot verskil tussen die gelowige en ekonomistiese lewenshouding, is dus in kort 'n kwessie van aksentuering: die ekonomis maak die stoflike goddelik en die ware God word misken. Wie dus vir Mammon dien, moet onvermydelik van die ware God vervreemd word. (Ibid., , p.51). "Julle kan nie God en ook Mammon dien nie," (Mattheus 6:24) was Christus se ondubbelsinnige woorde! Die ekonomisme is verder 'n duidelike omkering van Christus se opdrag: "Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." (Mattheus 6:33)

Die ekonomisme is vandag 'n ontsettende gevaar vir die mens. In die klas sien die handelsonderwyser die invloed daarvan elke dag. In die handelswêreld (en miskien ook in ander beroepsfere) word die invloed daarin gesien, dat mense vir die geringste salarisverhoging van werk verander. Die handelsonderwyser moet sterk standpunt inneem teen hierdie ekonomistiese lewens- en wêreldbeskouing, en moet sy leerlinge wys op die gevaar daarvan soos dit spreek uit Jesus se woorde in die aanhalings hierbo. Die teenpool nl. die heerlike beloning, opgesluit in Jesus se opdrag, moet voortdurend beklemtoon word.

## 4. WAT SÊ DIE SKRIF

Daar is tot dusver baie algemene en verskeie spesifieke aanhalings uit die Skrif gemaak, wat die breë veld van die Ekonomie dek, om die plek van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die Christen se lewe aan te toon. Daar is ook duidelik daarop gewys, dat vir die Christen, geen dualisme kan en mag bestaan nie. Die Christenonderwyser het ook geen verdere twyfel of sy onderrig Skrif-gefundeerd moet wees of nie. Die vraag wat nou nog beantwoord moet word, is spesifiek hoe hy sekere feite in die vak Ekonomie moet aanbied. Elke besondere aspek van die vak sal nie ontleed word nie, maar daar sal in besonder op die vier hoofaspekte van Ekonomie as vakwetenskap gelet word nl.: welvaart (rykdom), produksie (aanbod), verdeling (distribusie) en verbruik (vraag).

In elk van hierdie afdelings sal dan daarop gelet word, hoe die vak volgens Gods Woord onderrig moet word, ten einde aan die eise van Skrifgefundeerde onderrig te beantwoord. Aan die einde van hierdie hoofstuk sal dan nie meer gevra word: wat sê die Skrif nie, maar behoort gesê te kan word: Dit sê die Skrif.

## 5. WELVAART (RYKDOM)

### 5.1 Agtergrond

#### 5.1.1 Kernstelling m.b.t. eiendom

"Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel ...." (Mattheus 6:19-20)

#### 5.1.2 Die agste gebod

Die hele begrip van welvaart, d.i. die besit van eiendom moet deur die Christen gesien word in die lig van die agste gebod: "Jy mag nie steel nie", (Exodus 20:16) want in hierdie gebod vind die Christen die kern van God se gedagtes oor die besit van goedere. Waar daar in die Ekonomie baie geleenthede vir skrifgefundeerde onderrig is, is by die behandeling van welvaart, (besit, eiendom) seker van die mooiste geleenthede om God se woord duidelik te laat spreek. Die onderwyser moet dit met albei hande aangryp en daaroor spreek! (sien opmerkings hieroor verderaan)

5.1.3 Inleiding tot 'n verklaring van besit

Job was 'n ryk man wat ten spyte van al sy besittings naby die Here geleef het en God bo alles gedien het. (de Villiers e.a., 1974, p.274)

Toe al die rampe hom getref het het hy nog gesê: "Die Here het gegee, en die Here het geneem: die naam van die Here sy geloof." (Job 1:21). Vir nie een oomblik het hy God gewantrou nie. Hierna het God sy lot verander en sy besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen! (de Villiers, op.cit., p.275). Job het waarlik eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid gesoek, en toe het God al hierdie dinge bygevoeg. (vgl. Mattheus 6:33)

5.2 Besit

5.2.1 Ter aanvang

In die Ekonomie het ons te doen met die mens en sy besittings. Die Ekonomie is geen natuurwetenskap nie en gevolglik gaan dit in die ekonomie nie om prosesse wat sondermeer plaasvind nie. Dit gaan om ekonomiese handelinge en is nie moontlik sonder die mens wat handel nie. Omdat dit om die mens gaan, kan die etiese aspek nie uit die ekonomiese lewe weggelaat word nie. Daar moet dus gelet word op die verhouding tussen die mens en sy besittings, waar besittings ekonomiese goedere beteken. (Brillenburg - Wurth, G., 1951, p.174). Ekonomiese goedere is dié wat gebruikswaarde of nut besit. Daar moet dus veral gelet word

op die keuse tussen alternatiewe aanwendingsmoontlikhede van goedere wat deur die mens se beperkte middele verkry word. Die ekonomiese probleem is dus eintlik die bereiking van 'n so ewewigtig moontlike behoeftebevredigingsituasie, gewoonlik aangedui as relatief optimum (of maksimum) behoeftebevrediging. Omdat dit in die ekonomie om 'n keuse van behoeftebevrediging gaan en hierdie keuse in rangorde van waardes plaasvind, kry die etiek wat moet help om hierdie rangorde vas te stel, 'n regulerende betekenis. (Ibid, p.179)

Die mens het stoflike, aardse, goedere nodig om "die hoogste goed" te bereik. Die "hoogste goed" is die finale doel van die sedelike en ekonomiese handeling. Daardeur kry die stoflike goedere 'n sinvolle betekenis. Hierby moet egter in gedagte gehou word dat die stoflike wêreld uit die skeppende hand van God voortgekom het, wat beteken dat alles wat daarin voorkom, afgesien van die mens se subjektiewe menslike behoeftes, wel waarde het omdat dit van God kom. (Ibid, p.181)

5.2.2 <u>Hoe eiendom nié beskou moet word nie</u>

5.2.2.1 <u>Sosialiste en Kommuniste</u>

Die Sosialiste en Kommuniste sien eiendom as diefstal. Vir die Kommunisme is daar selfs 'n beroep op die Skrif gedoen: "En die menigte van dié wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie,

maar hulle het alles in gemeenskap gehad." (Handelinge 4:32). Hierdie "kommunisme" was egter vrywillig en nie deur die staat opgelê nie, dit is ook deur geen ander gemeente nagevolg nie. Dit was klaarblyklik die oorsaak dat die Jerusalemse gemeente só verarm het dat later in ander gemeentes gekollekteer moes word vir Jerusalem. (Buys, P.W., s.j., p.40)

5.2.2.2 <u>Spiritualiste, geesdrywers</u>

Hierdie mense minag alle besit. Volgens hulle is alle rydom sonde. Teenoor hulle is daar talle voorbeelde van ryk gelowiges in die Bybel. In die Ou Testament is daar bv. Abraham, Job en Salomo, terwyl in die Nuwe Testament verwys word na Josef van Arimathea en Lidia die purperverkoopster. Hierdie mense se beroep op Jesus se bevel aan die ryk jongman: "Gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes", (Mattheus 19:21), gaan nie op nie: Jesus gee hierdie bevel aan 'n besondere jong man onder besondere omstandighede. Dit is dus nie 'n algemeen geldende wet wat Hy neerlê vir alle gelowiges nie. Die uitspraak van Jesus, dat dit makliker is vir 'n kameel om deur 'n naald se oog te gaan as vir 'n ryk man om die koninkryk van die hemele in te gaan, (Mattheus 19:24), moet gelees word teen die agtergrond van Jesus se gelykenis van die ryk dwaas: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie." (Lukas 12:21). Die kwaad sit nie in die goed wat vergader word nie, maar in: "nie ryk wees in God nie." Die gesindheid van die hart is dus belangrik. Finaal dus: besittings is goeie

gawes van God wat met danksegging gebruik moet word. (Buys, P.W., op.cit., p.40). Daar kan nie genoeg klem daarop gelê word, dat die leerling die presiese plek van besittings in die lewe van die Christen moet ken nie. Dit moet nie verafsku word nie, maar soos hierbo gesê, met danksegging gebruik word. Voeg hierby dat dit tot eer van God moet geskied, want ook hierin, soos in alles wat hy doen, moet die Christen die eer van God eerste stel.

5.2.2.3 Kapitaliste

Die kapitalis beskou eiendom as een en al. In die oorlog van almal teen almal vergader elkeen vir homself soveel as hy kan, dit maak nie saak of ander gebrek ly nie. Hieragter sit materialisme, stofaanbidding. (Vgl. 3. Materialisme en ekonomisme, p.89, e.v.). Daarteenoor stel Jesus: "Julle kan nie God en Mammon dien nie." (Mattheus 6:24). Hierdie gevaar is nie denkbeeldig in die moderne Westerse beskawing nie. (Vgl. die kultus van statussimbole). (Buys, P.W., op. dit., p.40)

5.2.3 Hoe eiendom wel beskou moet word

Die agste gebod wat sê dat die mens nie mag steel nie, impliseer onmiddellik dat daar goed is wat aan iemand anders behoort. Dit is syne, nie joune nie. Ander goed weer is joune, nie syne nie. Dit is 'n erkenning van eiendomsreg en privaatbesit. Dit is een van die strukture waarop die hele samelewing rus en wat ordelike naasbestaan moontlik maak. Dit verdui-

delik die besondere waarde wat God aan 'n mens heg. God verbind sekere goed aan die mens se persoon. 'n Dier word besit, maar 'n mens besit. (de Villiers, op.cit., p.276).

"God is die groot Besitter van alles"; (idem) God is die "Absolute Eienaar van alles." (Buys, op. cit., p.40) Alles berus in Sy skepping en koningskap. "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die see en die wat daarin woon." (Psalm 24:1). "Die vee op 'n duisend berge is syne." (Psalm 50:10). Die Here sê aan Israel: "So het Ek julle dan 'n land gegee waar julle nie aan gearbei en stede wat julle nie gebou het nie, dat julle kan woon; wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie, daar eet julle van." (Josua 24:13). God stel die mens aan as sy rentmeesters, wat in sy Naam oor sy besittings heerskappy moet voer. Daar moet baie duidelik onderskei word tussen eiendomsreg en besitreg. Eiendomsreg het God alleen. Die mens het besitreg. Die eienaar is altyd besitter, maar die besitter is nie altyd eienaar nie. Die mens is dus ten opsigte van die stoflike wêreld aan God verantwoording verskuldig. Dit geld vir die wyse waarop hy eiendom bekom, besit, bestee. (Buys, op.cit., p.41)

God leen dus wat Hy besit aan die mens. "Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?" (1 Korinthiërs 4:7). Dit is eintlik God s'n, waarvan Hy die mens rentmeester maak, Hy gee aan die mens gebruiksreg daarvan. Soos wat die "Israeliete geen absolute eien-

domsreg in die Beloofde land besit het nie, so kan ons ook nie die goed wat God op aarde tot ons beskikking stel, permanent besit en met ons saamneem hemel toe nie." (de Villiers e.a., op.cit., p.276). "Ons het niks in die wêreld ingebring nie: dit is duidelik dat ons niks daaruit kan wegdra nie." (1 Timotheus 6:7). Alleen op hierdie wyse is die mens eienaar en besit hy goed, op geen ander manier nie. God doen die mens die hoë eer aan, om hom met sy goed te vertrou. Die mens ontvang dit per slot van rekening uit sy hand en erken dit so want die Christen weet dat hy self ook aan H om behoort. Paulus sê hieroor: "Alles behoort aan julle, maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God." (1 Korinthiërs 3:23). Om dit nie te erken nie, is diefstal van God, die eintlike Eienaar. Die mens wat egter deur God nuut gemaak is, leef in gedurige dankbare erkenning daarvan dat, volgens vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus, "hy nie aan homself behoort nie, maar aan sy getroue Saligmaker, Jesus Christus." (de Villiers e.a., op.cit., p.276)

Die woorde van Paulus hierbo aangehaal behoort geskryf te word op die tafel van elke leerling se hart (vergelyk Spreuke 3:3) want dan sal besittings nooit vir hulle 'n struikelblok wees nie. Dit is die onderwyser se heerlike voorreg om te help dat dit gedoen word, dan doen hy nie net Skrifgefundeerde onderrig nie maar Skrifgefundeerde opvoeding en dit is presies wat Skrifgefundeerde onderrig behoort te wees - nie onderrig alleen nie maar in werklikheid opvoeding van die kind

in Christelike beginsels.

5.3 Verkryging van besit

5.3.1 Wettig

God het 'n aantal wettige en normale maniere bepaal waarop die mens eiendom mag verkry.

5.3.1.1 Eerlike arbeid

Eerlike arbeid is die Godgegewe metode waardeur die mens goed verdien. Die mens verruil sy kragte, vernuf en vaardigheid vir 'n loon. (de Villiers, op.cit., p.277). Die Heidelbergse Kategismus praat daarvan "dat ek getrou moet arbei." (Buys, op.cit., p.41). Sedert die sondeval is dit aan die mens opgedra dat "in die sweet van jou aangesig sal jy brood eet," (Gesesis 3:19). In plaas daarvan dat hy gesterwe het, (Gesesis 3:3), het God tog weer genade bewys en die arbeid aan hom opgedra. Arbeid is dus genadebewys. Die Here Jesus het ook die arbeid op 'n besondere wyse geheilig, deur daarna te verwys, dat ook Hy en sy Vader "werk tot nou toe." (Johannes 5:17). Niks gee die mens meer bevrediging as om te weet dat hy sy goed "uitgewerk" het nie. (de Villiers, op.cit., p.277). Aan die ander kant is luiheid niks anders as sonde nie, want jy misbruik die geleenthede wat God jou skenk en steel die tyd wat Hy gee. (Efesiers 5:16)

5.3.1.2 Koop of ruil (wins)

Om te koop of te ruil is 'n voortsetting van die beginsel hierbo genoem. Wat die mens deur sy arbeid verdien het, word volgens dieselfde waarde omgeruil vir iets anders. In plaas van om in goedere betaal te word vir arbeid, word in geld betaal waarvoor weer goedere gekoop kan word. (de Villiers, op.cit., p.277)

5.3.1.3 Erflating

Wanneer die mens iets erf, is die beginsel weer dat die mens se ouers of naasbestaandes wat eers self daarvoor gewerk het, dit nou aan die begunstigde laat toekom omdat hy aan hulle verbind is, (Idem) of vir watter rede ookal.

5.3.1.4 Ontdek

Vandag word daar eintlik nie meer kosbare dinge op aarde "ontdek" nie, maar indien die mens so iets op sy eiendom vind (Mattheus 13:44) of dit op 'n "niemandsland" eerste vind, dan kom dit hom toe. (de Villiers, op.cit., p.277)

Hierdie maniere is die heerlike en koninklike weg waarop God bepaal het dat die mens rentmeesterskap oor 'n deel van sy aarde se inhoud mag verkry. Daar moet ook altyd 'n balans wees tussen die hoeveelheid en graad van arbeid wat iemand insteek, en die eiendom wat uiteindelik daardeur verkry word. (Idem).

Ten slotte kan die leerlinge nou sien op hoeveel

heerlike wyses God die mens toelaat om eiendom te verkry. Stel dit teenoor die volgende punte nl. die wyses van besitverkryging wat deur God veroordeel word. Die onderwyser moet hierdie sake noem en weer noem en dit by herhaling onderstreep want só kan hy die Skrif in die klaskamer inbring en sy onderrig Skrifgefundeerd hou en 'n Skrifgefundeerde siening en beoefening van die ekonomie begrond.

5.3.2 Onwettige verkryging van eiendom (besit)

Teenoor hierdie wettige metodes "verbied" God oneerlike metodes, sowel as maniere waarop die balans tussen prestasie en loon versteur word. Wat word dan alles verbied?

5.3.2.1 Diefstal en roof wat die owerheid straf

Die Kategismus kies volmondig die kant van die gereg deur alle vorms van steel of geweldadige roof of afpersing af te wys. Wat iemand anders s'n is - ook die staat s'n - mag die mens nie sonder 'n wettige transaksie of ooreenkoms vir hom neem nie. Die mens kan en mag sekere eiendomsregte uitoefen wat niemand hom mag ontsê nie. God het sekere goed as eiendom aan hom gegee, om dit as rentmeester namens God te besit. Om sy reg hiertoe te ontken en dit op slinkse wyse, of geweldadig, vir jouself toe te eien beteken 'n liefdelose vergryp teenoor God en die naaste - veral as dit nog menseroof of verkragting is. (de Villiers, op.cit., p.278). Hier het ons dus te doen met diefstal en roof in growwe vorm, wat deur die owerheid gestraf word.

(Buys, op.cit., p.41)

5.3.2.2 <u>Alle bose dade en listige planne</u>

Hiermee word bedoel daardie subtiele maniere waarop mense so van mekaar steel, en mekaar so bedrieg, dat dit nie klinkklaar bewys kan word nie en waarop, al sou die aardse wette nie daarvoor voorsiening maak nie, God wel sy verbod geplaas het. Wat die mens nie sien of van weet nie, sien God tog. (de Villiers, op.cit., p.278). Hieronder kan die volgende gespesifiseer word:

a. Diefstal in fyner vorm wat kan geskied deur geweld bv. onderdrukking van die armes, weduwees en wese, ook onderbetaling van arbeiders; selfs ook deur die oorheersing van een land deur 'n ander.

b. Diefstal met skyn van reg deur middel van valse munt, gewig, maat, woeker deur te hoë winsgrens of rentekoers.

c. By bogenoemde noem die Heidelbergse Kategismus ook nog "enige ander middel deur God verbode." Die arglistige hart van die mens het talle weë bedink: ontduiding van belasting, valse opgawe van inkomste, leuenagtige reklame ens. ens. (Buys, op.cit. p.41)

Alle wetgewing teen oneerlikheid en onwettige verkryging van eiendom kan dit miskien wel in 'n mate aan bande lê, maar dit kan nooit uitgeroei word nie, want

die grypsug lê baie diep by die mens. Geldgierigheid is die wortel van alle kwaad. (1 Timotheus 6:10). Dit was eers toe die Here Jesus in die lewe van Saggeus gekom het, wat hy kon sê, dat indien hy van iemand iets afgepers het, hy dit vierdubbeld sal teruggee. (Lukas 19:8)

5.4 Die mens en sy besit.

5.4.1 Dit bring 'n verhouding met God

Grace verklaar die volgende oor hierdie onderwerp: "Property is communion with God through the material world." (Grace, F., 1953, p.66)

Volgens hierdie skrywer is bostaande 'n komprehensiewe verklaring van die fundamentele Christelike oortuiging, dat God die heelal geskep het, sodat dit sy doel mag dien. Daar moet altyd onthou word:

* dat God immanent in die hele natuur is,
* dat alle lewe sy oorsprong in Hom het,,
* dat die mens in die materiële wêreld altyd in 'n verhouding tot sy Skepper staan.

Die kern hiervan is dat eiendom, uit die Christelike oogpunt, verhoog is tot die status van 'n medium, waardeur die mens 'n nouer verhouding met God mag kry, as hy die eiendom gebruik in ooreenstemming met die wil van God. (Idem)

### 5.4.2 <u>Die taak van die gelowige mens van God</u>

In die bergpredikasie waarin Jesus waarsku teen oormatige kommer oor wat ons sal eet of wat ons sal drink of wat ons sal aantrek, is dit baie duidelik dat Jesus nêrens aandui dat dit onbelangrik is nie. (Harkness, op, cit. p.144). Só belangrik is dit in werklikheid dat "julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het." (Mattheus 6:32)

Dit dui op 'n perspektief aan die kant van Jesus, wat die materiële goedere op hulle korrekte plek plaas, as die instrument en nie die doel van die menslike lewe nie. Die taak van die gelowige is dus nie asketiese afsondering van die materiële dinge nie, maar die regte perspektief en beklemtoning daarvan - nie distansiëring nie, maar korrekte aksentuering. Die taak van die gelowige is gelowige toetrede en kerstening. <u>Die onderwyser moet dit oor en oor by die jeug beklemtoon</u>. Die gelowige moet homself nie probeer onttrek van die materiële aktiwiteite in die geloof dat dit sondig en boos is nie. Hy kan dit nie vermy nie - hy moet daarvan besit neem in die naam van Jesus Christus, hy moet die sondige herskep, dit moet gereformeer word. Dit wat nie tot eer van God se naam is nie, moet nie sonder meer vermy word nie, daar moet waaragtig gestry word om dit om te buig, om wel die eer van sy Naam te dien. <u>Dit is waarskynlik die belangrikste boodskap van die Ekonomie-onderwyser aan sy leerlinge!</u>

### 5.4.3 God beproef die mens deur sy besit. Die mens se verantwoordelikheid

Private eienaarskap en private winste is so diep gegrond in beide die Christelike en demokratiese erfenis, dat baie min mense dit tot niet gemaak sou wou sien, selfs al was dit moontlik. (Harkness, op.cit., p.146). Dit wil egter nie sê dat alle besittings voordelig is nie.

Die mens moet ten opsigte van sy besittings, net soos in sy persoonlike lewe, altyd vra: wat wil God hê dat ek moet doen? God gee aan die mens besittings en ook baie ander gawes om hom te beproef, of Hy neem dit weg om die mens daardeur te louter; vergelyk Job wat God gelowig gebly het ten spyte van alles. (Job 1:1-22). God gee aan die mens gawes, sodat hy dit weer aan Hom moet toewy of aan Hom moet teruggee. (Kyk Maleagi 3:8-18). Omdat die mens selfbewussyn besit en dus bo alles in die geskape werklikheid staan, is sy posisie heerliker as enigiets anders in die skepping, maar daarby is hy ook die enigste wat met verantwoordelikheid beklee is. Hy moet dus altyd verantwoordelik optree en handel, omdat God hom op grond van sy mensheid (beeldskap Gods) tot verantwoording kan roep. God wat almagtige Beskikker is oor al wat bestaan, kon alles in die skepping vir homself gehou het, Hy besit dit immers, <u>maar</u> - Hy gee dit aan die mens om dit weer uit die hand van die mens terug te ontvang. Juis hierin lê die mens se verantwoordelikheid. Die mens se roeping impliseer dat die mens antwoord kan gee, en

kragtens God se genade kan hy "ja" sê, maar hy sal dit nie noodwendig doen nie - hy kan ook "nee" sê. In die keuse tussen "ja" en "nee" lê die mens se verantwoordelikheid t.o.v. sy omgang met sy materiële goed.

5.4.4 Hoe besit die mens sy goed?

As die mens nou eenmaal goed besit, hoe tree hy daarteenoor op? Daar is ook so iets soos verkeerde besit van eiendom, nl. in gierigheid. Die gierigaard besit nie sy goed nie, maar dit besit hom. Dit dien hom nie, maar hy dien dit goed. Sy goed is sy baas. Daardie ryk jongman van die Bybel kon nie sy goed verkoop en aan die armes gee en dan agter Jesus aangaan en Hom volg nie, want sy goed was sy god. (Markus 10:22). Hy het Mammon gedien en kon daarom nie vir God ook dien nie. (Mattheus 6:24). Daardie ander ryk man wat vir sy siel gesê het om tyd te neem en te rus, "want jy het baie goed wat weggebêre is vir baie jare" (Lukas 12:19) - hy wat so op sy goed vertrou het, moes van God hoor, "Jou dwaas." (Lukas 12:20)

In die kern van die saak eien die gierigaard God se goed vir homself toe. Hy maak nie gebruik van die "onregverdige Mammon" (Lukas 16:9) as 'n blote middel nie, maar dit word self die alfa en die omega van sy lewe. Die Mammon waarvan die Bybel praat, is nie die geld wat ons besit nie, maar die geld wat ons liefhet. (de Villiers, op.cit., p.280)

### 5.4.5 Hoe gebruik die mens sy goed

Die mens kan sy goed verkeerd bestee: dit is sonde om te verkwis. Dit is die teenoorgestelde van wat die gierigaard doen, maar dit is ook steel, want by verkwisting kan die mens ook nie rekenskap gee van sy rentmeesterskap nie. Dan het die mens die dinge, wat God aan hom toevertrou het, deur sy vingers laat glip. Soos die mens iets met sy arbeid mag verdien, moet hy ook iets vir sy arbeid toon. (de Villiers, op.cit., p.280)

Die verlore seun het die deel van die erfenis wat hom toegekom het, gaan verkwis in die ver land. (Lukas 15:14,30). Eers later het hy sy vader se goed leer waardeer. Die Here Jesus het twee keer, nadat hy die skare wonderbaarlik gevoed het deur die brode en die vissies te laat vermeerder, die oorskietstukke in mandjies laat optel. (Mattheus 14:20 en Mattheus 15:37). Hier word nie suinigheid bepleit nie, maar veel eerder die noukeurige kosteberekening voordat 'n toring gebou word. (Lukas 14:28)

### 5.4.6 Hoe die mens wel sy goed moet bestee

#### 5.4.6.1 Hy moet sy naaste se belange waar hy kan en mag, bevorder

God wil hê dat die mens sy besittings moet gebruik. Die mens se naaste is ook God se skepsel. Die mens moet van sy goed ook aan sy naaste beskikbaar stel. Die Here Jesus het die mens geleer dat Hy sy reg en aan-

spraak op ons goed oorgemaak het aan die dorstiges en gevangenes en siekes en ellendiges. "In soverre julle dit gedoen het aan een van hierdie geringstes, het julle dit aan My gedoen." (Mattheus 25:35-45). Weer eens is ook hier die liefde die vervulling van die wet. (Romeine 13:10). God het die diens van barmhartigheid as 'n duidelike opdrag aan sy kerk gegee. Die Samaritaan in die gelykenis het die Jood versorg. (Lukas 10:30-37). Hoeveel te meer behoort dit nie andersom te wees nie. Dit gaan nie daarom of die mens sy hand van ander se goed afhou nie, maar of hy wel 'n oop hand vir God en sy naaste het. (de Villiers, op.cit., p.283)

Samevattend dus: Die mens moet sy naaste liefhê soos homself (Mattheus 22:39). So graag soos wat hy homself met God se gawes versorg, soseer moet hy ook omsien na sy naaste. Daar moet dus 'n altruïstiese gesindheid wees t.o.v. God se gawes, wat aan die mens toevertrou is. Die rede hiervoor is: God het aan die mens sy Seun gegee - wat gee die mens aan sy naaste? (Buys, op.cit., p.42)

5.4.6.2 <u>Die mens moet met sy naaste só handel soos wat hy sou wens dat sy naaste met hom moet handel</u>

Die wêreld se standpunt is: betaal terug in gelyke munt. (Buys, op.cit., p.42). Jesus se standpunt is: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen." (Mattheus 7:12). Hierdie is Christus se

"goue reël". Jesus se reël is positief - gaan doen iets. (de Villiers, op.cit., p.283). Die mens moet een belangrike ding onthou: "God het 'n blymoedige gewer lief." (2 Korinthiers 9:7)

5.4.6.3 Die mens moet getrou arbei, sodat hy iets het om aan ander mee te deel

Ledigheid is die duiwel se oorkussing. Daardeur verarm die mens. (Buys, op.cit., p.42). "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie." (2 Thessalonicense 3:10). Die luiaard het weldra vir sy eie lewensonderhoud niks, en vanselfsprekend ook niks vir die minderbevoorregtes nie. Daarteenoor stel vlytige arbeid die mens in staat om die minderbevoorregtes te help. "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het." (Efesiers 4:28).

## 5.5 Kort samevatting van Calvyn se siening van weelde (rykdom)

Baie het al die vraag gestel of Calvyn alle weelde veroordeel het. Calvyn laak die oormatige aandag wat aan die liggaam bestee word, instede van aandag aan die siel te skenk. Verskeie oordoende weelde in die vorm van klere, huise, maaltye ens. word verskeie kere deur hom bespreek. (Diepenhorst, op. cit. p.217)

Daarteenoor teken Calvyn sterk beswaar aan teen diegene wat die gebruik van die aardse goedere net tot die allernoodsaaklike wil beperk. Hy stel dit met beslistheid op die voorgrond, dat God ook oorvloed skenk en wil hê dat die mens dit moet gebruik. (Ibid, p.218). Hy gaan verder deur te sê dat die feit dat die mens met aardse besittings geseënd is, moet dien as prikkel om sy hart tot God te wend. Calvyn erken verder n.a.v. Deuteronomium 12:15 die mens se reg om ryk te word en ruim van sy besittings gebruik te maak. (Ibid, p.219)

Calvyn was by uitstek prakties in sy beskouing in hoeverre die weelde die Christen geoorloof is. Waar hy bv. spreek oor die kleding van die mens, sê hy die wortel van die kwaad is in die hoogmoed van die mens. Hy dring sterk aan op eenvoud want: God het die eenvoud lief. (Ibid, p.221)

Hoewel Calvyn telkens sy waarskuwende stem teen die weelde laat hoor, tas hy nêrens die weelde self aan nie. (Ibid, p.222). Slegs "De excessen der weelde worden afgekeurd." (Ibid, p.223). Hy het sterk opvattinge gehad oor die regte gebruik van stoflike goedere, maar hy waak telkens daarteen om die gedagte dat alle weelde sonder meer sonde is, te laat posvat.

Calvyn se standpunt was dat vermaak, en genietinge van weelde volkome goed te keur is, solank dit nie in buitensporighede ontaard nie, en dit die mens nie van

die Here en Sy dienste aflei nie. (Ibid, p.226)

## 6. PRODUKSIE - AANBOD

Hier sal gepoog word om 'n Christelike siening van produksie te gee, met daarby dan die veronderstelling dat die Christenonderwyser hierdie benadering in die klas sal gebruik.

### 6.1 Dienslewering

Produksie, soos die woord in die ekonomie gebruik word, beteken die gebruikmaak van produksiefaktore met die doel om die mens se behoeftes te bevredig. (Garver en Hansen, 1937, p.21). Basies is produksie, d.w.s. aanbod, dus daarop gerig om in die vraag te voorsien. Aanbod het dus 'n diensstrekking en daarmee moet in die produksie en distribusie van geproduseerde goed fundamenteel rekening gehou word. Die mens moet gedurig bewus wees daarvan dat in die produksieproses, die mens ook aktief besig is om sy roeping te volvoer, dat hy besig is met die gawes deur God aan hom gegee, dat hy besig is met die arbeid deur God opgelê en so ook besig is om oor die skepping te heers.

Die vraag na verbruiksgoedere en kapitaal wat in die gemeenskap bestaan, is die aanleiding vir die produksie van goedere. Die nywerheid staan dus in diens van die gemeenskap, want sonder die vraag van die gemeenskap, sou produksie tog sinneloos wees. Hieruit volg nou dat die nywerhede, in die voorsieningsproses, nie die lewe van die gemeenskap bv. deur besoedeling van

lug en water, d.w.s. die lewensmilieu van die mens andersins moet benadeel nie. Die nywerhede moet ook nie skuldig wees aan die verkwisting van hulpbronne of oormatige geraas nie. Al hierdie genoemde nadelige moontlikhede, (asook andere nie genoem nie) moet tot die minimum beperk word.

6.2 Skaarsheid

Die vraag na goedere berus op die nuttigheidsbeginsel, so berus die aanbod op die skaarsheidsgedagte. (Stonier en Hague, 1953, p.25). Omdat skaarsheid egter 'n relatiewe en nie 'n absolute term is nie, is dit moeilik om dit presies te omskryf. Skaarsheid beteken altyd skaarsheid in verhouding tot vraag. (Ibid, p.26). Hieruit en uit bostaande (6.1 hierbo) is dit duidelik dat aanbod (produksie) se funksie is om skaarshede te oorkom. Om te produseer moet gebruik gemaak word van produksiefaktore wat op sigself ook skaars is. Hierdie skaarsheid is dus basies by die aanbod en is verder 'n uitvloeisel van die sondeval. (vergelyk die oorvloed in die Paradys). Na die sondeval word sweet deel van die arbeid, so ook dorings en distels. Die feite kan nie deur die onderwyser oor die hoof gesien word nie. Die leerlinge moet nie net kennis neem hiervan nie maar hulle moet dit hulle eie maak en vir hulle moet dit deel van hulle kennis van ekonomie wees.

## 6.3 Die ondernemer (produsent) se verantwoordelikheid

### 6.3.1 Inleidend

In hierdie verband moet daar allereers gelet word dat die mens in sy produksieproses ook beelddraer van God is. God skep iets uit niks, die mens skep iets uit dit wat God aan hom gegee het. Skepping in die absolute sin kan God alleen vermag. Die mens produseer uit die bestaande, uit dit wat God geskape het. (Nederbracht, op.cit., p.83). Hierdie gedagte moet gedurig deur die onderwyser onderstreep word. Die mens se beeldverbondenheid met God moet vir die leerling duidelik uit die produksieproses spreek.

Omdat die produsent in die verbruiker se behoeftes moet voorsien en in hierdie aanbod van produksiefaktore gebruik maak, het hy 'n verantwoordelikheid teenoor beide die verbruiker en die produksiefaktore. Met betrekking tot die produksiefaktore het die produsent veral teenoor arbeid 'n verantwoordelikheid, want sonder indiensname kan werkloosheid ontstaan, wat weer 'n laer lewenspeil beteken, en desnoods ellende. Die ondernemer lewer dus 'n diens aan die produksiefaktore en hulle weer aan hom, d.i. dus 'n wederkerige diensbaarheid. Dit bring 'n solidariteitsituasie na vore: as die een hand die ander was, word albei skoon. Dit behoort tiperend van die nywerheidsbetrekkinge te wees, in teenstelling met die huidige gespanne nywerheidsbetrekkinge. Laasgenoemde kan as niks anders as 'n openbaring van die sonde gesien word nie.

6.3.2 Bevordering van nasionale belang

Deur goedere te produseer wat andersins ingevoer moet word, kan produksie 'n groot bydrae maak in nasionale belang.

Tweedens word 'n bydrae gelewer, deurdat nasionale produksie verhoog word.

Derdens word nasionale belang bevorder, deurdat werkers in diens geneem word, sodat indiensname verhoog word en werkloosheid óf verlaag óf bekamp word. In al hierdie gevalle het die produksie 'n invloed op die lewenspeil.

6.3.3 Lae koste en pryse

Die ondernemer moet poog om deur doeltreffende organisasie sy produksiekoste, en dus sy pryse, so laag as moontlik te hou. Die hou die moontlikheid in van 'n groter afset (dus hoër produksie), omdat laer pryse meer verbruikers in staat stel om die produk te koop.

6.3.4 Arbeid

In die bespreking van arbeid as produksiefaktor (vgl. Hoofstuk 5) word baie aandag gegee aan die verhoudinge tussen werkgewer en werknemer. Hier word net enkele aspekte genoem, om die ondernemer se verantwoordelikheid te onderstreep.

Behoorlik opgeleide werkers lê 'n groter kundigheid aan die dag, met veral twee gevolge:

Groter trots op die werk wat verrig word en dus gelukkige arbeiders; en

hoër produktiwiteit wat hoër produksie en afset tot gevolg het.

Die ondernemer moet die werksure en werksomstandighede só reël dat dit vir die werker moontlik is om meer tyd saam met sy gesin deur te bring. Hy moet dus streef na die behoud van die familielewe.

Die werker moet nie so "gebruik" word dat hy slegs 'n rat in die produksieproses word nie; hy moet dus nie gedepersonaliseer word nie. Hiermee saam gaan die oorskatting van die produksieproses, in so 'n mate, dat die werker later slegs 'n onderdeel van die organisasie word.

### 6.3.5 Konklusie

Uit bostaande kan logies gekonkludeer word dat die ondernemer se verantwoordelikhede só wyd is dat wins nie die primêre doel van produksie behoort te wees nie.

## 6.4 Algemene gevolgtrekking

Produksie is 'n beroep wat gesetel is in die roeping van gehoorsaamheid tot die goddelike opdrag: daar moet heerskappy gevoer word oor alles wat geskape is, en latente moontlikhede in die skepping moet ten

dienste van die mens en tot eer van God ontwikkel word. Produksie is dus fundamenteel diens!

## 7. DIE VERDELINGSVRAAGSTUK - DISTRIBUSIE

Ekonomies kan aanvaar word dat daar verdeling moet plaasvind. Ook in die eerste Christelike gemeente was verdeling, want "aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het." (Handelinge 4:35). Nederbracht sê verder dat die verdeling vir alle goedere, d.w.s. verbruiks- en produksiegoedere, geld. (Nederbracht, op.cit., p.296)

### 7.1 Hoe moet verdeling plaasvind

Daar kan kortliks op die volgende metodes van verdeling gewys word.

#### 7.1.1 Verdeling op die beginsel van behoefte

Daar kan drie besware teen hierdie metode ingebring word. (Ibid, p.300). Behoefte kan nooit presies vasgestel word nie. Die arbeidsprikkel kan deur die metode afgetakel word en derdens druis dié metode in teen die beginsel van verantwoordelikheid.

#### 7.1.2 Verdeling op die arbeids- of produktiwiteitsbeginsel

Hier moet hoofsaaklik op die kwantiteit, kwaliteit en nuttigheid van die arbeid gelet word. Die ou grensproduktiwiteitsbeginsel moet herken word, want daarop is eintlik die hele ekonomiese teorie van distribusie gebaseer.

7.1.3 Funksionele verdeling

Die funksie van elke produksiefaktor in die produksieproses vorm die basis van verdeling nl.

| | |
|---|---|
| arbeid - | loon |
| kapitaal - | kapitaalrente |
| grond - | grondrente |
| ondernemingsgees - | wins d.i. die oorskot nadat eersgenoemde drie voorsien is. (Verwys volledige bespreking in punt 3. Hoofstuk 5) |

Die funksionele is die algemeen erkende metode van verdeling.

7.2 Wie moet die verdeling doen?

Die vraag wie die verdeling moet doen en wie die genoemde verdelingsbeginsels in oorweging moet neem, kan nou beantwoord word.

Aan die mens is, t.o.v. die verdelingsvraagstuk, menslikerwys gesproke, heelwat invloed en mag gegee. Dit moet egter altyd in gedagte gehou word, dat God ook hierin die maghebber is, dat Hy vrymagtige beskikkingsreg het en aan niemand verantwoording verskuldig is vir sy dade nie. Volgens die Bybel het God rykes en armes gemaak en maak Hy ook sy hand oop om almal wat leef te voed. Die hele Skrif is deurtrek van die wete dat God uit vrye keuse die ekonomiese goedere, en die beskikkingsmag daaroor, verdeel. Alle omstandighede, en die verloop van alle sake, is in Gods hand.

Met hierdie voorbehoud het die mens ook invloed en mag en is hy aan God rekenskap verskuldig vir die gebruik daarvan. As dit nie so was nie, sou dit onnodig gewees het om meer aandag aan die verdelingsvraagstuk te gee, as net om te sê presies hoe die verdeling is. (Nederbracht, op.cit., p.303). Die saak is egter nie só eenvoudig nie, en daarom is dit verder noodsaaklik om te let op wie die verdelingsbeginsels van toepassing is nl.:

1. In die eerste plek alle mense wat vir hulle afhanklikes sorg en dus deur hulle arbeid invloed uitoefen op die mate waarin ekonomiese goedere, en die beskikkingsmag daaroor, tot hulle beskikking gestel word.

2. Alle mense wat 'n invloed uitoefen op die verdeling van andere se bates, bv. werkgewers.

3. Alle organisasies van mense in 1 of 2, of albei hierbo genoem. (Ibid, p.304)

7.3 <u>Die taak van die owerheid</u>

Owerheidsoptrede kan hoofsaaklik in twee verdeel word. Eerstens het ons te doen met etiese oorwegings, wat bepalend is vir optrede m.b.t. bv. sosiale solidariteit en regverdigheid. Tweedens het die staat ook te doen met die verdeling van nasionale inkomste deur sy ekonomiese en veral fiskale politiek. (vgl. Hoofstuk 5). Hierdie laasgenoemde funksie besit die Staat kragtens God se plaasbekledende bevoegdheid aan

hom, om toe te sien dat alle samelewingskringe in harmoniese bestel ontwikkel. (verwys 2.5 in Hoofstuk 5). Die staat moet die verdelingsbeginsels ook in ag neem as hy sy invloed op die toewysing van ekonomiese goedere of die onttrekking daarvan deur middel van belastings uitoefen. (Idem). In sy herverdelingsfunksie tree die staat op om ongelyke welvaartsverdeling relatief te nivelleer deur progressiewe belastingskale en aanwending van belastinginkomste.

Ten slotte mag genoem word dat daar 'n herverdeling van produksiefaktore mag plaasvind, met die oog op maksimalisasie van totale (nasionale) produktiwiteit.

8. VERBRUIK - Vraag (d.i. behoeftebevrediging)

8.1 Ekonomiese rasionaliteit van die verbruiker

Marriott verklaar, "Consumption absolute is the end, crown and perfection of production," (Marriott, op.cit., p.219) en verder sê hy ook, dat wyse verbruik 'n baie groter en moeiliker kuns is as wyse produksie. In Suid-Afrika met sy huidige probleem van inflasie, word gereeld deur die owerheid 'n beroep op indiwidue en organisasies gedoen tot rasionele besteding van geld. Hiermee word bedoel die rasionaliteit van ekonomies-handelende persone d.m.v. bv. voorkeurskale. Dit beteken dat die verbruiker vooraf vir hom 'n stelsel moet opstel en moet vasstel waarvolgens presies besluit word, wat vir hom die belangrikste is, en waarvoor hy sy geld moet gebruik. Die irrasionele ver-

bruiker is dié persoon wat sy geld spandeer sonder beplanning, en dus in die huidige tydsbestel grootliks bydra tot inflasie.

8.2 Verbruik as beperking op produksie

Die ekonomiese ideaal sou wees dat elke landsburger produktiewe arbeid moet verrig en dat elke produktiewe arbeider net genoeg, en niks meer nie, sal bestee om hom op die toppunt van fisieke, morele en intellektuele fiksheid te hou, sodat hy sy spesifieke werk hiervolgens kan verrig.

Daar moet ook gewys word dat verbruik die stimulant vir produksie is, en terselfdertyd die demper vir oormatige produksie. (vgl. bespreking van produksie hierbo).

8.3 Armversorging

Sodra besin word oor verbruik, en meer spesifiek die rasionele besteding van private inkomste, kom die vraagstuk van armsorg ook na vore. Vir die Christen is daar etlike voorskrifte in die Bybel oor wat hom te doen staan in hierdie verband. Daar kan op enkele hiervan gewys word uit beide die Ou- en Nuwe Testament.

"Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land." (Deteronómium 15:11).

"Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die Here sal hom red in die dag van onheil." (Psalm 4:2).

"Is dit nie vas wat Ek verkies het nie .......
Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges en swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee ......" (Jesaja 58:6 en 7).

"Maar wie die goed van die wêreld het, en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?" (1 Johannes 3:17).

"Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie." (Mattheus 5:42).

Hier is 'n verdere rype geleentheid om te verduidelik hoe die Christen sy inkomste moet beplan: Alles kom van God en daarom moet die Christen in die eerste plek 'n oop hand hê vir God se saak op aarde en in die tweede plek vir sy medemens en sy behoeftes. Die onderwyser moet geleenthede soos hierdie benut, want dan kan sy vak 'n "lewende" Skrifgefundeerde vak word.

8.4 <u>Nie-verbruik</u> (uitgestelde verbruik - spaar)

Wat maak die mens nou met dié deel van sy inkomste wat hy nie uitgee nie? Narmaalweg word alle inkomste uitgegee - selfs spaar is 'n vorm van uitgawe - maar die verskil tussen die wyse en die dwaas is die vermoë om te onderskei tussen die verskillende doeleindes van uitgawes.

Om te spaar is 'n goddelike opdrag. In die Bybel vind ons dit bv. waar Josef in Egipte in die sewe

goeie jare voorsiening gemaak het vir die sewe slegte jare. (Genesis 41:35 en 36). In die gelykenis van die vyf verstandige en vyf onverstandige maagde (Mattheus 25:1-13), vind ons ook die opdrag om vir die toekoms voorsiening te maak. Dis die taak van die Christenonderwyser om perspektief op hierdie aspek van die vak in sy onderrig te laat deurskyn, sodat die Christenkind 'n Christelike ekonomie kan leer ken en beoefen.

## 9. NABESKOUING

### 9.1 Die mens as rentmeester

Die mens is rentmeester: hy moet die natuurlike gawes in die skepping bewaak, maar ook dié in sy persoonlike besit. Hy is deur God daartoe aangestel en is daarom aan God verantwoording verskuldig. Wanneer die mens alles gedoen het wat aan hom opgedra is, is hy nog onverdienstelike diensknég, want hy het dan slegs gedoen wat sy plig was om te doen. Rentmeesterskap is nie net skranderheid, ondernemingsgees en sukses nie, dit is die ekstra eienskap van offervaardigheid en getrouheid om tussen die belange van Mammon ook nog die geleentheid te sien, vir diens aan God. (Marriot, op.cit., p.234). Die getroue en verantwoordelike rentmeester sal in elk geval baie noulettend wees op dié uitgawes, wat meer is as die wat ekonomies regverdigbaar is. Die mens moet egter altyd bewus wees van die feit dat God alleen die absolute eienaar van alle goedere is, en die eerlike mens met 'n hoë integriteit, sal in homself nooit méér sien, as slegs 'n trustee van die

goedere waarmee hy tydelik bedeel is nie.

9.2 "<u>Asof ek dit ookal kan gryp</u>"

Die sakeman kan sy sake so bestuur, dat dit 'n sosiale gevaar en 'n obstruksie vir die gemeenskaplike voordeel is, of hy kan dit só doen, dat dit 'n kanaal vir Christelike taakvolbrenging is. Die onbetwisbaarste en effektiefste filantropie, word gevind in industriële regverdigheid, vooruitgang en vrede. Die mens moet dus poog om sy sake só voort te sit, dat dit 'n bydrae tot die uitbreiding van die koninkryk van God kan lewer. Hierin sal hy, omdat hy sondige mens is, dikwels tekort skiet. Dit is egter nie wat hy doen wat belangrik is nie, maar die onvervalste gesindheid waarin hy dit doen. Saam met Paulus moet hy sê: Nie dat ek dit al verkry het of volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp. (Filippense 3:12).

# HOOFSTUK 5

## SKRIFGEFUNDEERDE UITGANGSPUNTE MET BETREKKING TOT BEDRYFSEKONOMIE AS SEKONDêRE WETENSKAP ASOOK DIE ONDERRIG DAARVAN

## 1. VERBAND

### 1.1 Die plek van Bedryfsekonomie

Daar is reeds verwys na die plèk van Bedryfsekonomie in die ry van handelswetenskappe. (Vgl. Hfst. 3) In die Bedryfsekonomie gaan dit nie om die basiese, soos in die Ekonomie nie (vgl. Hoofstuk 4), maar om die toepassing van die basiese kennis, wat voortvloei uit die Ekonomie as basiese wetenskap. Bedryfsekonomie verteenwoordig dus die tweede of sekondêre handelswetenskap na ekonomie as basiswetenskap.

### 1.2 Verband met voorafgaande hoofstukke

In die werk wat hierna volg sal gepoog word om, soos in die voorafgaande werk, dit Skrifgefundeerd aan te bied en te belig. Daar kan dus verwag word dat dit 'n Christelike benadering sal wees, want die basiese kennis (Ekonomie Hoofstuk 4) wat van en deur die mens tot stand kom, moet noodwendig gekleur word deur sy lewens- en wêreldbeskouing. (Hoofstuk 2). Ten eerste is die mens belangrik. Brillenburg-Wurth sê juis dat dit nooit uit die oog verloor moet word: "dat de goederen waarom het in die economie gaat nooit losgedacht mogen worden van de mens" nie. (Brillenburgh-Wurth, 1951, p.23). (Vergelyk ook Hoofstuk 3). Tweedens is die mens se lewens- en wêreldbeskouing belangrik, want: "every scholar, in beginning his work, comes

to his discipline and to the facts with a particular pre-scientific attitude and view of life." (Waterink, s.j., p.18)

Waar dit dan in die basiese gedagteformuleringe (In die Ekonomie) primêr om die mens gaan en daarom om sy lewens- en wêreldbeskouing, is dit ook die mens wat hierdie formuleringe in die praktyk moet toepas. (In die Bedryfsekonomie). Verder moet onthou word, dat omdat die mens in wese 'n onlosmaaklike eenheid vorm, verwag kan word, dat hy ook sy lewens- en wêreldbeskouing in sy toepassinge sal uitstraal. Dit beteken dat ook die uitvoering van sy gedagtes veranker sal wees in sy lewens- en wêreldbeskouing. "In each case there comes to light the living man behind the work." (Ibid, p.16)

### 1.3 Verband tussen die mens se Christelike verantwoordelikheid en die bedryfsekonomiese praktyk

Daar kan begin word met die eerste beginsels van die Christelike geloof. "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." (Gesesis 1:1). God het die materiële wêreld geskape. Hy het dit uit niks geskape en dit is alles aan Hom te danke. Sonder Hom sou daar niks gewees het nie. (Munby, 1956, p.5). (Vgl. ook Johannes 1:3: "Alle dinge het deur Hom ontstaan, ...."). Alles waarmee die Bedryfsekonomie hom besig hou: die produksieproses en die faktore hierin aktief, is deur God daargestel. Die mens kan dus hierdie materiële dinge nie laag skat nie, dit is deur God daar-

gestel en moet in daardie lig gesien word.

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." (Genesis 1:27). Die mens is dus deur God in 'n gemeenskap geplaas. Dit is die kleinste van alle gemeenskappe: die familie. Geen mens lewe dus alleen nie. (Munby, op.cit., p.6). In al die mens se verhoudinge in die bedryfsekonomiese aktiwiteite, nl. die samesnoering van produksiefaktore in die produksieproses, moet die mens dus met sy medemens saamleef en saamwerk.

God het die mens op aarde geplaas om te lewe en alles te doen wat nodig is om te lewe. God het spesifieke opdragte aan die mens gegee. (vgl. Genesis 2:15). Die mens is geskape met die gawe van verantwoordelikheid. Die mens het egter gesondig en so die verhouding met God verbreek (Munby, op.cit., p.7). Slegs God kan hierdie verhouding met Hom herstel. God het stappe daartoe geneem: eerstens deur die profete en uiteindelik het Hy sy Seun gestuur! Wat nou vir die bedryfsekonomie veral van belang is, is die feit dat God mens van vlees en bloed geword het en van die materiële dinge van die wêreld gebruik gemaak het. (Ibid, p.9). Jesus was betrokke by voedsel, kleding, blomme, diere, alles wat God geskape het. (Ibid, p.10). Die mens van vandag hou hom nog steeds in sy bedryfsekonomiese aktiwiteite hiermee besig. Die ver-

eiste wat God aan hierdie aktiwiteite van die mens stel, is dat dit nie die kern van die lewe moet uitmaak nie. Die materiële dinge waarmee die mens besig is, is belangrik, "want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het" (Mattheus 6:32), maar nog belangriker is Jesus se vermaning dat dit nie die belangrikste in die mens se lewe moet word nie waar Hy sê: "Want wat sal dit die mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?" (Markus 8:36)

Waar die mens dus in sy produktiewe aktiwiteite besig is, word die regte perspektief t.o.v. die materiële dinge waarmee hy werk, van hom verwag.

God het die mens as die kroon van die skepping gemaak en as sodanig het hy deel in die aktiwiteite van die Skepper, na wie se beeld en gelykenis hy gemaak is. (Munby, op.cit., p.257) In die produksieproses is dit die ondernemer wat die hoofverantwoordelikheid vir die "skeppende" aktiwiteite dra. Die woord skeppend kan slegs in menslike sin gebruik word, want slegs God kan absoluut skeppend optree.

God het aan die mens vryheid en verantwoordelikheid gegee. (Munby, op.cit., p.252) In die produksieproses beteken dit dat die werker, hoe gering sy taak ookal, erkenning nodig het vir die verantwoordelikheid van sy taak. Die verbruiker het die vryheid om sy geld te spaar, hy moet dan ook die verantwoordelikheid hê tot rasionele verbruik.

Die leerling moet kennis dra van die beginsels van die Christelike geloof wat betrekking het op die bedryfsekonomiese aktiwiteite. God het die mens geskape om in gemeenskap met ander mense te lewe en te werk, en in sy werk kom hy met die res van die skepping in aanraking. Ook hier moet hy gedurig God se hand en werk sien en erken. Die onderwyser moet die leerlinge hierop wys, sodat hulle dit kan verstaan dat God aan die mens verantwoordelikheid gegee het, ook wat betref sy werk in die skepping en met die materiële dinge wat God geskape het.

## 2. DIE PRODUKSIEPROSES

### 2.1 Beplanning

Voordat die produksieproses kan plaasvind, moet die voornemende entrepreneur(s) deeglik beplan. Daar moet, om slegs enkele faktore te noem, aan die volgende sake aandag gegee word:

a. Die ondernemingsvorm, m.a.w. eenmansaak, vennootskap, maatskappy ens.

b. Die plek waar die onderneming opgerig kan word. Hier is van belang die beskikbaarheid van grondstowwe en arbeid.

c. Vervoergeriewe vir werkers en die voltooide produk.

d. Beskikbaarheid van en tariewe vir water, elektrisiteit ens.

Hierdie beplanning is nie net 'n noodsaaklikheid van die ondernemer se kant nie, God het dit in sy Woord as 'n vereiste gestel. "Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie?" (Lukas 14:28)

Die werk waarna hierbo verwys is, word met die leerlinge bespreek. Nou is dit vir die onderwyser noodsaaklik om ook die aangehaalde Skrifgedeelte met die ander werk in verband te bring. Dit is waarlik Skrifgefundeerde onderrig.

2.2 Verbinding van produksiefaktore

In die produksieproses is vier produksiefaktore aanwesig. (Sien punt 3 hieronder). Hierdie produksiefaktore moet nou op so 'n wyse saamgevoeg word, dat produksie deelmatig kan plaasvind. (vgl. 3.4 hieronder). Daarsonder is produksie nie moontlik nie en hierdie samevoeging van produksiefaktore moet planmatig plaasvind.

2.3 Sektore

Voordat daar gelet word op die verskillende sektore in produksie, moet onderskeid gemaak word tussen skepping en produksie. Skepping in die absolute sin, d.w.s. om iets uit niks te maak, kan God alleen. Die mens kan slegs produseer met behulp van dit wat God geskape het. Die mens is in die produksieproses ook beelddraer van God: Die mens produseer iets uit iets

- God skep iets uit niks. Hierdie verskil tussen dit wat God skep en dit wat die mens produseer, moet by die leerling ingeskerp word. God wat in die hemel is skep in Sy almag (vgl. Mattheus 19:26) - die mens wat op die aarde, die voetbank van sy voet, is en hier produseer, doen dit (a) as beelddraer van God en (b) met die middele en gawes wat God aan die mens geskenk het. Produksie moet behandel word as 'n geleentheid wat aan die mens gebied word om produktief te wees tot eer van God. (Vergelyk Hoofstuk 4: Produksie)

Nederbracht sê dat die enigste werklik reële produksiefaktore die natuur en arbeid is, want met die aanvang van sy ekonomiese werksaamhede het die mens alleen teenoor die natuur gestaan. (Nederbracht, 1921, p.85)

### 2.3.1 <u>Primêre produksie</u>

Met primêre produksie word bedoel die produksie van goedere wat die grondslag vorm vir verdere produksie, afgesien daarvan of die goedere hier geproduseer, sonder verdere verwerking reeds bruikbaar en nuttig is. In hierdie primêre bedrywe vind ons dus al daardie werkers wat die grondstowwe of produkte uit die natuur ontgin, versamel of verbou. Hierdie primêre bedrywe, nl. die landbou, bosbou, visserye en mynbou lewer die voedsel en grondstowwe, sodat dit verbruik kan word, of verder deur die fabrieke vir verbruik verwerk kan word. (Eksteen, s.j. p.9) Primêre produksie sluit dus die versamelnywerheid in, wat veral die vis-

serybedryf, jagters en ook die walvisjagters insluit. (Nederbracht, op.cit., p.87 & Eksteen, op.cit., p.9&10) Mees al vereis hierdie enkelvoudige produksieprosesse dan ook meer liggaamlike arbeid as geestelike vermoeienis. By die primêre produksie werk die mens direk met die skepping van God: die bome, die visse in die see en die minerale rykdomme onder die grond. Niks wat die mens doen kan die minerale vermeerder nie, of ook 'n beter klimaat skep vir die bome om te groei nie. Dít moet vir die leerling aangedui word en ook die feit dat God dit alles uit sy genade geskenk en dit daargestel het vir die mens se gebruik. (Sien 2.3.2 vir die verskil met sekondêre produksie).

## 2.3.2 Sekondêre produksie

Alle produktiewe aktiwiteite wat gegrond is op die produksie van primêre produkte, kan onder sekondêre produksie ingedeel word. Die sekonêre nywerhede kan dus beskryf word as dié nywerhede waar die grondstowwe wat deur die primêre nywerhede gelewer word, verder verwerk of verander word tot goedere wat nuttig is.Eksteen, op.cit. ., p.34). Nagenoeg alle industrieë, ook die lewensmiddele-industrieë. val hieronder. Alle eindprodukte wat dus nie regstreeks na samewerking van natuur en arbeid as eindprodukte gelewer word nie, is die vrug van die sekondêre nywerhede. (Nederbracht,op. cit., p.87). Die sekondêre produksie is dus geheel afhanklik en kan nie plaasvind sonder primêre produksie nie. Die mens het talente van die Here ontvang

om mee te woeker, hy het van God die opdrag ontvang om te werk. In die sekondêre nywerhede kry die mens die geleentheid om albei te doen. Ook dit moet vir die leerling duidelik wees, sodat hy God se hand in al hierdie aktiwiteite van die mens kan sien.

## 2.4 Massaproduksie

Hiermee word letterlik bedoel dat die goedere in massa (groot hoeveelhede) geproduseer word. Om dit reg te kry, moet alle produksiefaktore tot maksimum produktiwiteit georganiseer word. By massaproduksie tree sekere voordele op tegnologiese en bestuursvlak na vore, asook m.b.t. bemarking van die produkte. Massaproduksie vra beslis massa-afset, hierna kan laer pryse volg. Dit is 'n gewenste verskynsel, solank onregmatige vraagskepping by die verbruiker nie nodig is om massa-afset moontlik te maak nie. Hieroor word verderaan (reklame) meer aandag gegee, asook aan die Christelike aspekte daarvan.

## 2.5 Die rol van die staat

In enige land speel die staat 'n rol in die produksieproses: in kommunistiese lande is dit 'n oorheersende en besittende rol; in kapitalistiese lande maak die staat gebruik van verskeie maatreëls om produksie op een of ander wyse te beïnvloed of in 'n spesifieke rigting te stuur.

In Suid-Afrika word desentralisasie van nywerhede, ten gunste van grensgebiedontwikkeling, op

verskeie terreine aangemoedig. Die uitvoernywerhede word weer d.m.v. ander maatreëls aangemoedig en begunstig. So vind daar verder aanmoediging van plaaslike nywerhede plaas d.m.v. die groter plaaslike inhoud van motorvoertuie. Die rol van die staat het nou al sulke afmetings aangeneem, dat bykans beweer kan word dat die staat die vyfde produksiefaktor in die produksieproses is.

### 2.5.1 Kapitalisme vs. Kollektivisme

#### 2.5.1.1 Algemeen, o.a. besit

In 'n skriftuurlike beskouing van die mens word aan die mens as indiwidu, as enkeling, groot betekenis geheg. Die hedendaagse mens, so verstrik in 'n magdom van totalitêre idees, kan bykans nie genoeg hieraan herinner word nie. (Brillenburg-Wurth, op.cit., p.214) By die kollektivisme, waar die staat die hele lewe oorheers, bly vir die enkeling in sy vryheid, en dus in sy verantwoordelikheid, geen plek meer oor nie. Die kollektivis praat van menseregte en mensewaardes, terwyl daar in werklikheid 'n massamens gekweek word, 'n mens dus, wat geen persoonlik verantwoordelike en aanspreeklike skepsel van God meer is nie! (Ibid, p.215). En dis juis hier waar eiendom 'n belangrike rol speel.

Thomas van Aquinas het gesê dat die opheffing van privaatbesit, die opheffing van vrygewigheid beteken. Dit is egter veel erger dat die opheffing van privaatbesit die maatskappy in 'n situasie plaas

waar niemand meer vryheid van beweging het nie;

waar alle persoonlike inisiatief aan bande gelê word, of streng beperkings daarop gestel word;

waar niemand vir sy ekonomiese doen en late aanspreeklik is nie, en

waar elkeen sy verantwoordelikheid op die staat afskuif. (Idem)

Agter die hele kollektivistiese maatskaplike ideologie, waarin die kollektivering van besit tuishoort, staan 'n kollektivistiese mensbeskouing. In die Skrif vind ons egter 'n radikaal ander visie van die mens. Daar bly die mens 'n enkeling, d.w.s. 'n verantwoordelike skepsel, deur God geroepe tot vryheid. Daarvolgens mag die mens ook nie sy verantwoordelikheid op die gemeenskap afskuif nie. Hy self dra teenoor God, en teenoor die lewe, verantwoording vir wat hy doen. Maar hiervoor het hy lewensruimte nodig, moet hy ook in staat wees om inisiatief te neem. Dit kan hy nie doen sonder die middele wat hom die geleentheid bied om binne bepaalde grense self van sy lewe iets te maak nie. Private besit is in die Bybel nou verbonde aan persoonlike vryheid en verantwoordelikheid. Die mens ontvang sekere besittings van God, omdat hy enkeling is en as enkeling sy roeping in die lewe moet kan vervul, en omdat hy in vryheid, wat verantwoordelikheid is, persoonlik aan die lewensopbou moet kan meewerk. Om hierdie redes kan die Christen nie meewerk aan die afskaffing van privaatbesit nie. Dit sou God se orde in

die mens se lewe aantas en die mens die moontlikheid ontneem om sy goddelike roeping as mens na te kom.

Die Christenonderwyser moet hierin die geleentheid sien om die Christelike siening oor die verkeerde in die kollektivisme, aan die leerlinge oor te dra. Soms kan die positiewe in die eie sterk beklemtoon word, deur die negatiese in die ander stelsels te onderstreep. Hier kan egter nie sprake wees van 'n blote negatiewe benadering nie, omdat daar telkens die geleentheid is om die Christen se eie teenoor die kollektivistiese siening te stel.

2.5.1.2 <u>Voor-reformatoriese denke</u>

Die Middeleeuse ekonc iese denke was gefundeer op die volgende kerklike leerstellinge (Venter, W.J., - aantekeninge oor: Ontwikkeling van ekonomiese denke):

(a) Weens die menslike afstamming van Adam, is alle mense broers. Hierdie broederskap strek wyer as nasionale grense.

(b) Die natuurlike gelykheid van die regte van alle mense.

(c) A.g.v. argument in (b) is slawerny in enige vorm verwerp.

(d) Alle private besit is verwerp en die gemeenskaplike besit van eiendom is as die enigste korrekte beskouing aanvaar.

(e) Arbeid was verhewe, want dit is gesien as deel van die mens se saligmaking, maar dit was ook onvermydelik, want dit is aanvaar as 'n oordeel van God.

(f) Diegene wat in nood verkeer het, moes seker wees van die liefdadigheid van elkeen, en dit staan in verhouding tot elkeen se sosiale status.

(g) Die familie en die familielewe moes behou word.

Hierdie genoemde kerklike leerstellinge is met verloop van tyd aansienlik verander en aangepas, die natuurlike gelykheid van die mens is mettertyd gewysig, op grond van bekwaamheid, beide wat betref eiendom en status. Werk is nie slegs gesien as dissipline vir die verkryging van saligheid nie, maar ook as 'n middel vir die verkryging van welvaart. Slawerny is ook mettertyd aanvaar.

Voor die 13e eeu word nie veel meer as 'n morele beskouing gevind omtrent die verskillende aspekte van die ekonomie nie. Die rede hiervoor lê waarskynlik in die eenvoudige aard van die destydse ekonomie. Landbou was aangeprys, ambagte was nie noodwendig sondig nie, maar handel was veroordeel. Materiële welvaart is gesien as nadelig vir geestelike welsyn, behalwe waar dit sosiale diensbaarheid beoog het. Waarde is gebaseer op 'n kosteteorie wat op die arbeids-

element berus het. Rentevordering is beskou as 'n woekerpraktyk en dus verwerplik.

2.5.1.3 Reformatoriese denke

a. Algemeen

Die opvattinge in die vorige paragrawe genoem, is mettertyd aangepas by veranderde omstandighede. Hierdie aanpassing het ook daartoe gelei dat die mens met die loop van tyd gewoond geraak het aan die kapitalistiese gees, en weer oorgeswaai het an die ander uiterste, - die mens het verval tot die oorskatting van geld - waardes, Die gevolg was kapitalisme, materialisme en ekonomisme. Die regte perspektief moes weer gevind word. Hieruit en uit die siening van Luther en Calvyn is daar vir die Christenonderwyser 'n ryke geleentheid om die Christelike beskouing aan die leerlinge oor te dra. By so baie van hulle is daar, as gevolg van die moderne wêreldlike opinie, nog steeds 'n oorskatting van die aardse, en die onderwyser moet hulle help om weer balans te kry. Sterk verwysing na die Calvinistiese siening (vgl. p.143).is voortdurend nodig.

b. Luther en Calvyn

Luther het geredeneer dat die Christen geen meganisme nodig het om hom sy plig te leer of hom reg te help nie. Hy het die siening gehuldig dat die mens die Bybel en sy eie gewete gehad het om na te luister. (Tawney, 1926, p.99). Vir alle handelstransaksies in

aardse goedere, het Luther die volgende twee eise gestel: doen aan andere soos jy wil hê dat hulle aan jou moet doen; en, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. As dit nagevolg sou word, sou alle dinge hulleself reg rangskik en geen wette, wetboeke of regsaksies sou nodig wees nie. Reg sal geskied, omdat elkeen se hart en gewete hom daartoe sal lei.

Die vroeë Calvinisme het sy eie streng reëls t.o.v. die mens se optrede in ekonomiese sake gehad. Die vroeëre siening, dat aan almal wat met ekonomiese sake besig was 'n stigma van parasiet en dief kleef, het nou grootliks verval. Hierdie vroeë Calviniste het ook nie die kapitalis gesien as een wat ryk geword het ten nadele van sy naaste nie. Armoede is nie langer beskou as geregverdig in sigself nie. (Tawney, op.cit., p.105). Hulle was waarskynlik die eerste georganiseerde groep mense, wat godsdienstige onderwys gegee het, waarvan gesê kan word dat hulle erkenning verleen het aan ekonomiese voordele. Die versameling van rykdom was nie noodwendig sonde nie, slegs die misbruik daarvan vir eie gewin. Hulle ideaal was 'n gemeenskap wat na die rykdom gesoek het:

(a) met die sobere erns van mense wat bewus was van hulle eie dissipline en hulle eie karakterdissiplinering,

(b) deur geduldige arbeid en om hulleself te wy aan 'n diens wat vir God aanvaarbaar was. (Idem)

Calvyn het gesê die mens is 'n geroepe wese om die domein van God te onderwerp en daaroor te heers, maar dan uitsluitlik tot God se eer. Die eer van God staan dus vir die Calvinis in die sentrum van al sy handelinge, maar hy is gedwonge om te handel kragtens sy roeping, en die handelinge wat uitgevoer moet word, is in die skepping as domein van God. Die aard van dié handelinge is:

ontginning van wat potensieel aanwesig is,

omskepping en

saamverbinding van wat ontgin is; in kort dus fabrisering of produksie. In hierdie handelinge moet die mens sober en spaarsaam te werk gaan.

Vir die kapitalis is soberheid, spaarsaamheid en hardwerkendheid die middele tot 'n doel nl. wins, en welvaartsakkumulasie. Vir die Calvinis is hierdie eienskappe of hoedanighede fasette van sy roeping, om sy ewigheidsbestemming reeds in hierdie lewe af te beeld. Vir hom gaan dit nie om welvaartsakkumulasie nie, maar om sy ewigheidsbestemming, waar God alles en in almal sal wees. Welvaartsakkumulasie is sekondêr, primêr is sy roeping tot heerskappy in sy weg na 'n ewige bestemming. Welvaartsakkumulasie is slegs 'n neweproduk van 'n grootser en meer oorheersende doelstelling:

Calvyn het aangedring op:

(a) persoonlike verantwoordelikheid en dissipline en

(b) die eise dat die Christelike karakter 'n objektiewe eienskap van alle sosiale instellings moet wees. (Tawney, op.cit., p.112)

## 2.5.2 Die taak van die staat t.o.v. die ekonomiese lewe

Beheer, deur 'n despoot of die owerheid, was die aanvaarde praktyk sedert die middeleeue, totdat dit 'n hoogtepunt bereik het in die Merkantilisme. Daarna het Adam Smith in sy "Wealth of Nations" (1776) laissez-faire verkondig wat vir 'n eeu (tot ± 1870) toegepas was. Wêreldoorlog I en II het weer staatsintervensionisme gebring wat gekom het om te bly.

Die septer van soewereiniteit in die gesinslewe, in die landbou, nywerheid, handel ens., is nie in die hand van die mens of die owerheid nie, maar slegs in die hand van God. Daarom mag die soewereiniteit in eie kring nie verbygegaan word nie, ook nie aangetas word nie. Vir sover as wat alle gebeure hier volgens die Woord van God geskied, volgens Gods wette en elkeen se soewereiniteit deur belanghebbendes eerbiedig word, kan die owerheid buite bly staan. Waar egter misstande intree, hulp ontbreek, wrywinge voorkom, verkeerde opset as geldig beskou word, of skade aan 'n derde party dreig, mag die owerheid ingryp. Ook dan moet sy doel **nie** wees, "om een eigen verzinning aan het leven op te leggen", maar slegs om alle hindernisse wat die inwerking van die soewereiniteit in eie kring verhinder, uit die weg te ruim, sodat die soewereiniteit

vir elke kring weer in volle krag kan geld. Die volkslewe ontwikkel die beste waar hierdie inmenging die enigste van staatsweë is. So kom ons dan terug by die grondstelling, nl.: God het met Goddelike soewereiniteit die wette vir alle kringe van die menslike lewe daargestel. Die mens moet hom daarop toelê om hierdie, deur God ingestelde wette, te handhaaf. Die owerheid beskik nie oor enige oorspronklike soewereiniteit nie: dit wat hy het is deur God gedelegeer. Hierdie soewereiniteit strek nie oor die geheel van die menslike lewe nie, maar uitsluitlik oor die magistrale verhoudinge tussen die inwoners onderling en die verhoudinge met ander volkere. (Kuyper, 1916, p.272)

Samevattend, kan die volgende t.o.v. die breë plig van die staat gesê word: Die staat moet toesien dat alle samelewingsverbande kan ontwikkel, deur die handhawing van die soewereiniteit van elke kring, d.i. die regverdigheidseis wat aan die owerheidstaak gestel word.

### 2.5.3 Toepassing van die reformatoriese staatsbeginsel

#### 2.5.3.1 Vrye inisiatief

Die staat sal poog om vrye inisiatief so ver moontlik toe te laat, maar daar kan tog die volgende vyf gevalle genoem word, waar die owerheid wel sal inmeng met die private ekonomiese inisiatief in 'n vrye ruilverkeershuishouding:

(a) waar die private ondernemings of nie bereid is, óf nie in staat is om die besondere diens of produk aan die nasionale bevolking beskikbaar te stel nie;

(b) waar die diens of produk van nasionale belang is, en die gehalte en stabiliteit van voorsiening beter deur die owerheid behartig kan word;

(c) waar ongewenste praktyke soos monopolievorming daardeur verminder kan word;

(d) waar ledige bronne op die wyse produktief aangewend kan word;

(e) waar dit tot 'n meer gelyke verdeling van die nasionale inkomste kan lei, sonder om kapitaalvorming daardeur te belemmer.

2.5.3.2 Toepassing van uitsonderinge in S.A.

Bogenoemde vyf uitsondering t.o.v. die reformatoriese staatsbeginsel is in Suid-Afrika in die praktyk toegepas waar die voorsiening van elektrisiteit deur Evkom hanteer word; Yskor is deur die staat opgerig vir staalproduksie en Sasol is deur die staat opgerig.

2.5.3.3 Ekonomiese politiek van die owerheid

Die mens ly as gevolg van die sondeval onder onvolkome menslike verhoudinge. Die mens is in verskil-

lende lande woonagtig en in elke land is daar 'n regering. Die regering het nou, van God gedelegeerde, mag (sien 2.5.2 hierbo) en die Christen sien dit só dat hierdie mag in die ekonomiese lewe ook gebruik moet word om die sonde te bestry, en wel om die wanpraktyke wat a.g.v. die sonde ontstaan het, te bestry.

Die owerheid bestaan ook uit mense wat foute maak (a.g.v. die sonde) en hieruit vloei veral twee sake voort. Eerstens moet die owerheid aanvaar dat hy ook onderhewig is aan die sonde en na die Skrif moet luister. Tweedens moet die staat, soos hierbo gemeld, optree teen wanpraktyke, dus ook sy eie foute. As gevolg van veral laasgenoemde sal die staat sy optrede gedurig moet wysig.

Die owerheid het verskeie metodes waarop hy kan optree en die taak, deur God aan hom gedelegeer, uit te voer. In die vrye wêreld sal die staat indirek optree, in direkte teenstelling met staatsoptrede in 'n sentraalgeleide ekonomie.

Die volgende metodes kan genoem word, wat die staat kan gebruik om sy gedelegeerde gesag in die ekonomiese praktyk toe te pas.

(a) Handelspolitiek

Daar kom dikwels hindernisse in die vrye en natuurlike produksie, vloei van goedere en dienste tot optimumbevrediging van menslike behoeftes. Daarom moet die owerheid op velerlei wyses "inmeng", by wyse

van 'n nasionale handels-"politiek". As voorbeelde kan genoem word: beheer van monopolistiese toestande, Lisensiëring, reëling van lone en pryse, belastingheffing ens. Dit geskied met die doel tot handhawing van orde in die samelewing, wat na die sondeval, volgens menslike insigte doelbewus gereël moet word.

(b) Arbeidspolitiek

Arbeidsverhoudinge is versteur as gevolg van die sondeval. Die werker wou so min moontlik werk lewer vir 'n gegewe loon en die werkgewer wou so min moontlik loon lewer vir 'n gegewe opdrag. Gevolglik moes die owerheid die verlore harmonie kunsmatig, volgens persoonlike insigte, herstel.

Daar is nog die fiskale-, monetêre-, landboupoliek ens., as maatreëls wat vir die regering ter hand lê in die regstelling van wanpraktyke en wanverhoudinge wat a.g.v. die sondeval ontstaan het.

## 3. PRODUKSIEFAKTORE

### 3.1 Algemeen

Die produksieproses word saamgestel deur die verbinding in verskillende kwantitatiewe verhoudinge van die vier produksiefaktore, nl. arbeid, kapitaal, grond en organisasie. Elkeen het sy eie spesifieke funksie en eienskap, wat dit radikaal verskillend maak van al die ander faktore. Hierdie radikale verskeidenheid word egter soos die radikale kosmiese verskeidenheid

verbind in een universele samehang, wat nooit eksak is nie. Daarom bestaan bestuur as faktor los van alle ander vorme van arbeid as produksiefaktor. Dit is dus nie maar net 'n vorm van arbeid nie, maar dis 'n spesifieke soort arbeid wat radikaal anders is as enige ander vorm van arbeid.

Die unieke eienskap van arbeid, wat dit van die ander faktore onderskei, is die feit dat dit sy eie aanbod kan bepaal en homself kan organiseer met die oog op loonvoordele.

Die unieke eienskap van kapitaal, wat dit van die ander faktore onderskei, is die moontlikheid dat dit deur spaarvorming willekeurig opgebou kan word.

Die unieke eienskap van grond, wat dit van die ander faktore onderskei, is die relatiewe skaarsheid daarvan in verhouding met die ander faktore; en die feit dat verskillende soorte grond, met verskillende grade van vrugbaarheid, 'n opbrengspotensiaal het wat verband hou met die vergoeding wat aan die grond betaal word, d.w.s. die faktor grond, ontvang skaarsheidsrente en differensiële rente as vergoeding.

Die unieke eienskap van bestuur wat dit van die ander faktore onderskei, is sy vermoë om die ander faktore te organiseer en tot 'n eenheid te verbind in die produksieproses.

## 3.2 Arbeid

In hierdie bespreking van arbeid as produksiefaktor, word daar veral gelet op arbeid in die moderne gemeganiseerde bedryf, of dit nou in die kantoor of in die nywerheid is.

### 3.2.1 Die mens, as die kroon van God se skeppingswerk in sy arbeid

Die mens is die kroon van God se skeppingswerk. Die mens word dus geroep om ook in sy arbeid as beelddraer van God op te tree. Die mens word geroep om die skepping te onderwerp en daaroor te heers (Genesis 1:26-28) en in die uitvoering van hierdie roepingsopdrag, moet die eer van God sentraal en oorheersend wees. Die arbeid as instelling van God is dus die uitdrukking van die beeld van God in die mens, en daarby manifestasie van menslike vryheid en verantwoordelikheid. (Venter, W.J., 1966, p.2)

Elke werker wil weet, en verseker wees daarvan, dat hy 'n nuttige en verantwoordelike werk verrig, al is die verantwoordelikheid ook hoe gering. Die sosiale prestigewaarde van die werk speel ook 'n rol. In die moderne tegnologiese ontwikkeling, gebeur dit dikwels dat die mens met (of soms saam met) 'n masjien moet werk. Roeper verhaal van 'n jong kantoorwerkster, wat nadat 'n moderne rekenmasjien geïnstalleer was, huilend by haar werkgewer opgedaag het met die opmerking dat die masjien haar laat voel dat sy gedegradeer is, (Roeper, H, 1960, p.91) en dit ten spyte

van 'n salarisverhoging!

Dit is hierdie degradering van die mens, as beelddraer van God, tot "faktor" in die produksieproses, wat verdere aandag verdien, m.a.w. die depersonalisasie van die arbeid. Hierdie saak verdien baie aandag in die klaskamer. Dit kan veral belangrik wees om te wys op die verkeerdheid daarvan om die mens te "vermasjineer" in die nywerhede, veral in gebiede waar leerlinge vertroud is met arbeidsomstandighede in industriële en mynbougebiede. By die hele arbeidsvraagstuk wat hier behandel word, moet sonder uitsondering gewys word wat in Gods Woord gesê word.

Meganisasie en outomatisasie is vir ekonomiese doeleindes in die handel en nywerheid ingevoer. Die masjien het die mens se taak kom verlig, en dit moet ook gesien word as die resultaat van die wilsbeskikking van God. Die masjien ontneem die mens egter soms die geleentheid om sy arbeidsopdrag na te kom. (Venter, op.cit., p.3)

Dit is juis hierdie laaste saak, en ook in 'n mate die depersonalisasie van die mens, waarteen besware ingebring kan word; enkele hiervan kan genoem word:

(a) Daar word "roofbou" gepleeg op die menslike arbeidskrag en gevolglik word die waarde en waardigheid van die mens aangetas.

(b) Die arbeid word verlaag tot die peil van 'n

handelsartikel en daarmee saam ook die mens.

(c) Arbeid kan gesien en gewaardeer word volgens suiwer ekonomiese oorwegings. Dit is 'n belediging vir die mens as sedelike wese en 'n vernietiging van die mens as beelddraer van God. (van Biemen, 1950, p.261 - 273)

Hoe die outomatisasie en meganisasie ookal die arbeid verlig en raffineer, arbeid kan nie vervang word nie, en die mens kan nie loskom van sy roeping tot arbeid nie. "Arbeid is 'n funksie in die samelewing in gehoorsaamheid aan God; die mens moet, gesubordineerd aan God se heilige wil, die weg baan vir die koms van God in Sy volstrekte heerskappy. Indien die tegniek dus die mens uit sy arbeidsopdrag verdring, bring dit vir die mens 'n verontagsaming van sy verantwoordelikheid, 'n vervreemding van een van die hoogste lewensvorme wat God die mens geskenk het. As sodanig word die tegniek 'n vyand, 'n struikelblok in die ware, deur genade herstelde, verhouding tussen Skepper en skepsel; dit word dan 'n ongewensde element, 'n objek tot nihilering van 'n transkosmiese wetsbepaling." (Venter, op.cit. p.4)

3.2.2 <u>Die mens in die vertegniseerde produksieproses</u>

Hand aan hand met meganisasie kry ons arbeids spesialisering: aan die een kant die hoogs opgeleide werker (deskundige), wat die outomatiese masjiene programmeer en beheer, aan die ander kant die werker van wie weinig fisiese, en nog minder intellektuele in-

spanning, vereis word. Hy verrig slegs dié werk wat nie mooi inpas in 'n volledig gemeganiseerde meganisasie-program nie. Hier word die mens, wat die produksie-stelsel dra 'n slagoffer en 'n slaaf daarvan. (van Bieman, op.cit., p.269). Die mens kan nou eers weer in sy vrye tyd begin lewe, sy goddelike roepingsbesef is deur 'n materiële besef verdring. Omdat die mens a.g.v. spesialisasie 'n verengde arbeidshandeling verrig, word hy geestelik afgestomp en kan hy self outomaat word. (Venter, op.cit., p.5)

'n Verdere faktor wat in die rasionaliserings-praktyk na vore getree het, is die tyd en bewegingstu-dies, wat daarop gemik is om die arbeider te help om alle onnodige aksies uit te skakel. Dit het beslis positiewe resultate gelewer, maar die mens as lewende, selfbewuste en emosionele skepsel is gedegradeer tot outomaat. (Ibid, p.6)

Na aanleiding van die bespreking van die mens as beelddraer van God, die degradering van die mens tot "faktor" in die produksieproses, en die hele vraagstuk van rasionalisasie, moet die onderwyser 'n sterk en besliste Calvinistiese standpunt inneem. Die aankno-pingspunt hiervoor kan hy vind in die volgende begrip:

Dit moet in gedagte gehou word dat die ontwikke-ling van meganisasie en outomatisasie geskied het onder die begenadigende toelating van God. Soos wat die sonde sy invloed getoon het in die skepping, kan ons verwag dat dit ook invloed sal hê in die betrekkinge

wat die tegniek meebring. Die mens moet egter nie net oor die skepping heers nie, hy moet ook die invloed van die sonde in die skepping bestry. "Hervorming van die samelewing uit sy sonde-versonkenheid, is dus eweneens opdrag van God; die tegniek moet dus benut word as 'n geskenk van God maar daar moet waggestaan word teen alle verwording van die sonde.- ook teen dié wat om die tegniek sentreer." (Venter, op.cit., p.8). Die arbeid en al sy nuanseringe moet tot eer van God wees en die tegniek moet hierin 'n hulpmiddel en nie 'n stuikelblok wees nie.

3.2.3 Kollektiewe optrede

Kollektiewe optrede van werkers veronderstel dat dié werkers die reg het om werkersunies (vakbonde) te stig en dan hulle geskille met hulle werkgewers op te los deur onderhandelinge tussen die vakbondleiers en werkgewers.

Kollektiewe onderhandelinge is dan dié proses waardeur groepe georganiseerde werkers en werkgewers poog om hulle verskille op te los. (Vandezande, G, 1972, p.92)

Stakings toon aan dat die kollektiewe onderhandelings misluk het. Vakbondleiers was nog altyd van mening dat stakings die fundamentele reg van georganiseerde arbeid is. Van hierdie leiers glo, dat hierdie 'n onskendbare reg is en dat werkers wat nie kan staak nie, nie vry mense is nie. (Vandezande, op.cit., p.90)

Stakings het egter verskeie gevaarlike neweprodukte. Dit vervang die geregtelike prosesse en onderhandelinge met dwang en met dikwellige ignorering van openbare belang. (Schuyler, G.S., 1972, p.72). Verder het geen indiwidu of groep die konstitusionele reg om in te meng met die konstitusionele reg van andere nie. (Ibid, p.73).

Wat moet die Christen se benadering nou wees? Ten eerste moet die betekenis van Christus se koms vir die menslike kultuur erken word. Die Christen moet Christus se beginsels in die huis en in die kerk, maar ook in die fabriek en die vakbonde toepas. Hulle moet 'n Christus-gesentreerde gesigspunt in die besigheidswêreld handhaaf. Die groot behoefte van vandag is "to give reformational battle against every religion which rejects Christ as Sovereign." (Vandezande, G, op.cit., p.105). Christene moet in die wêreld maar nie van die wêreld wees nie. Dit is moeilik, maar dit moet gedoen word om die wesenlike verband van geloof in Christus te demonstreer, want slegs op hierdie wyse kan die humanistiese dogma van selfgenoegsaamheid en self-regverdigheid vernietig word. (Idem)

Die werknemer en werkgewer moet dus hulle gemeenskaplike Christelike verantwoordelikheid erken. Beide moet erken dat hulle na die beeld van God geskape is, ook hulle afhanklikheid van die Skepper, hulle roeping om God en hulle naaste te dien, hulle plig om mekaar se belange te soek en hulle verantwoordelikheid

teenoor die onderneming, die gemeenskap en die land. Beide moet met vreugde gehoor gee aan God se gebod om mekaar lief te hê, want slegs op so 'n wyse kan geskille harmonieus opgelos word. (Ibid, p.106)

Die Christenwerkgewer en Christenwerknemer kan mekaar altyd in hulle onderhandelinge vind, as hulle die volgende woorde van Paulus voorop stel:

"Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus." (Efesiërs 6:5)

"En here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie." (Efesiërs 6:10) Hierdie Skrifgedeelte, wat die kern van verhouding tussen werkgewer en werknemer uitmaak, moet die hoogste prioriteit in die klaskamer geniet!

3.2.4 <u>Christelike visie van die arbeid</u>

Vir die Christen is daar etlike aspekte van die arbeid wat aandag verdien, voordat hy tot 'n finale beslissing oor die sedelike waardering van die arbeid kan kom. Enkele van hierdie aspekte kan hier verder toegelig word. Die volgende paragrawe vanaf 3.2.4.1 tot aan die einde van 3.2.4.6 moet deur die onderwyser in die klas beklemtoon word, sodat die leerling arbeid in die regte perspektief kan sien. Dit moet nie net terloops genoem word nie. Daar kan selfs meer as

een periode hieraan afgestaan word, want die onderwyser, (veral die Christen-onderwyser ) is ook opvoeder van die kind.

3.2.4.1 <u>Arbeid dui op die wese van die mens</u>

Arbeid hang ten nouste saam met die wese van die mens. God het aan die mens opdrag gegee om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak. (Genesis 1:28). Na die sondeval word die opdrag tot arbeid aan die mens deur God herbevestig. (Genesis 3:19). Arbeid is dus 'n gebod en terselfdertyd 'n heilige roeping. Die mens word dus in sy arbeid geheilig. Hieruit is dit duidelik dat arbeid nie losgemaak kan word van die menslike persoonlikheid nie, die arbeid is in der waarheid die vernaamste voorwaarde vir die ontplooiing van die mens se persoonlikheid. (van Biemen, op.cit., p.254). Uit die skeppingsopdrag vloei voort dat arbeid noodsaaklik is, en as sodanig is dit ten nouste verbonde aan die <u>kern van mens-wees</u>. Die mens moet werk om te lewe, en slegs deur arbeid (verstand-geleide arbeid), kan hy die natuur beheer sodat hy daaruit kan verkry wat hy nodig het. (Ibid, p.257). Omdat die arbeid tot die wese van die mens behoort, sal die mensbeskouing bepalend wees vir die sedelike waardering van die arbeid. (Vgl. die bespreking van die mensbeskouing in Hoofstuk 2). Die Christen kies op grond van sy geloof bewustelik die Evangeliese mensbeskouing.

3.2.4.2 <u>Die mens is geroep om arbeid te verrig</u>

Die mens is geroep om arbeid te verrig, nie om sonder meer te werk nie, dog om gekwalifiseerde, in die algemeen welsyndienende arbeid te verrig. Vir Luther gaan dit om gehoorsaamheid en om getrou te werk, terwyl dit vir Calvyn gaan om 'n prestasie tot eer van God. (Ibid, p.241). Arbeid is 'n skeppingsopdrag omdat:

(a) die mens verantwoordelik is vir die instandhouding van sy lewe. Daarom moet die mens werk. (Genesis 3:17-19) Die volgende aanhalings dien ook ter stawing hiervan. "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen." (Exodus 20:9) "Die mens gaan uit na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe." (Psalm 104:23). "As iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie." (2 Thessalonicense 3:10).

(b) God die mens verantwoordelik maak vir andere se lewens. Die enkeling is vir sy eie lewe afhanklik van die gemeenskap. Die omgekeerde is ook waar. Hierdie afhanklikheid is in werklikheid verantwoordelikheid. Alle mense, ongeag posisie of rykdom, het dus 'n sedelike plig tot arbeid. (van Biemen, op.cit., p.285).

Arbeid is verder die mens se persoonlike antwoord op God se roeping van die mens tot skeppende medewer-

king aan die omvorming, voltooiing en verlossing van die skepping. (Idem).

3.2.4.3 <u>Arbeid is diens aan die gemeenskap</u>

Van Biemen sê "arbeid is naar zijn wesen dienst aan de gemeenskap," (Idem). In die ekonomiese lewe beteken dit dat die arbeidsproses aan die mens die moontlikheid moet bied om sy verantwoordelikheid te beleef en te verwerklik, met ander woorde, om sy werk te sien as antwoord op God se opdrag, om ootmoedig en toegewyd mee te werk aan God se bedoeling met die mens en die wêreld.

3.2.4.4 <u>Medevormgewing van die skepping</u>

God het die mens geskape as verantwoordelike wese. Die arbeid verleen sy sedelike waarde aan die feit, dat arbeid 'n daad van menslike vryheid is, 'n antwoord aan God is. Die mens wil 'n innerlike bevrediging put uit sy werk, hy wil sy selfrespek daardeur opbou. Dit kan hy slegs vind as hy insien dat hy in opdrag van God, bydra tot die skeppende vormgewing aan die geskape wêreld en hy tot diens van sy medemens is. (Ibid, p.258)

3.2.4.5 <u>Gevolgtrekking</u>

Uit bogenoemde kan volgens Christelike visie nou enkele gevolgtrekkings gemaak word:

Arbeid wys heen na God, want God is voortdurend aktief.

Na aanleiding van die persoonlike en sosiale karakter van die arbeid het dit slegs een doel nl. om God te eer en te dien.

## 3.3 Kapitaal

### 3.3.1 Wat is Kapitaal

Kapitaal kan beskou word as al daardie instrumente wat deur die mens gemaak is, met die doel om te produseer en te verseker dat dit in die toekoms sal voortgaan. Die vernaamste sorte kapitaal is bv. masjinerie, voertuie, toerusting ens. Soos aan die begin van hierdie hoofstuk gestel, is kapitaal uniek as produksiefaktor, omdat die mens die vorming daarvan ... beheer. (Stonier, A.W., e.a., op.cit., p.299) Die kapitaal is 'n produk "waarvan de mensch de bewerker is"; (Diepenhorst, 1935, p.263)

### 3.3.2 Kapitaal as magsfaktor

In die Marxistiese leer word 'n beperkte betekenis geheg aan kapitaal. Daar word slegs gepraat van kapitaal in 'n bepaalde verskyningsvorm, wat eie is aan die teenswoordige voortbrengingsproses. Volgens hierdie leer is die wesenlike eienskap van kapitaal, dat dit aan die eienaar van sekere goedere 'n deel gee aan die opbrengs van die produksieproses, sonder dat daar arbeid verrig is. Nie alle produksiemiddele is dan kapitaal nie maar slegs die goedere wat nie die eiendom is van diegene wat daarmee moet werk nie. Daar word dan slegs gepraat van kapitaal en 'n algemene

strydkreet soos "weg met kapitaal" word deur hulle (Marxiste) aangehef. (Ibid, p.267)

Kapitaal moet egter nie vervloek word of met wantroue bejeën word as sou dit 'n misterieuse verskynsel wees nie. Kapitaal is nie 'n oorspronklike produktiewe mag nie, maar 'n eiesoortige mengsel van die menslike arbeid en die natuur. In stede van alle kragte toe te spits op die direkte verwerwing van gebruiksgoedere, word daar 'n ompad geloop, wat ryke beloning (wins) kan oplewer. Tussen die aanwending van produktiewe kragte en die verkryging van voltooide gebruiksgoedere ontstaan daar 'n tussenperiode, maar hiervoor word vergoed met die kragtiger gang van die produksieproses. Op hierdie wyse is die kapitaal "simbolische afbeelding van des menschen beleidvol overleg en berekenende spaarzaamheid." (Idem)

3.3.3 Kapitaal as produksiefaktor.

3.3.3.1 Kapitaalrente

Rekenkundig gesien is rente 'n betaling vir die gebruik van geld. Die tradisionele teoreties-ekonomiese beskouing was egter geheel iets anders. Rente is beskou as 'n "payment for "waiting", for "saving", for "abstinance" or for "time preference"" (Dillard, 1954, p.161)

Net soos by ander produksiefaktore word kapitaal vergoed op basis van sy grensproduktiwiteit.

Die opbrengs van kapitaal as produksiefaktor is gebaseer op sy grensproduktiwiteit,, (Garner, e.a., 1937, p.441) soos ook die opbrengs van die ander produksiefaktore bepaal word.

In teenstelling met arbeid en grond word die aanbod van kapitaal bepaal deur die direkte koste (in geld uitgedruk) daarvan en as hierdie koste nie bestry kan word uit die grensproduk van die kapitale goedere nie, sal nie geïnvesteer word nie.

Die werklike peil van die rentekoers sal bepaal word deur die snypunt van die dalende kromme, van die vraag na beskikbare fondse vir kapitale goedere, en die stygende kromme van die aanbod van hierdie fondse. (Stomier & Hagne, op.cit., p.315)

Daar is nog die faktor van onsekerheid en risiko, wat veroorsaak dat die rentekoerse varieer, en dat verskillende rentekoerse op dieselfde tydstip bestaan. (Samuelson, 1951, p.628)

Noudat die tegniese aspekte van kapitaalrente kortliks hierbo uiteengesit is, is daar 'n verdere (die belangrikste?) aspek daarvan, wat aandag verdien.

Die Christelike onderrig van 'n vak noodsaak die Christenonderwyser om die etiese aspekte van die onderwerp van behandeling na te gaan. Die bestaan van kapitaalrente is 'n feit, die vraag is net of dit geregverdig is, d.w.s., of rente hoegenaamd gevra mag word en indien wel wat is die Skrif se uitspraak en wat

behoort die onderwyser se benadering te wees. Die res van hierdie behandeling van kapitaalrente vorm die Christelike benadering daarteenoor. Die Christen-onderwyser moet die leerlinge op veral Calvyn se regverdiging van rente wys - met spesifieke klem op die Skrif se bepalinge soos deur Calvyn uitgelê.

Elke ondernemer moet gebruik maak van kapitaal, of dit nou in die vorm van toerusting, of in die vorm van krediet vir sy aankope van handelsware is. Vir die kapitaal op hierdie wyse gebruik, moet die rente daarop in berekening gebring word en normaalweg sal die rente betaal moet word. Met hierdie in gedagte is dit eienaardig dat daar ooit 'n vooroordeel teen die neem van rente was. (Marriott, 1923, p.128)

In die Middeleeue is geldlener en woekeraar as sinoniem beskou en in die alledaagse gebruikstaal vind ons dit vandag soms ook so. 'n Woekeraar is 'n persoon wat geld uitleen teen buitensporige rentekoerse. Baie lande, ook Suid-Afrika, het wette ingestel om die praktyk van die woekeraar te bekamp of te verbied. Die Middeleeuse kerke het nog verder gegaan, en 'n algehele verbod geplaas op die vorder van rente. Hierdie verbod was eers net bindend op die geestelikes maar van die veertiende eeu af, het die sekulêre wetgewing die voorbeeld van die geestelikes gevolg. (Ibid, p.129)

Dit was eers met die koms van die industriële era in die laaste jare van die agtiende eeu, dat dat die ekonomiese teorie openlik opgetree het ten gunste van vryhandel in geld. Adam Smith was ten gunste van die vra van rente, maar wou 'n mate van beheer hê. J.S. Mill wou weer dat alle beperkende wetgewing opgehef moes word. In 1854 is die laissez-faire beginsel in die wetgewing van verskeie lande soos Engeland, Denemarke, Holland, Spanje, België en Noorweë vervat. Laissez-faire het ook hier slegs 'n kort bestaan gehad en al gou is weer beperkende wetgewing t.o.v. rentekoerse ingestel. (Ibid, p.130-132)

Is rente nou 'n natuurlike praktyk, of is dit iets uit die bose? Kan dit nou op ekonomiese of etiese gronde hoegenaamd geregverdig word? Op handelsgebied is die vra van rente beslis regverdigbaar. Dit verteenwoordig die prys van 'n ooreenkoms waar beide die lener en die uitlener tevrede gestel word. Die uitlener word tydelik die gebruik van sy kapitaal ontsê, terwyl die lener die gebruik daarvan het. "Equally is interest morally justified, since so far from being the monstrous progeny of an unnatural union it is merely a particular illustration of the general law of time-value". (Ibid, p.139)

3.3.3.2 <u>Calvyn en die kapitaalrente</u>

Om Calvyn se benadering tot die rente beter te verstaan, is dit nodig om te besef, dat vir Calvyn,

daar in kerklike kringe 'n absolute renteverbod geheers het. In die vorige bladsye is daar terloops na hierdie renteverbod verwys.

In die geskrifte van die kerkvaders, vanaf die Middeleeue, is die veroordeling van die rente algemeen aangetref. Daar is in skerp woorde teen die neem van rente te velde getrek. Die kritiek was nie teen woekeroptrede nie, maar teen enige vorm van rente. H ierdie optrede het aanvanklik slegs onder die teoloë instemming gevind, maar vanaf die veertiende eeu, het die teoloë en juriste gesamentlik die stryd teen die rente aangesê. (Diepenhorst, 1904, p.94)

Na aanleiding van latere geskrifte, en soos hierna aangetoon sal word volgens Calvyn se siening, het hierdie renteverbod ontstaan uit 'n geheel verkeerde beskouing van sommige tekste in die Bybel. Daar was ook 'n onjuiste insig in die wese van geld en van die leenkontrak.

Teen die groot kerklike stroom met betrekking tot die renteverbod het Calvyn nou dwars ingegaan. Die wyse waarop hy in sy tyd sy mening moes uitspreek, kon sekerlik as gruwelike kettery beskou word. Tog het hy die wettigheid van die renteverbod teengegaan. Op verskeie plekke in sy geskrifte breek hy met die gees van sy tyd. Sy standpunte is duidelik uiteengesit en omlyn in sy beroemde Concilium. Hierin was die bestryding van die renteverbod klassiek. In sy

argumente was daar van wegdoeseling geen sprake nie. (Ibid, p.129)

Calvyn stel dit baie duidelik dat die neem van rente nie onbeperk toegestaan kan word nie. Dan sal die menslike boosheid en sy onbeteuelde oormoed hom aan geen grense gebonde ag nie. Daar kan net so min 'n onvoorwaardelik afkeuring van die rente wees, want dan word 'n nouer band om die gewete van die mens gelê, as wat God self ooit verorden het. Dit mag nie wees nie, want Gods Woord moet die toetssteen wees. Juis met hierdie laaste sin, gryp Calvyn die renteverbod in sy hartaar aan. Die hele renteverbod was gegrond op aanhalings uit die Skrif. Calvyn pak nou hierdie argumente vir die renteverbod een vir een aan, en gee ook wat hulle Skrifaanhalings betref, die korrekte uitleg vir die tekste. Aan Jesus se woorde dat die mens moet leen sonder om iets terug te verwag (Lukas 6:35) het die voorstanders van die renteverbod die betekeis geheg van dat Jesus alle neem van rente verbied het. Calvyn gee die ware betekeis hieraan terug, deur daarop te wys, dat dit slegs 'n sedelike bevel was om aan die armes soveel moontlik hulp te verleen, ook deur rentevrye lenings. Moses se wet wat sê "Jy mag jou broer geen rente oplê nie ...." (Deuteronomium 23:19) was weer 'n politieke wet wat tans geen bindende krag meer het nie. Ten slotte lê daar ewe min gewig in die skaal in die verwysings na die onderskeie tekste in die Ou Testament, die

Profete en die Psalms; want, Calvyn toon dit vry uitvoerig aan, hierin word alleen teen woeker die banvloek geslinger. (Diepenhorst, op.cit., p.137)

Na aanleiding van hierdie uiteensettings van Calvyn is dit duidelik dat die Bybel geen verbod op die neem van rente plaas nie, daar word slegs herhaaldelik gewaarsku teen oormatige rente.

Calvyn verdedig die produktiwiteit van geld met krag. Vir hom is die argumente wat in ydele klanke opgaan, sonder om tot die waarheid deur te dring, 'n aanduiding dat die mense met hierdie soort argument met God wil speel soos met 'n kind. (Ibid, p.138). Calvyn dring aan op billikheid, die waarheid en geregtigheid.

In die bespreking van kapitaalrente is daarop gewys dat rente die beloning van kapitaal as produksiefaktor is, soos wat alle ander produksiefaktore beloon word.

Calvyn het dus oor die morele en etiese regverdiging van rente uitspraak gegee. Kommersieël is dit ook geregverdig aangesien dit die prys van 'n onderhandeling weergee, wat vir beide die lener en die uitlener gerieflik is. Die uitlener is tevrede om sy kapitaal teen 'n rente uit te leen en die lener is tevrede om die rente te betaal, want hy verkry daarvoor die kapitaal om daarmee nuwe velde te betree, met sy

verstand, energie en ondernemingsgee. (Marriot, op.cit., p.139)

## 3.4 Grond

### 3.4.1 Histories

Van die drie produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal), is grond die vanselfsprekendste en in primitiewe gemeenskappe is 'n oorvloedige aanbod (voorsiening) van vrugbare grond so by uitstek die belangrikste faktor, dat ander vorme van welvaart net nie belangriker geag kan word nie. (Marrlott, 1923, p.27). Selfs so laat as die agtiende eeu het die fisiokrate die beginsel gehandhaaf dat grond die enigste bron van rykdom is. (Newman, 1952, p.25). In die primitiewe gemeenskappe was grond van allesoorheersende belang. Die koloniale pioniers het slegs in grond en water belanggestel. Omdat grond gratis en vryelik beskikbaar was, het die pastorale gemeenskappe hulle diere laat loop, en sodra die grond tekens van uitputting toon, het hulle na nuwe weivelde beweeg. Sodra die pastorale neiging egter vervang is deur die saaiboere, het 'n nuwe element te voorskyn getree. Die mens se arbeid is nou gemeng met die grond en so het die grond 'n nuwe waarde gekry bo en behalwe dié van weivelde. In hierdie sin mag grond selfs gesien word as "vervaardigde" produk! (Ibid, p.29)

In Europa het die boerderyontwikkeling 'n spesifieke patroon gevolg; daar kan kortliks na die Engelse ontwikkelingspatroon gekyk word. Groot plase (estates) het aan slegs 'n paar groot kapitaliste behoort, baie ander het klein plase besit, terwyl die meerderheid slegs plaasarbeiders was. Van die elfde tot die veertiende eeu het die Manoriale stelsel in Engeland voorgekom en in ongeveer die middel van die veertiende eeu het dit grootliks opgebreek. Hierna het 'n periode van verandering ingetree en het ons die "new classes of landlord, tenant-farmer, and wage paid labourers" (Ibid, p.32) gekry.

In die sestiende eeu het industrialisasie ook sy merk op landbougebied gemaak en was dit verantwoordelik vir geweldige veranderinge, in die sin, dat saaiboerdery moes plekmaak vir skaapboerdery om die geweldige vraag na wol te bevredig. Die plase is ook omhein en hierdie "enclosures" het weer in die agtiende eeu op groot skaal voorgekom. In hierdie tyd het die wetenskaplike boere sterk op die voorgrond getree.

3.4.2 <u>Grond as industriële produksiefaktor</u>

In ekonomie behels die term grond al die natuurlike hulpbronne wat die mens in sy produksieproses gebruik. Dit sluit in grond, steenkoolneerslae, olievelde ens. (Garver, F.B. e.a., 1937, p.420). Hierdie verskillende hulpbronne is almal belangrik, maar die grond neem 'n allesoorheersende posisie in. Die

grond het ontwikkel tot 'n selfstandige ekonomiese verskynsel, met sy eie reëls en wette. Aan grond kan drie funksies toegeken word nl:

(a) In die eerste plek is grond die standplaas van produksie. Elke produksieproses moet op 'n spesifieke plek plaasvind en hierdie plek word in elke geval na rype oorweginge, waaronder die nabyheid van grondstowwe, afsetgebiede, arbeidsvoorsiening, watervoorsiening ens., gekies. Te veel waarde moet egter nie aan hierdie funksie alleen toegeken word nie, want ten spyte van sy belangrikheid sal dit nie altyd die beslissende rol speel nie.

(b) In die tweede plek is grond ook die "bewaarplek" van al die minerale rykdomme. Sodra hierdie rykdomme finaal uitgeput is, sal die grond wat hierdie minerale bevat het, se funksie as "bewaarplek" uitgedien wees.

(c) In die derde plek is daar die belangrikste funksie van grond wat setel in die vegetatiewe kragte wat dit kan ontwikkel. Deur die lewegewende krag word die grond nie uitgeput as gevolg van die lewering van produkte nie, dit behou vrugbaarheid en lewer telkens weer nuwe produkte. Hier kan die flukse boer, met ywerige arbeid pragtige

landerye en weiding verkry en behou, maar die swak boer kan met roofbou die grond uitmergel en vir baie jare van sy vrugbaarheid beroof. Dit moet ook altyd in gedagte gehou word dat alle grond nie ewe vrugbaar is nie en ook nie vir alle soorte boerdery geskik is nie. (Diepenhorst, 1935, p.209-212) Die hele bespreking van grond as produksiefaktor moet altyd terugwys na die bespreking van eiendom in die vorige hoofstuk. Veral moet klem gelê word op die uiteensetting van die agste gebod waar presies 'n Skriftuurlike uitleg van die gebruik van eiendom gegee word - Die leerling moet voortdurend bewus wees van die bepalinge van die Woord van God.

3.4.3 Hulpbronne

Hierbo is reeds verwys na die verskillende hulpbronne wat in die grond aangetref word. Hierdie natuurbronne verskil onderling op etlike maniere; tog is daar ook sekere fisiese en ekonomiese gronde van ooreenkoms.

Daar is verder nog die verskynsel dat sekere ryk dele van die aarde yl bewoon word en baie min gebruik word, terwyl ander swakker gebiede oorbevolk is. Dit is egter so dat die moderne tegnieke en tegnologiese ontwikkelinge die relatiewe begeerlikheid van die twee gebiede omgekeer het. (Garver, e.a.,op.cit.p.421). In hierdie laasgenoemde geval kan verwys word na sekere gedeeltes van Noord- en Oos-Transvaal wat in die vorige eeu bykans nutteloos was a.g.v. malaria en die

tsetsevlieg. Moderne bestrydingsmetodes het hierdie gebiede omskep in van die vrugbaarste landbougebiede in Suid-Afrika. Die mens moet gedurig onthou dat wat vir die mens moeilik verstaanbaar is, of glad nie begrypbaar is nie, moontlik juis só deur God gewil is. Dink maar aan die Raadsplan van God wat dit so gewil het dat die dikwels dor en nuttelose landbougebiede juis ryk moet wees aan ertsneerslae van alle soorte.

Hiermee saam gaan die genadige beskikking van God, deur die tegniek wat hy aan die mens openbaar gemaak het, waardeur dele van die skepping toeganklik gemaak is om die potensialiteite daarvan te ontgin.

### 3.4.4 Grondrente

Ricardo se uiteensetting van die grondrenteteorie kan as die klassieke benadering beskou word. Voor hom het Smith, Malthus en ander skrywers ook grondrenteteorieë uiteengesit, maar dié van Ricardo was die mees uitstaande en gevolglik kan die grondbeginsels van sy teorie baie kort hier weergegee word.

Ricardo begin sy beredenering, met die veronderstelling, dat daar 'n nuwe land beskikbaar is met alle grond vir boerdery beskikbaar, en dat geen huur betaal hoef te word nie. Soos wat die bevolking groei, moet grond gebruik word wat al minder en minder geskik is vir boerdery. Op hierdie punt sal huur of 'n "vrugbaarheidspremie" betaal moet word vir die vrug-

baarder grond, en hierdie huurbedrag is die verskil in die grond se kwaliteit. Soos wat al hoe meer gebruik gemaak word van minder geskikte grond, sal ook huur (grondrente) betaal word vir minder vrugbare grond en in elke geval sal die betaalbare bedrag bepaal word deur die "fertility differential". (Newman, 1952, p.81) Grondrente word dan finaal deur Ricardo gedefinieer as "that portion of the produce of the earth which is paid to the landowner for the original and indestructible powers of the soil." (Ibid, p.82). Ten slotte dien nog vermeld te word, dat Ricardo aangeneem het, dat daar 'n mededingende ekonomie en mobiliteit van produksiefaktore bestaan.

Dit kan aangeneem word dat grond verskuif kan word, riviere verlê kan word, minerale uitgehaal en vervoer kan word ens., maar dit klink vergesog om te wil beweer dat grond as produksiefaktor van een plek na 'n ander verskuif kan word. As grond gemeet word in terme van oppervlakte, is dit nie verskuifbaar nie, maar die kwessie van vrugbaarheid moet ook in gedagte gehou word. Dadelik sal besef word dat grond se vrugbaarheid wel deur die mens se toedoen verhoog kan word. Die mens kan egter nie die klimaat verander en bv. 'n tropiese klimaat gee aan 'n grondgebied binne 'n gematigde streek nie, hy kan ook nie die mineralerykdomme verskuif sonder om dit uit die grond te haal nie. (Benham, 1955, p.297). In hierdie sin het grond dus beslis nie mobiliteit nie! Sekere grond is

net geskik vir sekere doeleindes a.g.v. ligging en klimaatstoestande waaraan die mens nie veel kan doen nie, hoewel die vrugbaarheid van sekere gebiede wel in 'n mate verhoog kan word. In Palestina en in Suid-Afrika het geweldige veranderinge al ingetree d.m.v. groot besproeiingskemas.

Grondrente of huur word egter beskou (in die Teoretiese Ekonomie ) as die betaling vir die produksiefaktore wat 'n onvolmaak elastiese aanbod het. Grond dien hier natuurlik as die hoofvoorbeeld. (Stonier & Hagne, op.cit., p.273). "Ekonomiese" huur neem net betalings vir die gebruik van die grond in ag en laat alle betalings vir die grondeienaar se kapitale beleggings buite rekening. In hierdie sin kan huur gesien word as 'n surplus omdat dit nie die gevolg is van enige aktiwiteit aan die kant van die grondeienaar nie. (Ibid, p.274)

## 3.5 Bestuur

### 3.5.1 Agtergrond

Ten spyte van swakhede in Adam Smith se bespreking van wins, het hy tog in 'n mate onderskei tussen wins en kapitaalrente, alhoewel hy in sy werke hoofsaaklik die rente in gedagte gehad het. (Marriott, op.cit., p.141). Volgens Diepenhorst moet ondernemersinkomste gesien word as die vierde inkomstetak, met kapitaalrente, grondrente en lone as die ander drie. (Diepenhorst, op.cit., p.612). Adam Smith

se besprekings van wins toon dat hy dit sien as die inkomste van die "bestuur" van die onderneming, dus ondernemersinkomste soos wat Diepenhorst dit noem.

J.S. Mill het wins in drie dele verdeel, nl.: (a) rente (b) risikovergoeding en (c) vergoeding vir die knapheid in die bestuur. Hy sê dat hierdie drie dele aan drie verskillende persone betaal kan word, maar hy toon beslis ook aan, dat al drie ook aan dieselfde persoon betaal kan word. (Marriott, op.cit., p.142)

### 3.5.2 Winsmotief versus Diensmotief

By die bespreking van wins is dit vir die Christenonderwyser nodig om te wys op die etiese beginsels wat by die neem van wins 'n faktor tot oorweging moet wees. Die Christen kan die wêreld nie net aanvaar soos wat hy dit vind nie - hy moet alles in die stryd werp om dit só te omvorm dat alles tot eer van God sal geskied. Diepenhorst sê immers dat die Calvinisme oor elke aspek van die ekonomiese lewe, en gevolglik ook oor die neem van wins, iets te sê het. (Diepenhorst, 1904, p.335). Die onderwyser moet dus ook oor die motief by die neem van wins besin as dit bespreek word. Is die ondernemerswins 'n "menigte van inkomste met onreg"?, of is dit "'n bietjie met geregtigheid"? (Beide aanhalings: Spreuke 16:8). In die volgende bladsye sal gepoog word om hier vir die onderwyser enkele riglyne aan te dui.

Die gelowige mag nie aanvaar dat die moderne lewe se eise sodanig is dat as hy in die handel bo wil uitkom, hy maar net moet meedoen en die praktyke van die handel beoefen nie. (Venter, 1974, p.1). Dit is tog immers in stryd met wat die Christen bely en dan moet hy ook die Woord van God onthou wat aan die gemeente van Laodicéa gerig is: "........omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug." (Openbaringe 3:16). Die Christen se Sondagse belydenis moet ook sy Maandagse lewenswyse kenmerk! Hier kry die onderwyser die geleentheid om waarlik Skrifgefundeerd te onderrig, omdat dit wat hier behandel is, so prakties is as wat moontlik kan kom. Die leerling kan hier sien dat God en sy gebod 'n praktiese uitlewingsmoontlikheid het en nie net van die kansel af verkondig word nie. Gods Woord het ook 'n plek in die handel en nywerheid! Dit moet die onderwyser se doel wees om by die behandeling van hierdie werk baie seker te maak dat die leerling aan die einde daarvan sonder enige twyfel ook bewus sal wees van die Christelike aspekte van die werk.

Soos tot dusver in hierdie hoofstuk uiteengesit en meer duidelik in die woorde van Diepenhorst hierbo aangehaal, word die kosteskedule in die teoretiese ekonomie saamgestel uit vier dele nl.: (a) lone (b) kapitaalrente (c) grondrente en (d) ondernemerswins. Die ondernemer se wins behoort só te wees, dat dit genoeg is om hom in die betrokke bedryfstak

te hou, m.a.w., hy moet net so veel verdien as wat hy elders sou kon verdien. Die ondernemer kan natuurlik deur etlike faktore (soos die druk van aandeelhouers) verplig word om die winsgrens op te skuif bo die "normale" wins hierbo uiteengesit. (Venter, op.cit., p.4). Daar moet verder in gedagte gehou word dat die markvorm, d.w.s. of dit bv. 'n volledig mededingende, of onvolledig mededingende mark is waarin die ondernemer optree, 'n bepalende faktor kan wees vir prysvasstelling en dus winsneming.

Die neem van wins is vir 'n onderneming noodsaaklik, daarsonder kan die onderneming nie bly voortbestaan nie en van uitbreiding kan daar vanselfsprekend geen sprake wees nie.

Die Christen moet egter die neem van die wins nie net sien as 'n ekonomiese noodsaaklikheid nie. Daar kan etiese vrae hieroor gestel word waaroor die Christenonderwyser in die klas duidelikheid moet gee. As voorbeeld kan hier genoem word, dat lone nie só gesny moet word dat wins a.g.v. so 'n optrede abnormaal hoog moet word nie. Hier moet die ondernemer enkele Skrifgedeeltes in gedagte hou. In die eerste plek sê die Bybel, "...... die arbeider is sy loon werd" (Lukas 10:7) en dan moet die ondernemer verder daaraan dink, of hy nie met lae lone ook maak soos die onbarmhartige skuldeiser, wat sy mededienskneg aan die keel gegryp en gesê het: "Betaal my wat jy skuld" nie. (Mattheus 18:28). Afgesien van hierdie waarsku-

wings, is daar ook nog sosiale aspekte van lae lone wat oorweeg moet word, bv. die swak voeding, kleding, behuising, onderwys ens. van die onderbetaalde werker en sy gesin. (Venter, op.cit., p.10)

By die bepaling van die winsgrens is daar die volgende belangegroepe wat elkeen 'n invloed daarop kan uitoefen:

(a) die aandeelhouer wil 'n behoorlike inkomste uit sy kapitaalbelegging hê;

(b) die arbeider wil graag 'n goeie loon hê, daar moet bevorderingsgeleenthede en goeie diensvoorwaardes wees;

(c) die kliënt verwag 'n goeie produk teen 'n redelike prys;

(d) die onderneming het 'n bestaansrisiko, daar is die ekonomiese risiko van prysveranderings.

Die ondernemer moet nou die balans verkry. Venter sê: "Dit behoort tot die erkende taak van die ondernemersleiding om die ideale pryshoogte te bepaal ......" (Ibid, p.4)

Omdat dit vir die Christen bo alles om die eer van God moet gaan, moet dit by die neem van wins ook nie om die wins as hoofdoel gaan nie. Dit moet veeleer daarom gaan, dat dit vir die mens 'n middel is om sy roeping te vervul. Die mens is geroep tot medewerk-

saamheid met God. Die mens se eiebelang wat tot uiting kom in selfdiens, magswellus en vertoon, moet vir die Christen nie bestaan nie, want vir hom moet God die sentrale figuur wees en nie die mens nie. (Ibid, p.14). In die Woord van God word hierdie saak in Timotheus só gestel: "Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang - want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels, en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor." (1 Tim. 6:8-10). Hierdie saak kan die Christen in die klas nie laat verbygaan nie. Hy moet hier, soos in die geval van eiendom, altyd daarop wys, dat dit vir die mens te alle tye om die eer van God moet gaan en dat die mens deur wins te neem, nie vir homself skatte moet vergaar, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie. (Mattheus 6:19-20)

Die Christen moet onthou dat alles van God af kom, dat die mens niks kan bereik as dit nie vir die seën van God op sy handewerk is nie. Só kan daar geen wins wees, as God dit nie wil nie. Verder moet die mens erken en bely dat God oor alles die Opperheerser is. Die mens moet elke oomblik van sy lewe besef dat hy met God te doen het Wie se Naam hy moet verheerlik. Dit moet onderliggend die mens se motief by die neem van wins wees. Die mens moet nie slegs dink aan die regter wat alles sien nie, maar ook daaraan dat alles

tot eer van God moet geskied. (Diepenhorst, op.cit., p.334-335)

3.5.3 Wins en Risiko

Ondernemerswins bestaan vir Diepenhorst uit twee dele:

(a) Vergoeding vir die besielende rol wat die ondernemer in die produksieproses speel. "Hij leidt en organiseert, hij durft en trotseert gevaren." (Diepenhorst, 1935, p.613)

(b) Vergoeding vir die ondernemersrisiko. Risiko is 'n element wat sy verskyning maak sodra kapitaal ingespan word en hierdie risiko "claims its due reward." (Marriott, op.cit., p.149)

Die moderne winsteorie beskou die ondernemer se bydrae tot die produksieproses, as die dra van nie-versekertare risiko's en onsekerhede. In die handel kan onderskei word tussen twee soorte risiko's nl.:

(a) Fisieke risiko's wat o.a. verliese deur brand, diefstal, ongelukke en die afsterwe van persone insluit en

(b) ekonomiese risiko's, wat nie versekerbaar is nie. (Hefer, e.a., 1971, p.68)

Dit beteken dat die risiko van die fisieke soort versekerbaar is, en dat die ekonomiese risiko's dié

is waaroor nou besin moet word. Watter risiko's is die waarteen geen versekeringsmaatskappy bereid sal wees om 'n polis uit te reik nie? Stonier gee die volgende as aanduiding:

(a) "The decisions made by entrepreneurs, for example, whether it will pay to increase or decrease the output of a given article.

(b) The entrepreneur has to guess what his cost conditions will be, which is usually quite simple.

(c) He also has to guess what demand conditions will be, and this is often extremely difficult." (Stonier & Hagne, op.cit., p.319)

Hieruit volg dat dit bitter moeilik, indien nie onmoontlik is nie, om vas te stel wie wins gaan maak, en wie 'n verlies gaan ly. Verder is dit duidelik dat omstandighede dit onmoontlik maak vir die ondernemer om teen hierdie verliese te verseker.

Die ondernemer verdien 'n wins, omdat hy sy eie oordeel m.b.t. produksie inkorting of -uitbreiding, verhoogde of verlaagde pryse, moet vertrou. Die werklike funksie van die ondernemer is om die risiko's te neem waar die onbekende faktore "more intangible than danger of fire" (Idem) is. Die spesifieke funksie van die ondernemer is dus dat hy die risiko wat Stonier "price-output decisions" noem, moet neem.

3.5.4 "Wages of management"

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die ondernemer, wat sy vergoeding betref, nie oor dieselfde kam geskeer kan word as ander werknemers nie. Marriott sê bv. reguit dat materiële vergoeding bykans nie voldoende kan wees vir die buitengewone vermoë van die bekwame entrepreneur nie. (Marriott, op.cit., p.149). Vir die kapitale belegger, sowel as vir die arbeider is dit nodig om te soek na die beste beskikbare ondernemerstalent, omdat die sukses van die onderneming en die sekuriteit van die arbeider daarvan afhanklik is. Die momentum van sukses in 'n onderneming is in 'n groot mate afhanklik van 'n buitengewone goeie ondernemer. (Ibid, p.145)

Die wins van die onderneming, of dit nou klein of groot is, is afhanklik van die differensiële vermoë van die ondernemer. Die verbruiker en die arbeider het geen ekonomiese of etiese aanspraak op hierdie deel van die wins nie. (Ibid, p.146). Die ondernemer se vergoeding is dus nie net vergoeding vir sy arbeid nie, maar uit bostaande is dit baie duidelik dat dit meer gaan om sy vermoë tot organisasie, koördinasie, insig en bestuur, wat sy vergoedingspeil bepaal.

In 'n mate moet nou terugverwys word na die ondernemersrisiko (sien 3.5.3), want die ondernemer wil ook staatmaak op die vergoeding vir die risiko wat hy aanvaar. Hier staan 'n mens voor die onsekere element

wat aan die ondernemerswins 'n spekulatiewe karakter gee. In moeilike besigheidsjare is hierdie risikolas so swaar, dat daar nie aan 'n billike beloning van moeitevolle arbeid gedink kan word nie, terwyl in tye van hoogkonjunktuur die skatte "in den schoot vallen." (Diepenhorst, op.cit., p.614)

Daar bestaan nie so iets as 'n vaste of normale ondernemerswins nie. Geen ander aanspraak op inkomste het so 'n indiwiduele en spesiale karakter as die ondernemer nie. Algemene reëls en wette het geen vat op die ondernemerswins nie. Soos wat die onderneming en die ondernemer verskil, kry ons die verskillende skakerings van ondernemerswins.

Ten slotte moet nog op die invloed van die persoonlikheid en karakter van die ondernemer gewys word wat 'n besliste stempel op die onderneming afdruk. Dan moet ook nog op die verskil in organisatoriese talent en skeppingsgawe, ondernemingsgees en durf, energie en inisiatief gewys word. "Tot verassend uiteenlopende resultaten leidt de individualiteit van dezen uitvinder, ontdekker, veroveraar en organisator. Is het dan wonder dat in de ondernemers winst zich die individualiteit weerspiegelt." (Ibid, p.615). By die neem van risiko kom die vraag van risikoverskansing na vore waarna by versekering hieronder verwys word.

3.5.5 Versekering

By die bespreking van ondernemersvergoeding en wins en risiko, is gewys op die twee soorte risiko's in die handel. Daar moet nou gelet word op die etiese en morele oorwegings by die versekering teen die fisieke risiko's wat in die handel 'n rol speel en wat deur die ondernemer oorweeg moet word.

Die beginsel van versekering is dat verseker word teen iets wat gaan of kan gebeur, maar die tyd en datum van die gebeure is nie bekend nie; 'n persoon verseker bv. sy lewe: hy weet dat hy te sterwe gaan kom, maar omdat hy nie weet wanneer nie, neem hy 'n polis uit sodat sy afhanklikes nie finansiële probleme sal hê nie, omdat die mens se afsterwe nooit menslik gesproke vir hom en sy afhanklikes op 'n geleë tyd plaasvind nie, want is die tyd van sterwe ooit vir 'n mens geleë?

Versekering is nie in stryd met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie; inteendeel, dit pas baie goed daarin. Hiervoor gee Nederbracht drie redes aan:

(a) In die stelsel van versekering word:

(i) Erkenning gegee aan die orde en reëlmaat van God se doen en late,

(ii) Nie afbreek gedoen aan God se vrymag, hetsy in die algemeen of teenoor die

indiwidu nie.

(b) Versekering is in ooreenstemming met die plig van die mens om teen die kwaad te stry.

(c) Versekering berus op die grondgedagte wat God gelê het met die skepping van die mens, nl. dat die mensheid bestaan uit verskeie eenhede maar tog een eenheid is. Versekering word slegs uitgeneem om die mens en/of sy afhanklikes te beskerm teen kwade gebeurtenisse wat die gevolg van sonde is. (Nederbracht, 1921, p.326-327)

Versekering lewer een van die grootste etiese probleme op waarby net nie verbygegaan kan word nie. Vrae soos die volgende duik op: Tot watter mate moet risiko verskans word en moet daar nie ook vertoue op God wees nie. Wat van die gebed en gebedsverhoring? Wat van God se voorsienigheid? Tot watter mate moet die mens verseker, en tot watter mate glo aan God se beskikking?

Dit sou onmoontlik wees om op hierdie vrae uit die Skrif antwoorde te kry wat vir elke mens in sy spesifieke geval voldoende sal wees. Beginselriglyne kan egter in 'n sekere mate daargestel word, wat vir alle gevalle geldig is soos wat Nederbracht hierbo reeds gepoog het.

Dit moet daarop gewys word dat die mens nooit kan verseker teen die oordeel van God nie. Ook kan

geen polis uitgeneem word wat die mens kan verseker van die ewige lewe nie - hier kan slegs die genade van God, die liefde van Christus Jesus en die werkinge van die Heilige gees 'n rol speel in die redding van die mens!

God verwag van die mens om te werk en te beplan en dus ook te poog om te voorsien teen gebeure waar dit vir die mens onmoontlik is om vas te stel, presies wanneer dit sal plaasvind. Die versekering word dus uitgeneem teen moontlike (en werklike) gebeure op onvoorsiene tye. Die mens moet ook hier nie Gods water oor Gods akker laat loop en niks daaraan doen nie!

4. DIE HANDEL: DISTRIBUSIE

4.1 Calvyn en die handel

Met bespreking van rente (vgl. p.161 & 168) het dit duidelik na vore gekom wat die Middeleeuse siening van rente was. Die rente is gesien as uit die bose en is algeheel verbied. Diepenhorst sê dat die Middeleeuse siening van die rente "beslissend is voor het oordeel over den handel." (Diepenhorst, 1904, p.173). Die handel is dus net so sterk veroordeel as die rente. Selfs nog in die sewentiende eeu was die rentvrag "de allesbeslissende factor voor de beoordeling van den handel." (Ibid, p.174). Thomas Aquinas het ook die handel, uitgeoefen as 'n bedryf, d.w.s. die koop en verkoop van goedere, sonder veranderinge daaraan,

afgekeur. (Ibid, p.180)

Calvyn het egter, soos by die renteverbod, gebreek met die tradisie. Hy het nie die landbou oorskat ten koste van die handel nie. (Ibid, p.191). Daar is plekke in die Bybel waar die misbruike van die handel veroordeel word, maar Calvyn gebruik dit nie om die handel in die algemeen te veroordeel nie. (vgl. Hosea 12:8; Genesis 47:19-23; Jesaja 45:14 en Eségiël 7:12). By Calvyn word geen woord gevind wat heenwys op 'n ongunstige oordeel oor die handel as sodanig nie. Calvyn rig slegs sy stem teen die misbruike in die handel en verder gee hy deur sy geniale bestryding van die kanonieke dogma aan die handel, die plek terug waarop dit geregtig is. (Diepenhorst, op.cit., p.201). "De verheerliking Gods ook in het aardsch beroep, de erkenning van Zijne souvereiniteit in het menschelijk bedrijf is eeue gedachte, die door geen der Reformatoren zoo.zeer op den voorgrond gesteld is als juist door Calvijn. Door hem word aan het menschelijk beroep in het algemeen, en aan den handel in het bijzonder, die adeldom hergeven. Niet slechts de landbouw, maar ook de handel, ja zelfs het geringste bedrijf kreeg door zijne leer hoogere wijding, daar het "bij de gratie Gods" de machtspreuk werd die de uitoefening van alle menschelijk beroep sierde." (Ibid, p.208)

## 4.2 Prysvorming

Indien monopolistiese marktoestande uitgesluit word, kan gesê word dat die prys hoofsaaklik deur vraag en aanbod bepaal word. Die prys sluit dus die behoefte van beide die koper en verkoper in. Die aanbod het dus 'n neiging om te styg en die vraag om te daal by stygende pryse en omgekeerd. Daar is geweldig baie faktore wat hierdie neigings beïnvloed soos die beskikbaarheid en prys van produksiefaktore, vraagelastisiteit, voorkeurskale van die verbruiker, die firma (besigheid) se behoefte tot maksimum wins ens. ens. Die ewewigsprys word egter bepaal deur vraag en aanbod, waar beide partye dieselfde reg het. (Stonier & Hagne, op.cit., p.9-148 & Garver & Hansen, op.cit., p.81-184)

Venter sê nou dat met hierdie winsposisie by die ewewigsprys moeilik fout gevind kan word, omdat beide die vraer en aanbieder onder normale omstandighede ewe outonoom in hierdie prysvormingsproses hulle smake, invloede en voorbehoude kan laat geld. (Venter, op. cit., p.3)

## 4.3 Reklame: Christelike siening

Met die industriële omwenteling wat die beginpunt van groot tegnologiese vooruitgang was, het die mens die eeu van massaproduksie betree. Massaproduksie het weer meegebring dat die fabrikante en an-

der sake-ondernemings verplig was om massa-afset te soek. Die vroeëre persoonlike verhouding tussen sakeman en kliënt is vervang deur 'n onpersoonlike mark. Skerper mededinging het ook veroorsaak dat nuwe afsetmetodes ontwikkel moes word om die aandag van potensiële kopers op spesifieke produkte te vestig. Ander ontwikkelings op die distribusieproses en in distribusiekanale het verder veroorsaak dat die fabrikant self 'n mark vir sy produkte moes skep. Om hierdie redes het reklame die belangrike rol begin speel wat dit vandag in die bemarkings- en distribusieproses speel. Hierdeur skep die fabrikant die nuwe afsetgebiede vir sy produk. Sonder hierdie markskepping sou die fabrikant miskien groot verliese gely het. Reklame kan dus omskryf word "as 'n proses waardeur die vraag na 'n produk op 'n massawyse beïnvloed word." (Hefer, e.a., 1974, p.106)

Die etiese aspek van reklame kom ter sprake wanneer hierdie soeke na massa-afset daartoe lei, dat die mens op groot skaal goedere koop waarvan die waarde vir vele twyfelagtig is, omdat daar nie 'n wesenlike behoefte daaraan bestaan nie, dan moet hierdie advertensies seker sedelike afkeuring verdien. (Brillenburg-Wurth, 1951, p.206). Wanneer mense dus deur reklame oorreed word om 'n artikel te koop wat hulle glad nie nodig het nie, is dit vermorsing en as sodanig dus afkeurenswaardig. Wat nog groter sedelike afkeuring verdien, is die aankoop van onnodige arti-

kels terwyl lewensnoodsaaklikhede agterweë bly. Vir sover as wat reklame daarvoor verantwoordelik is, moet die verkeerde optrede dus voor die deur van reklame geplaas word. Hier is dit vir die onderwyser so maklik om praktiese voorbeelde van reklame te gebruik om te wys op die gevare waarna hier verwys word. Die praktyk is meer werd as die teorie!

## 5. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om in 'n mate aan te dui hoe Bedryfsekonomiese aspekte Skrifgefundeer gesien kan word en dus deur die onderwyser aangebied kan word.

Daar is nog baie ruimte vir aanvulling en uitbreiding, dog die grondgedagte was om te wys dat Bedryfsekonomie as vak 'n spesifieke siening van die Christen verwag as dit Skrifgefundeer in die klas aangebied moet word.

## 6. AANBEVELING

In die produksieproses moet dit allereers om die eer van God gaan. By elke produksiefaktor moet dit gesien word as deel van die geheel van God se skepping en die produksieproses as geheel, is weer deel van God se opdrag aan die mens om te werk en oor die skepping te heers.

Dit kan vir die onderwyser 'n heerlike ervaring wees om in die bedryfsekonomie in die klas die Woord

van God te gebruik as 'n tweede handboek. Dit behoort dan ook in die Christenonderwyser se klas só te wees dat die Bybel wat op sy tafel lê 'n naslaanwerk is wat die feite van sy vak aanvul en vir sy leerlinge ryker maak. Die kind sal maklik verdere Skrifverwysings soek en dit in die klas noem.

Watter voorreg sal dit vir die Christen wees as sy bedryfsekonomiehandboek minstens die Skrifbeginsels eksplisiet (gehoorsaam) beliggaam.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

### 1. SAMEVATTING

Dit kan aanvaar word dat die onderwyser bewus is van die taak wat hy het om die vakkennis van die vak wat hy doseer oor te dra aan die leerlinge. Ten spyte van die feit dat omstandighede sommige onderwysers verplig om vakke te doseer waarin hulle nie voldoende universiteitsopleiding gehad het nie, kan aanvaar word dat die onderwyser in meeste gevalle akademies goed genoeg onderlê is om sy vak aan te bied en die nodige kennis aan die leerlinge oor te dra.

Dat daar meer van die onderwyser verwag word as net die blote feite-oordrag van sy vak aan die leerlinge is egter baie duidelik. By die invoering van die vak Jeugweerbaarheid is dit baie duidelik gestel dat die morele en geestelike opvoeding van die leerlinge deel moet uitmaak van die onderwyser se dagtaak. (Vergelyk Dr. Kotzee se opmerkings waarna in Hoofstuk 1 verwys is). Daar is ook sonder enige twyfel duidelike standpunt hieroor ingeneem deur die Transvaalse Onderwysersvereniging, die Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, die vereniging vir Christelike Hoër Onderwys asook die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Uit hierdie instansies se opmerkings en optrede blyk dit duidelik (Hoofstuk 1) dat die onderwyser ook opvoeder moet wees en veral moet bydra tot die geesteswеerbaarmaking van die jeug.

Die Christenonderwyser kan nou nie net begin en sy vak Skrifgefundeer aanbied sonder dat daar vooraf sekere wetenskaplike studies gemaak is nie. Daarom is daar vir hom (sien Hoofstuk 2) 'n bepaalde mens- en wetenskapbeskouing daargestel sodat hy 'n positiewe beginpunt het waarop hy sy beplanning kan instel. Hierdie beginpunt dra ook daartoe by dat hy 'n wetenskaplik georiënteerde regverdiging vir sy optrede het.

Daar mag twyfel bestaan oor die wetenskaplike regverdiging van Skrifgefundeerde onderrig. Aan hierdie saak is ook aandag gegee en is 'n vergelykende studie gemaak van Kommunistiese, Rooms-Katolieke en Christelik-nasionale onderwysbeginsels in teenstelling met die neutrale standpunt. Genoemde drie stelsels verteenwoordig dogmatiese onderwysstelsels waar die lewens- en wêreldbeskouing van die ouer, die opvoeder en die kind (by die lg. twee stelsels), of dié van die staat (by eg. stelsel), die oorheersende rol speel. (Hoofstuk 2). Hierteenoor is die moontlikheid van neutrale wetenskapsbeoefening ondersoek en is tot die slotsom geraak dat die mens se lewens- en wêreldbeskouing sy wetenskapsbeoefening en ook sy onderwysstelsel moet kleur en dat ware neutraliteit nie kan bestaan in enige van dié twee genoemde sake nie. Daar is behalwe vir die algemene regverdiging vir dogmatiese studie (Hoofstuk 2) spesifieke aandag gegee aan die normatiewe teenoor die neutrale aard van die benadering van handelswetenskappe. Die Christen se siening van die aard van die norme in die handelswetenskappe

is behandel asook die waarde en betekenis van die mens se beeldverbondenheid met God vir die handelswetenskappe. Daar is ook kortliks aandag gegee aan die samehang van en wetmatigheid in die handelswetenskappe.

Nadat die aangeleentheid van dogmatiese teenoor neutrale onderwys ondersoek is, en enkele beginsels vir Christelike handelswetenskappe gegee is, is verdere aandag gegee aan die Skrifgefundeerde aanbieding van Ekonomie as basiswetenskap in die ry van handelswetenskappe asook Bedryfsekonomie as toegepaste handelswetenskap. In geeneen van die twee gevalle is daar gepoog om metodiese voorskrifte te gee nie. Daar is slegs aandag gegee aan Skrifgefundeerde beskouings oor die beginsels van die twee vakke en breë riglyne is daargestel vir die toepassing van dié beskouings om Skrifgefundeerde onderwys moontlik te maak. Aan die Ekonomiese beginsels en wetenskaplike feite van die vakke is beperkte aandag gegee omdat dit aanvaar is dat dié kennis bekend is en verder hoort dit tuis in handboeke oor dié vakke. Slegs voorbeelde oor die inhoudelike is geneem om aan te toon hoe die Christenonderwyser die vakke moet benader om Skrifgefundeerde onderrig te kan gee.

Daar sal ongetwyfeld nog baie probleme in die pad van die onderwyser wees voordat Skrifgefundeerde onderrig van Ekonomie en Bedryfsekonomie 'n praktiese werklikheid kan wees. Dit sal egter nou in 'n mate makliker wees om dié probleme te oorkom omdat die basiese pro-

bleme soos die regverdiging van Skrifgefundeerde onderwys in 'n mate opgelos is en daar kan nou verdere aandag gegee word aan die oorkoming van die praktiese probleme soos sillabusse, handboeke ens.

## 2. BEVINDINGS

In 'n wetenskaplike ondersoek na enige saak is daar sekere feite en beginsels wat uitstaan en in belangrikheid toeneem soos wat die bestudering van die probleem vorder. Ook in hierdie ondersoek het enkele beginsels na vore getree wat as die belangrikste aangewys kan word.

### 2.1 Behoefte

By die Christen is daar 'n besliste behoefte dat sy kind Skrifgefundeerde onderrig moet ontvang. Daar is sekere organisasies wat as die spreekbuise vir die Christenouer en -onderwyser moet dien en deur hulle is hierdie behoefte al jare gelede uitgespreek. Die F.A.K. (Hoofstuk 2) het al dikwels sy stem verhef en die genoemde behoefte uitgespreek. Die Transvaalse Onderwysdepartement het bewys dat die behoefte bestaan met die invoering van die vak Jeugweerbaarheid. Die Transvaalse Onderwysersvereniging is al vir baie jare ten gunste daarvan en dieselfde kan ook gesê word van C.O.V.S.A, die I.B.C. asook die vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. Al hierdie organisasies se lede is Christenouers en Christenopvoeders (Professore, lektore, dosente en onderwysers) en hulle spreek dui-

delik die behoefte van ouers uit wat hulle finansieël steun in hulle pogings om Skrifgefundeerde onderwys vir die kinders van Christenouers.

2.2 Noodsaaklikheid

Dat die genoemde behoefte in die laaste jare in 'n dringende noodsaaklikheid ontwikkel het, lei geen twyfel nie. By die invoering van die vak Jeugweerbaarheid het die voormalige direkteur van onderwys in Transvaal, Dr. A.L. Kotzee, dit baie duidelik onderstreep. Hy het gewys op die gevare wat die jeug van vandag op morele en geestelike vlak bedreig en baie pertinent gevra dat die genoemde vak moet bydra om die kind geesteswcerbaar te maak teen hierdie gevare. (Hoofstuk 1)

Vir die Christenouer beteken dit dat sy kind Skrifgefundeerde onderrig moet ontvang.

Die dringende noodsaaklikheid vir die invoering van Skrifgefundeerde onderrig is onderstreep deur die konferensies van die instansies hierbo genoem. Dié organisasies het reeds gesamentlike byeenkomste gehou en daar word nou daadwerklik gepoog om die praktiese uitvoerbaarheid en implementering van Skrifgefundeerde onderrig ten uitvoere te bring.

2.3 Regverdiging

Daar bestaan geen wetenskaplik gegronde beswaar teen Skrifgefundeerde onderrig aan die kinders van ouers met 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbe-

skouing nie. Die beredenering dat neutraliteit 'n praktiese onmoontlikheid is, (Hoofstuk 2) het hierdie saak nog sterker onderstreep. Die Kommunis onderrig sy leerlinge in die lewens- en wêreldbeskouing van die kommunis, hy maak dit deel van die sillabus en die handboek. Die Rooms Katolieke skole vervleg hulle godsdienstige beginsels en praktyke met die aanbieding van hulle skoolvakke. Albei hierdie onderwysstelsels kom openlik uit met hierdie saak. Die Christenouer het in dieselfde mate die reg om te vra dat sy kind se onderwys moet ooreenstem met sy lewens- en wêreldbeskouing. Dit is wat Skrifgefundeerde onderrig in gedagte het en as dit is wat die ouer verlang, dan is hierdie versoek van die ouer alleen al 'n voldoende regverdiging daarvoor. Bostaande beredenering is dan net 'n versterking daarvan.

2.4 Moontlikheid

Die vraag het na aanleiding van bostaande ontstaan of Skrifgefundeerde onderrig wetenskaplik moontlik is. Uit die beredeneringe oor die Skrifgefundeerde onderrig van Ekonomie (Hoofstuk 4) en Bedryfsekonomie (Hoofstuk 5) is aangetoon dat dit wel moontlik is. Daar is aan die hand van die basiese beginsels en vakinhoud van beide hierdie vakke Skrifgefundeerde beginsels nagegaan asook hoe dit in die onderwys van toepassing gemaak kan word. Vir die Christenonderwysers wat deurknee is van die Skrifbeginsels is die toepassing van Skrifgefundeerde onderrig 'n besliste

moontlikheid. Al wat nodig is om dit prakties uitvoerbaar te maak is verdere wetenskaplike ondersoeke soos hieronder aangetoon.

## 3. AANBEVELINGS

Uit voorgaande is dit duidelik dat daar 'n behoefte is aan Skrifgefundeerde onderrig, ook dat dit noodsaaklik is, wetenskaplik regverdigbaar en 'n praktiese moontlikheid is. Die saak kan nou nie daargelaat word nie en soos hierbo genoem is, is verdere studie noodsaaklik om dit te implementeer. Daar kan veral drie navorsingsterreine genoem word asook enkele ander sake waaraan aandag gegee sal kan word. (verwys 3.1 tot 3.3 hieronder). Die dringende noodsaaklikheid wat genoem is maak ook van die verdere ondersoeke 'n dringende noodsaaklikheid en daar moet aanbeveel word dat die genoemde organisasies alles in hulle vermoë moet doen om daarvan 'n spoedeisende saak te maak. Onmiddellike aandag sal seker maak dat 'n belangrike saak soos Skrifgefundeerde onderrig binne afsienbare tyd prakties in die skole sal plaasvind.

### 3.1 Die Senior Onderwyser

Die senior onderwyser (voorheen senior assistent) is die persoon wat van Skrifgefundeerde onderrig 'n praktiese moontlikheid kan maak. Dié onderwyser reël en beheer alle sake met betrekking tot die vakke waaroor hy praktiese toesig moet uitoefen. Daar moet

dus 'n ondersoek wees met betrekking tot sy magte en pligte soos gesien en uitgengesit deur die onderwysowerhede (Onderwysdepartement en Vakinspekteurs en Hoofde van skole). Met hierdie as agtergrond kan daar 'n wetenskaplik georiënteerde metodiek saamgestel word waarin Skrifgefundeerde onderrig beliggaam kan word. Saam met die ondergenoemde twee sake sal meeste van die voorbereidende werk afgehandel wees vir die praktiese implementering van Skrifgefundeerde onderrig.

3.2 Sillabusse

In die sillabus vir Ekonomie wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitgereik is, word gesê dat dié vak op 'n Christelike grondslag aangebied moet word. Net so min as wat Skriflesing en gebed by die opening 'n skool Christelik maak, net so min veroorsaak só 'n opmerking die Skrifgefundeerde onderrig van 'n vak. Die sillabusse wat deur die Onderwysdepartemente uitgegee word, behoort deeglik ondersoek te word om te sien in watter mate hulle reeds Skrifgefundeerde beginsels bevat. Hierna kan daar vasgestel word watter veranderinge nodig is om Skrifgefundeerdheid 'n kenmerk daarvan te maak. Deel van die funksie van die senior onderwyser hierbo genoem, is die opstel van 'n werkskema vir die ander onderwysers. Die werkskema en sillabus gaan hand aan hand: as een Skrifgefundeer is, sal dit soveel makliker wees om dieselfde beginsels op die ander oor te dra.

3.3 Handboeke

Alhoewel Skrifgefundeerde sillabusse en werkskemas reeds baie sal beteken, is dit nog nie die finale oplossing nie. Die derde hoek van die driehoek vir die onderwyser is die handboek. Die handboeke in Ekonomie en Bedryfsekonomie wat tans in gebruik is, sal ontleed moet word om eerstens vas te stel in watter mate, indien wel, dit Skrifgefundeerde beginsels bevat. Daarna kan voorstelle gemaak word vir 'n Skrifgefundeerde handboek. Dit moet duidelik gestel word dat so 'n handboek nie Skrifaanhalings of Skrifverwysings hoef te bevat as aanduiding dat dit dan Skrifgefundeerd sou wees nie. Die skrywers sal só deurkneed moet wees van Skrifbeginsels dat dit 'n kenmerk sal wees van hulle boek.

3.4 Ander aanbevelings

Skrifgefundeerde onderrig sal op skool nie maklik prakties uitvoerbaar wees as die onderwyser nie in sy opleiding reeds daarmee kennis gemaak het nie. Dit impliseer geweldig baie, want 'n leerkrag wat dwarsdeur sy opleiding só 'n onderrig ondergaan, sal dit makliker in sy klas toepas.

Skrifgefundeerde onderrig behels só baie dat alle betrokke persone en instansies en onderwysowerhede gedurig op die hoogte gehou moet word van die ondersoeke, resultate en vordering wat gemaak word.

Die bestaande Christelike onderwyskorps moet geïnspireer en gemotiveer word om te verlang na Skrif-gefundeerde onderrig. Hulle moet saamwerk en help om die praktiese implementering te verhaas en ingestel te kry.

In die laaste plek moet daarop gewys word dat alhoewel hierdie studie oor slegs twee vakke gegaan het, geld hierdie aanbevelings vir alle vakke wat op sekondêre skoolvlak aangebied word.

# SUMMARY, FINDINGS AND RECOMMENDATIONS

## 1. SUMMARY

It can be accepted that the teacher is conscious of the task hy has namely to carry forward to the pupils the vocational knowledge of the subject he teaches. In spite of the fact that some teachers are forced by circumstances to teach subjects in which they have not been adequately trained at the university, it can be accepted that a teacher is mostly academically sufficiently equipped to teach his subject and to carry the necessary knowledge forward to the pupils.

It is however obvious that a teacher is expected to teach more than the mere facts of his subject. When Youth Preparedness was imported as a subject, it was set clearly that moral and spiritual education of the pupils should be part of the teacher's daily task. (Compare the remarks of Dr. Kotzee as mentioned in Chapter 1). Definite view in connection with this has been taken by the Transvaal Teacher's Association, the Christian Educational Association of South Africa, the Association for Higher Christian Education as well as the Institute for the promotion of Calvinism. From the remarks and actions of these organisations it is clear (Charpter 1) that the teacher should also be educater and that he should especially contribute to the mental or spiritual education of the youth.

The Christian teacher can't just start to teach his subject, founded on the Bible, without having completed certain scientific studies beforehand. Therefore a definite human- and scientific consideration is set to him (See Chapter 2) that he could have a positive starting point on which he can establish his scheming. This starting point adds to a scientifically orientated justification for his actions.

There might be uncertainty about the scientific justification of education founded on the Bible. Attention has been given to this matter and a comparative study has been made of Communist, Roman Catholic and Christian National educational principles contrary to the neutral outlook. The three systems mentioned represent dogmatic systems of education where the outlook on life and on the world by the parent, the educator and the child (in the latter two systems) or the consideration of the government (in the former system) plays a dominating part. (Chapter 2). Contrary to this, the possibility of neutral science practice has been investigated and it has been concluded that a person's outlook on life and on the world must influence his practice of science as well as his system of education and that real neutrality cannot exist in any of the two cases mentioned here.

Save for the general justification for dogmatic study (Chapter 2), special attention has been given to

the normative contrary to the neutral way of approach of the commercial science. The Christian's view of the nature of standards in the commercial science as well as the value and significance of the human being's connection with God for the commercial science has been dealt with. Brief attention has been given to the connection of and justification in the commercial science.

After the matter of dogmatic education contrary to neutral education had been investigated, and after some principles had been given for the Christian science of commerce, further attention was given to the presentation of Economy as a basical science in the row of the commercial sciences as well as Industrial Economy as an applied science of commerce. This presentation was to be based on the Bible. In neither of the twe cases it was attempted to give methodical regulations. Attention was only given to views, based on the Bible, concerning the principles of the two subjects and broad aims were set about for the application of these considerations namely to realise education based on the Bible. Limited attention was given to the economic principles and the scientific facts of the subjects because it was accepted that this knowledge was known and further it was to be in the text books on these subjects. Examples were only taken from the contents to show how the Christian teacher should approach these subjects in order to teach ac-

cording to the Bible.

There will definitely still be many problems for the teacher before education based on the Bible can become a practical reality in the teaching of Economy and Industrial Economy. To a certain extent it will now be easier to surmount these difficulties because the basic problems such as the justification of education based on the Bible have been solved to an extent and further attention can now be given to the practical problems of syllabis, text books etc.

## 2. FINDINGS

In a scientific research into any matter there are certain facts and principles which are standing out and which are increasing in importance as the study of the problem progresses. In this investigation also some principles have been found as being the most important.

### 2.1 Need

A Christian has a definite need for his child to receive education based on the Bible. There are certain organisations erving as speakers for the Christian parent and Christian teacher and this need has already been expressed by them years ago. The "F.A.K." (Chapter 2) has already expressed this need. The Transvaal Education Department proved the existence of this need by adding a new subject namely Youth Preparedness.

The Transvaalse Onderwysersvereniging has been favouring this for years already and the same may be said of the "C.O.V.S.A.", the "I.B.C." as well as the association of Christian Higher Education. The members of all these associations are Christian parents and Christion teachers (Professors, lecturers and teachers) and they clearly express the need of parents who would give financial support to education based on the Bible for children of Christian parents.

2.2 Necessity

It is certain that the need which has been mentioned, has developed into an urgent necessity during the recent years. By bringing in the subject Youth Preparedness, the former director of education in Transvaal, Dr. A.L. Kotzee, clearly underlined this. He mentioned the danger that threatens the youth of today in moral and spiritual matters and asked pertinently that this subject should contribute to make the child spiritually able to surmount these dangers (Chapter 1).

For the Christian parent this means that his child should receive education based on the Bible.

The urgent necessity to bring in education based on the Bible was underlined by the conferences of the formerly mentioned associations. These organisations have already had meetings together and they have truly tried to make education based on the Bible a

practical reality.

## 2.3 Justification

There is no scientific objection against education based on the Bible for children of parents who have a Christian national view of life and of the world. The argcument that neutrality is a practical impossibility (Chapter 2) has further underlined this matter. The Communist educates his pupils according to the views of world and life of the communist - he makes it part of the syllabus and of the text book. The Roman Catholic schools add their religious principles and practices to the teaching of their school subjects. Both these educational systems openly stress this matter. The Christian parent thus also has a right that the education of his child should agree with his views of world and life. This is what education based on the Bible was in mind and if this is what the parent wishes for, then the parent's request as such gives ample justification for this. The former argument then just serves as a support to this.

## 2.4 Possibility

Referring to the formerly mentioned facts, the question arose whether education based on the Bible is scientifically possible. The arguments about the teaching of Economy, as based on the Bible (Chapter 4) and also of Industrial Economy (Chapter 5) have shown that this is possible. It has been done according to the

basic principles of the contents of both these subjects as well as how it can be put into practice in the teaching of the subjects. This practical application of education based on the Bible is definitely possible for a Christian teacher who is known with the principles of the Bible. All that are necessary to make this a practical possibility, are further scientific investigations as it is explained further on.

## 3. RECOMMENDATIONS

The former mentioned facts prove clearly that there is a need of education based on the Bible, that it is actually a necessity, that it is scientifically justifiable and that is is practically possible. The matter can therefore not be left there and as formerly mentioned, further study is necessary to implement it. Three spheres of research can be mentioned as well as some other matters to which attention shoul be given. (Ref. 3.1 - 3.3 further on). The serious necessity which has been mentioned, makes further investigation very necessary and it must be recommended that the organisations which have been mentioned should do their utmost to speed this matter. Immediate attention will ensure that an important matter such as education based on the Bible will soon be practised in schools.

### 3.1 The Senior Teacher

The senior teacher (previously senior assistant) is the person who can really make education based on

the Bible a practical possibility. This teacher organises and controls all matters concerning the subjects over which he has to take practical supervision. Therefore there should be an investigation as to his rights and duties as seen and explained by teaching authorities (Department of education, subject inspectors and principals of schools). With this background a scientifically orientated method cam be compiled in which education based on the Bible can be incorporated. Together with the two matters which are to be mentioned next, most of the preparatory work for the practical incorporation of education based on the Bible, will be completed.

3.2 Syllabi

In the syllabus for Economy which has been issued by the Transvaal Education Department, it is said that this subject should be presented on a Christian basis. Just as little as Scripture reading and praying at the opening of a school will make it Christian, just as little will such a remark cause a subject to be based upon the Bible. The syllabi, issued by the different Departments of Education should be thoroughly investigated to see to which extent they already contain principles based upon the Bible. Hereafter it can be determined which changes are necessary to make the Bible the basis of these syllabi. It is part of the task of the senior teacher to compile a scheme of

work for the other teachers. The scheme of work goes together with the syllabus: when one of them is besed on the Bible, it will be so much the easior to transfer the same principles over to the others.

## 3.3 Text Books

Although syllabi and schemes of work based on the Bible will mean a lot, they will not bring a final solution. The third corner of the triangle for the teacher is the text book. The text books for Economy and Industrial Economy which are presently used, will have to be analysed, primarily to determine to which extent, it contains any principles based on the Bible. Hereafter suggestions can be made for a text book based upon the Bible. It must be clearly expressed that such a text book need not necessarily contain quotations from the Bible or references to the Bible to show that it is based on the Bible. The authors will have to be so well read in the principles of the Bible that it will be a characteristic of their book.

## 3.4 Other Suggestions

Education based upon the Bible will not easily be practicable unless the teacher has already got acquainted with it during his training. This implies a lot, because a teacher who has received such teaching throughout his training will apply it in his

own class with much more ease.

Teaching based upon the Bible implies so much that all people, organisations and teaching authorities concerned should be continually well informed of the investigations, results and progress which are being made.

The consisting Christian teaching corps should be inspired and motivated to wish for education based upon the Bible. They should co-operate and help to speed up and establish the practical application.

Finally it should be stressed that although this study has been done with only two subjects, these recommendations go for all subjects which are presented in the secondary school.

# BRONNELYS

ABLIN, F.(red) (1963) Education in the U.S.S.R. Volume I, White Plains New York. International arts and science press, 1963.

BENHAM, F. (1955) Economics. A general introduction, Londen, Sir Isaac Pitman and sons Ltd., 1955.

BENNETT, J.C. e.a. (1954) Christian values and economic life. New York, Harper & Brothers, 1954.

BENSON, I. (1963/64) Die vraagstuk van 'n gebonde pers. Johannesburg, S.A.U.K., 1964.

BENTON, W. (1966) The teachers and the taught in the U.S.S.R. New York, Atheneum, 1966.

BRILLENBURG-WURTH, G. (1951) Het Christelijk leven in de maatschappij. Kampen, J.H. Kok, N.V., 1951.

BROWNE, C.W.G. (1967) Die fiskale politiek. (In: Lombard, J.A.(red). Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967).

BRUNNER, E. (1946) Justice and the social order. Londen, Lutterworth press, 1946.

BUYS, P.W. (s.j.) Etiek. Ongepubliseerde werk.

BYBEL, die (1964) Kaapstad, Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1964.

COETZEE, J.C. (1940) Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, Stellenbosch, Pro eclesia drukkery, 1940.

COETZEE, J.C. (1954) Die opvoedkunde. (Grondslae, grondbegrippe en grondmetode). Bylae tot Koers, Februarie 1954.

COETZEE, J.C. (1930) Vraagstukke van die opvoedkundige politiek. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1930.

COETZEE, J.C. & BINGLE, H.J.J. (redakteure) (1947) Beginsels en metodes van die middelbare onderwys. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1947.

COETZEE, J.C. & VAN ROOY, D.J. (redakteure) (1949) Beginsels en metodes van die hoër onderwys. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1949.

CUNNINGHAM, W.F. (1949) The pivotal problems of education. New York, The Macmillan Co., 1949.

DE KLERK, W.J. (1972) Roeping en werklikheid. Potchefstroom. Potchefstroom, Herald, 1972.

DE LANGE, P.W. (1939) Die verontpersoonliking van die mens in die twintigste eeu. (In Koers in die krisis. Deel II. Stellenbosch, Pro eclesia drukkery, 1939).

DE VILLIERS, D.W. e.a. (1974) Leer dankbaarheid ken uit die Woord. Bloemfontein, N.G. Sendingpers, 1974.

DEVOLDER, N. (1946) Arbeid en economische orde. Amsterdam, Amsterdam Uitgevers, Mij N.V., 1946.

DIEPENHORST, P.A. (1904) Calvijn en de economie. Wageningen, Naamloze vennootschap drukkerij, "VADA", 1904.

DIEPENHORST, P.A. (1935) Leerboek van de economie. Deel II. Zutphen, N.V. G.J.A. Ruys' uitgevers, Mij, 1935.

DILLARD, D. (1954) The economics of John Maynard Keynes. Londen, Crosby, Lockwood & Son Ltd., 1954.

DUMINY, P.A. (s.j.) Die begaafde kind. 'n S.A.U.K. publikasie.

EKSTEEN, F.R.L.N. e.a. (s.j.) Besigheidsmetodes standerd sewe. Kaapstad, Nasou Bpk., (geen datum).

EVENNETT, H.O. (1944) The catholic schools of England and Wales. Cambridge, Cambridge University Press, 1944.

FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGS (1948) Christelik-nasionale onderwysbeleid. Johannesburg, Instituut vir Christelik-nasionale onderwys, 1948.

GARNER, F.B. & HANSEN, A.H. (1937) Principles of economics. Boston, Ginn and company, 1937.

GEYSER, D.J. (1967) Die arbeidspolitiek. (In Lombard, J.A. (red). Die ekonomiese politiek van Suid Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967).

GRACE, F. (1953) The concept of property in moedern Christian thought. Urbana, The University of Illinois Press, 1953.

GRANT, N. (1970) Soviet Education. Harmondsworth. Engeland, Penquin Books Ltd., 1970.

GREYLING, E. (1941) Christelike en nasionale onderwys, deel I. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941.

GUNTER, C.F.G. (1968) Aspekte van die teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers & Boekhandelaars, 1968.

GUNTER, C.F.G. (1961) Opvoedingsfilosofieë. Stellenbosch, Universiteits-uitgewers & Boekhandelaars, 1961.

HALM, G.N. (1955) Economic systems. New York, Rinehard & Co. Inc., 1955.

HANEKOM, J. (1973) Christen wees vandag. Bybelkor van die Hugenote-Kollege, N.G. Kerk-uitgewers en -Boekhandel, 1973.

HANEKOM, J. (1972) Omdat julle die uur nie weet nie. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1972.

HARKNESS, Georgia (1957) Christian Ethics. New York, Abingdon Press, 1957.

HEFER, W.J. e.a. (1974) Die grondslag van Bedryfsekonomie St. 9. Johannesburg, Perskor Uitgewery, 1974.

HEFER, W.J. e.a. (1971) Die grondslag van handel senior. Johannesburg, Perskor uitgewery, 1971.

HEGGER, H.J. (s.j.) Moeder ek klaag u aan. Potchefstroom, Pro Rege Pers Beperk, (geen datum).

HEYNS, J.A. (1970) Die nuwe mens onderweg. Kaapstad, Tafelberg uitgewers, 1970.

HOBSON, J.A. (1931) God and Mammon. Londen, Watts & Co., 1931.

KEET, B.B. (1945) Sedelike vraagstukke. Kaapstad, Die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, 1945.

KNIGHT, F.H. & MERRIAM, T.W. (1947) The economic order and religion. Londen, Kegan Paul, Trench, Trubner & Co. Ltd., 1947.

KOTZE, T.J. (1935) Die Christen student en sy probleme. (<u>In</u> Koers in die Krisis. Deel I. Stellenbosch, Pro Eclesia Drukkery, 1935.

KOTZENBERG, H.R.P.A. (1967) Die handelspolitiek, (<u>In</u> Lombard, J.A.(red). Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika, Kaapstad, H.A.U.M., 1967.

KRISTELIKE UNIE, Die, (1926) Die Skrif en die natuurwetenskap. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1926.

KUYPER, A. (1916) Antirevolusionaire staatkunde. Kampen, J.H. Kok, 1916.

KWANT, R.C. (1964) Filosofie van de arbeid. Antwerpen, De Nederlandsche Boekhandel, 1964.

LANDMAN, W.A. & KILIAN, C.J.G. (1972) Leesboek vir die opvoedkunde student en onderwyser. Kaapstad, Juta & Kie Bpk., 1972.

MALAN, J.H. (1974) Christelike wetenskap - wat sê die Skrif. Roeping en Riglyne. Jaargang 22, Nr. 2, Junie 1974.

MARRIOTT, J.A.R. (1923) Economics and ethics. Londen, Methuen & Co. Ltd., 1923.

MONDSTUK (1973) Redaksionele artikel: Die Milnerspook: Indoktrinasie en Imperialisme. Jaargang 1, Nr. 8, Februarie 1973.

MÜLLER, J.J. (s.j.) In U Lig. Deel I en Deel II. Bloemfontein, Sacum Bpk., (geen datum).

MUNBY, D.L. (1956) Christianity and economic problems. Londen, Mac Millen & Co. Ltd., 1956.

NEDERBRACHT, J.A. (1939) Calvinisme en economie. Groningen, J. Niemeyer, 1939.

NEDERBRACHT, J.A. (1921) Proeve eener theorie der economie naar Christelijke belijdenis. 'S-Gravenage, Drukkerij Voortvaren, 1921.

NEL, B.F. (s.j.) Die opvoeding en onderwys, (In Die uitdaging van ons tyd. 'n S.A.U.K. uitgawe. Geen datum).

NEWMAN, P.C. (1952) The development of economic thought. New York, Prentice Hall, Inc., 1952.

NORTHCOTT, C.H. (1958) Christian principles in industry. Londen, Sir Isaac Pitman & Sons Ltd., 1958.

PIENAAR, G.J. (1969) Propaganda, indoktrinasie en sensuur. (In Die Atoomeeu - In U Lig. Potchefstroom, I.B.C. P.U. vir C.H.O., 1969).

PISTORIUS, P. (1969) Gister en vandag in die opvoeding. Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1969.

PISTORIUS, P. (1970) Kaart en kompas van die opvoeding. Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1970.

POSTMA, F. (1935) Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika. (In Koers in die Krisis. Deel I. Stellenbosch, Pro Eclesia Drukkery, 1935).

PRETORIUS, W.G. (1968) Die Kommunisme: Fabel en feit. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1968.

RIDDER, J. (1948) Wijsbegeerte en economisch Leven. (In Spier H.J. & Spier, J.M. (redakteure). Wijsbegeerte en lewenspraktyk. Kampen, J.H. Kok, N.V., 1948).

RISSIK, G. (1967) Die monetêre politiek. (In Lombard, J.A. (red). Die ekonomiese politiek van Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1967).

ROEPER, H. (1960) Wij en de automatisering. Utrecht, Het Spectrum, N.V., 1960.

ROSSIANIN, I. (1957) Teachers' colleges in the Soviet Union. (In Kline, G.L. (red). Soviet Education. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1957).

RYAN, J.J. (1945) The idea of a Catholic college. New York, Sheed & Ward, 1945.

SAMUELSON, P.A. (1951) Economics. New York, Mc Graw-Hill Publishing Co. Ltd., 1951.

SCHUYLER, S. (1972) Sinister byproducts of unionism. (In Redekop, J.H. (red). Labor problems in Christian perspective. Grand Rapids, Michigan, William B. Eerdmans Publishing Co., 1972).

SHIMONIAK, W. (1970) Communist education. Its history philosophy and politics. New York, Rand McNally, 1970.

SLEEMAN, J.F. (1953) Basic economic problems. Londen, S.C.M. Press Ltd., 1953.

SORROCHENKO, Nina, (1957) Pre school education in the U.S.S.R. (In: Kline, G.L. (red). Soviet education. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1957).

STEENKAMP, P.A.J.M. (1952) De gedachte der bedrijfsorganisatie in Protestants Christelike kring. Kampen, J.H. Kok, N.V., 1952.

STEENKAMP, W. & HAMILTON, J. (1972) Dissipline tuis. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1972.

STOKER, H.G. (1939) Beginsels van 'n Christelike wetenskapsleer. (In: Koers in die Krisis, Deel II, Stellenbosch, Pro Eclesia Drukkery, 1939).

STOKER, H.G. (1932/33) Die nuwere wysbegeerte, Oordruk uit Die Wagtoring, 1932/33.

STOKER, H.G. (1929) Kristendom en wetenskap. Pretoria, J.L. van Schaik Bpk., 1929.

STOKER, H.G. (1970) Oorsprong en rigting. Band II. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1970.

STONIER, A.W. & HAGUE, D.C. (1953) A textbook of economic theory. Londen, Longmans Green & Co., 1953.

TAWNEY, R.H. (1926) Religion and the rise of capitalism. New York, Harcourt Brace & Co., 1926.

THOMAS, G. (1955) Christian ethics and moral philosophy. New York, Scribner, 1955.

THOMAS, W.I. (1969) Education for communism. Stanford, California, Hoover Institute Press, 1969.

T.O.D. (s.j.) Omsendbrief oor: Vorming en vormende waarde van Rekeningkunde, Geen datum.

T.O.D. (1972) Omsendminuut Nr. 6 van 1972. Jeugweerbaarheid: Toespraak van direkteur van onderwys.

VAN BIEMEN, A. (1950) De zedelike waardering van de arbeid in het industrialisme. Assen, van Gorkum & Comp. N.V., 1950.

VAN DER SCHIJF, W.G. (1972) Die onderwyser en wet Nr. 73 1969. Onderwysblad LXX1X, 838, Januarie 1972.

VAN DEURSEN, A. (1951) Het Christelijk beginsel in het onderwysim de Gereformeerde schoolverband. Zeist, Dijkstras Uitgeverij, 1951.

VAN DEVENTER, B. (1952) Wins en Prysteorie. Amsterdam, C.V. Zwets en Zeillinger, 1952.

VANDEZANDE, G. (1972) Of strikes and strife. A critique of the status quo. (In: Redekop, J.H. (red). Labor problems in Christian perspective. Grand Rapids. Michigan, William B. Eerdmans Publishing Co. 1972.

VAN DOORN, A. (1971) Paradijs en economie. Haarlem, De Erven, F. Bohn, N.V. 1971.

VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. (1970) Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein, Die Nasionale Boekhandel, 1970.

VAN MUNSTER, H.Th. (s.j.) Kyk, Hy kom met die wolke! Pretoria, Die N.G. Kerk-uitgewers van Suid-Afrika,(geen datum).

VAN ROOYEN, A.J. & EKSTEEN, F.R.L.N. (s.j.) Senior Handel. Kaapstad, Nasou, Bpk., (geen datum).

VAN WYK, J.H. (1972) Enkele inleidende opmerkings in verband met Christelike wetenskap met die oog op die beoefening van die Christelike opvoedkunde. Potchefstroomse universiteit vir C.H.O., 1972.

VILJOEN, F.P. & VAN ROOYEN, A.J. (s.j.) Junior Handel. Kaapstad, Nasou Bpk., (geen datum).

VENTER, W.J. (1970) Ekonomisme. Bulletin van die Suid-Afrikaanse vereniging vir die bevordering van die Christelike wetenskap. Augustus 1970, Nr. 24.

VENTER, W.J. (1966) Die mens in meganisasie en outomatisasie. I.B.C. Studiestuk Nr. 11. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1966.

VENTER, W.J. (s.j.) Afgerolde notas oor: Ontwikkeling van ekonomiese denke.

VENTER, W.J. (1974) Enkele praktiese en etiese beskouings by ekonomiese dryfvere. I.B.C. Studiestuk Nr. 79. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Maart 1974.

WATERINK, J. (s.j.) On the scholarly habitus. (Geen plek, uitgewer, of datum).